HOOFSTUK 7

SOSIALE EN KULTURELE LEWE

Die sosiale en kulturele lewenswyse van die inwoners van Krugersdorp is in 'n groot mate beïnvloed deur die faktore wat tot die grondlegging van die dorp gelei het. Die ontdekking van goud aan die Witwatersrand het duisende mense vanuit elke uithoek van die wêreld op die delwerye saamgetrek en aan Krugersdorp 'n multi-kulturele karakter verleen. Die snelle mynbou-ontwikkeling daarna, wat grootliks deur immigrante (uitlanders) vanuit Brittanje beheer is, het daartoe bygedra dat die kulturele inslag van die dorp sterk kosmopolities en "uitheems" van aard was.

Kultuur kan nie maklik in 'n enkele definisie omskryf word nie. Breedt sien kultuur as die vorm waarin die mens sin en betekenis aan die lewe gee en uitdrukking verleen aan dit wat die mense ontroer.[1] Vir Senekal is kultuur 'n volkserfenis en die som van geestelike en stoflike waardes van 'n bepaalde kultuur- of volksgemeenskap.[2] Kultuur sluit alles in wat die mens aan sowel geestesgoedere as stoflike besit verwerf. Kultuur is die gemeenskaplike besit van 'n bepaalde volksgemeenskap en dit word van geslag na geslag oorgedra as tradisie. Elke mens voeg iets van by in die kultuur van die gemeenskap en dra so by tot kultuurverandering. Die kultuurverandering wat plaasvind as gevolg van die kontak tussen verskillende volksgemeenskappe word akkulturasie genoem. Akkulturasie vind plaas wanneer die kulture mekaar sodanig beïnvloed dat elemente en karaktertrekke van die een groep in die ander groep opgeneem word en 'n nuwe lewenspatroon of kultuur ontstaan.[3] In sy soeke na 'n definisie van kultuur gee Hermann[4] vier definisies:

- "Culture is taken to mean the mechanical dissemination of techniques of knowledge through formal education, and the application of such knowledge to industrial and other activities.

---

1 A. Breedt, *Die kulturele lewe van Blanke jeugdiges in Suid-Afrika, met besondere aandag aan aspekte van hulle lewens- en wêreldbeskouing: 'n Sosiologiese studie* (ongep. D.Phil.-proefskrif, UP, 1967), p.14.

2 H.B. Senekal, *Die feesgebruike van die Afrikaanssprekendes aan die Witwatersrand: 'n Sosiologiese studie* (ongep. D.Phil.-proefskrif, UP, 1976), pp.69,70.

3 P. de Klerk, *Geskiedenis as kultuurontwikkeling, aspekte van die teorie en filosofie van geskiedenis*, pp.37,66.

4 A.F. Hermann, *Principles of Culture and the crisis of modern civilization: A crisis in leadership*, pp.18,19.

- Culture means creative activities, invensions, discoveries in the field of science, creation of artistic masterpieces.
- Culture is that which makes man grow and develop by conscious effort and is conductive of real progress.
- Culture is the source, the perennial fountainhead of all human knowledge, the cosmos, God which "creates" man for a particular purpose and which to a certain extent, equips man with the culture required for the proper discharge of man's duties."

Die tweede definisie lei volgens Hermann tot die ontstaan en funksionering van kultuurorganisasies. Die kreatiewe aktiwiteite beïnvloed die ontstaan en struktuur van die kultuurorganisasie. In die voortbestaan van die kultuurorganisasie word kultuurprosesse verander, wat aanleiding tot 'n sosiaal-kulturele wanbalans aanleiding kan gee. Die toepassing van waarde- en normesisteme bepaal die rigting en tempo van kultuurprosesse en die invloed wat dit op die sosiaal-kulturele lewe van die individu en die gemeenskap sal uitoefen.

Die mens is in wese 'n sosiale wese wat instinktief in interaksie met ander mense bestaan. Daarby is die mens van nature geneig om, net soos by sommige diere, in groepe saam te wil wees en waar hy onder sekere omstandighede met die groep geassosieer wil wees. Gebaseer op die Maslow-teorie van menslike gedrag[5] word die sosiale behoeftes van die mens in sy assosiasie met ander mense in 'n bepaalde kultuurgemeenskap bevredig. Die begrip "sosiaal" word in die Handwoordeboek vir die Afrikaanse taal[6] beskryf as "gesellig saamlewend". Om "sosiaal" te wees het dus betrekking op mense wat in 'n groep saam lewe. In terme van die proefskrif word verwys na die wyse waarop die mense in Krugersdorp in kultuurverband saam gelewe het.

Elke bevolkingsgroep in Krugersdorp het vasgehou aan die bande en tradisies wat hom aan sy land of streek van herkoms gebind het. Dit het gelei tot die stigting van kultuurorganisasies binne eie geledere om die kulturele erfenis van die land van

---

5 Abraham Maslow (1908-1972) het geglo dat die behoeftes van die mens wat gedrag motiveer hiërargies voorgestel kan word. Die laagste vlak van die dryfvere is die mens se fisiologiese behoeftes, gevolg deur sy behoefte aan sekuriteit, sosiale behoeftes, erkenningsbehoeftes en selfaktualisering. (D.A. Louw, ea., *Inleiding tot die psigiologie*, p.502).

6 F.F. Odendaal (hoofred.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, p.1033.

herkoms te bewaar. Die Skotse gemeenskap het byvoorbeeld vir hulle 'n Caledonian Society gestig, die Joodse gemeenskap het 'n Jewish Benevolant Society en die Griekse gemeenskap 'n Hellenic Cultural Movement. Te midde hiervan het die Afrikaner sedert die begin van die dertigerjare verskeie kultuurorganisasies gestig, byvoorbeeld die Afrikaanse Taal en Kultuurvereniging (ATKV), Krugeraand-komitee en Rapportryerskorps, om uiting te gee aan die gevoel van nasionalisme en eenheid in die bewaring van die Afrikaanse taal en kultuur. Die groot verskeidenheid organisasies wat geskep is, skep die indruk dat Krugersdorp baie kultuurbewus is, maar dit kan net skyn wees omdat dieselfde mense dikwels by die meeste van die organisasies betrokke is. Dit is veral waar binne Afrikaner-geledere. Die meerderheid inwoners van Krugersdorp is nie by hierdie kultuurorganisasies betrek nie.[7]

Die uitvoerende kunste het 'n belangrike rol gespeel in die kleurvolle sosiaal-kulturele lewe van Krugersdorpers. Amateurtoneel was vir meer as twee dekades 'n fokuspunt van die dorp se kultuuraktiwiteite. Lewendige uitvoerings van sowel die Wesrandse simfonie-orkes en die Krugersdorp Drama- en Operavereniging het daartoe bygedra dat Krugersdorp as 'n kultuursentrum aan die Wesrand erkenning geniet het, en nog geniet.

Krugersdorp is die eerste dorp aan die Witwatersrand wat 'n feestradisie ontwikkel het. Hierdie tradisie het sy ontstaan in die Paardekraalgebeure van 1880 en die vyfjaarlikse Geloftefeeste by die Paardekraalmonument. Krugerdagfeeste en die Simboliese Ossewatrek in 1938 was feesgeleenthede wat spesiale betekenis aan die kultuuraktiwiteite van die Afrikaner in Krugersdorp verleen het.

'n Algemene oorsig van die sosiale en kulturele lewe word ter inleiding van die hoofstuk, gegee. Die doel van die bespreking is om die aandag te vestig op aspekte van sosiale verkeer wat nie op 'n institusionele basis georganiseer is nie. Enkele opmerkings word gemaak oor danspartye, musiekaande, huispartytjies, rolprentvertonings, perdewedrenne en dobbelary.

'n Bespreking van die sosiale en kulturele lewe van die inwoners van Krugersdorp behels in sy volle omvang die mees geïntegreerde vorm van geskiedskrywing. Dit is

---

7 Verwys ook na die bespreking van die Verenigingslewe vir besonderhede oor kultuur, diens- en welsynsorganisasies.

nie prakties moontlik om in die bestek van hierdie studie al die aspekte van so 'n uitgebreide onderwerp te bespreek nie.

7.1 SOSIALE VERKEER

Die kultuurontplooiing van Krugersdorp kan nie sonder inagneming van die historiese agtergrond waaruit die gemeenskap ontstaan het, in perspektief gestel word nie. Die wyse waarop mense leef is die somtotaal van 'n verskeidenheid kultuuraktiwiteite wat sin en betekenis aan die lewe van die mens gee. Verstedeliking en die digter samedromming van mense van verskillende herkoms bring kulturele akkulturasie mee. In die akkulturasieproses speel die mens se lewensbeskouing en tradisies 'n deurslaggewende rol.

Krugersdorp was vir etlike dekades beheer deur sogenaamde buitelanders wat nie net op ekonomiese gebied 'n leidende rol gespeel het nie, maar ook as stadsraadslede die grondslag gelê het van die dorp se munisipale bestuurstelsel. Hierdie persone het ook as sosiale leiers 'n Brits-koloniale lewenswyse in Krugersdorp gevestig wat veral in die periode na die Suid-Afrikaanse Oorlog tot in die dertigerjare die sosio-kulturele lewe gekenmerk het.

Die Afrikaner het in hierdie periode nie 'n noemenswaardige rol gespeel nie, hoofsaaklik as gevolg van sy sosio-ekonomiese nood in die periode direk na die Suid-Afrikaanse Oorlog. Die eerste geslag Afrikaners het hulle as vreemdelinge in die wêreld van die stedelike industriële Engelsman gesien. Die stadskultuur was vir hulle 'n volksvreemde verskynsel wat hulle met agterdog en selfs vyandigheid bejëen het. Die tweede geslag Afrikaners het hulle beter by die stadskultuur aangepas omdat hulle van jongs af daaraan blootgestel is. Die ontwikkeling van 'n eie Afrikaner stadskultuur kan daarom hoofsaaklik aan die tweede geslag Afrikaners in die stede toegeskryf word.[8]

Swartmense, Indiërs en Bruinmense was nie as die sosiale gelyke van die Blanke gesien nie op grond van sy "barbaarse en heidense" herkoms. Die

---

8 F.A. van Jaarsveld, "Die Afrikaner se Groot Trek na die stede, 1886-1976", P.G. Nel (red.), *Die kultuurontplooiing van die Afrikaner*, p.200; E.L.P. Stals, *Afrikaners in die Goudstad*, p.158.

politieke beleid wat segregrasie tussen bevolkingsgroepe meegebring het, het hierdie persepsie versterk.[9] Die verskil in kultuur-, beskawingspeil en rasseherkoms het 'n maatskaplike en politieke kloof tussen Blankes en Nie-Blankes in Suid-Afrika laat ontstaan. Die Blanke het 'n oplossing vir die vraagstukke wat dit veroorsaak het, gesoek in segregrasie van rasse op alle terreine van die samelewing.[10]

Sosiale verkeer in die Engelsgeoriënteerde gemeenskap het musiekaande, danspartye, pieknieks en die beoefening van 'n verskeidenheid "uitheemse" sportsoorte ingesluit. Dans was 'n baie gewilde vorm van gesellige verkeer onder al die inwoners van die dorp. Muriel Sanders skryf in haar "Glimpses of the past" hoe hulle as jongmense in 'n groep groot afstande afgelê het om danspartye aan huis van een of ander familielid of vriend by te woon. Die groot aantal uitnodigings en danskaartjies in die Norton-versameling van die Krugersdorp Museum bevestig dat dans gereeld op die sosiale kalender van die dorp verskyn het, onder andere ook kostuumballe (fotos no.57 en 58). Geoordeel aan berigte in *The Standard and West Rand Review* word afgelei dat danspartye op 'n weeklikse basis georganiseer is. In die periode 18 Maart 1938 tot 14 April 1938 was byvoorbeeld vier danse aangebied, naamlik 'n Boeredans, die St. Patric's Dance, die United Party Dance en 'n kostuumbal in die Vrymesselaarsaal.[11] Danspartye was ook as fondsinsamelingsprojekte ten bate van een of ander verdienstelike saak aangebied. Fondse is onder andere op hierdie wyse vir die Paardekraal Hospitaal ingesamel, en vir die burgemeester se jaarlikse welsynsbal (foto no.59).[12]

---

9 R.E. Phillips, *The Bantu are coming: Phases of South Africa's race problem*, pp.26-27. Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, F.R. Tomlinson, *Summary of the report of the Commission for the sosio-ecenomic development of the Bantu areas within the Union of South Africa*, UG.61/1955, pp.13,15.

10 J. Grobler, "Ontspanning in die Suid-Afrikaanse Swartgemeenskap: 'n Kultuur-historiese perspektief", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en Kunsgeskiedenis*, Vol.1, No.4, Des. 1987, pp.322.

11 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *The Standard and West Rand Review*, 18 Mrt. 1938; 25 Mrt. 1938; 1 Apr. 1938; 8 Apr. 1938; Kyk ook 13 Mei 1938; 3 Jun. 1938; 10 Jun. 1938; 15 Jul. 1938; 5 Aug. 1938; 9 Aug. 1938; 2 Sept. 1938; 9 Sept. 1938; 16 Sept. 1938; 13 Sept. 1938; 7 Okt. 1938.

12 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, M. Sanders, *Glimpses of the past*, p.34. Kyk ook inligtingsleêr H11, *Hospital and Nursing Home*, sd; inligtingslêer S14, *St. Peters Church*, sd.; en inligtingslêer K37, *W.B. Griffin* (ongep. outobiografie). Kyk ook Museum Krugersdorp, Norton Versameling, Foto's, uitnodigings en danskaarte.

Dans as vorm van vermaak was ook in die geledere van die Afrikaner belangrik. Nieteenstaande kultuurverskille het Afrikaners ook die openbare dansgeleenthede bygewoon. Afrikanergemeenskapleiers en uitvoerende amptenare van staatskantore, byvoorbeeld die landdros, het ook uitnodigings na private danspartye ontvang. Die sogenaamde "boeredans", wat op die platteland baie gewild was, het ook in die huise van die stedelike Afrikaner neerslag gevind. Die dansmusiek het die verkil tussen die boeredanse en die Engelsgeoriënteerde danse bepaal. 'n Boeredans is in 1938 in die Stadsaal in Krugersdorp aangebied deur die Afrikanerkring. Dansers is in die uitnodiging versoek om "Boereklere" aan te trek.[13]

Dans was nie vir alle Afrikaners aanvaarbaar as 'n vorm van sosiale verkeer nie. Afrikaners met 'n streng Calvinistiese konservatisme het dans afgekeur vanweë die "sedelike euwels" soos egbreuk en drankmisbruik wat op die danspartye voorgekom het. Die Gereformeerde Kerk het lidmate wat gedans het, of danspartye bygewoon het, onder kerklike tug geplaas, omdat dans in die oë van die kerk 'n openbare sonde was.[14]

Danse het ook op georganiseerde wyse in Munsieville en later Kagiso voorgekom. Spesiale geleenthede soos troues, die besoek van familielede, die geboorte van 'n kind, of die viering van een of ander geleentheid het met dans gepaard gegaan. Danse in westerse styl was baie gewild onder die Swartgemeenskappe. Dansklubs het gereeld dansfunksies met 'n orkes gereël as fondsinsamelingsprojekte. Geld was soms ook tydens private partytjies ingesamel om die onkostes van die gasheer te betaal. "Ballroom dancing" is vandag nog 'n gewilde vorm van vermaak in Kagiso. Verskeie hoërskole het "ballroom dancing" as 'n buitemuurse aktiwiteit aangebied.[15]

---

13 Die afleiding is dat "Boereklere" die teenoorgestelde is van aanddrag wat tradisioneel na dansgeleenthede gedra word. Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *The Standard and West Rand Review*, 18 Mrt. 1938.

14 B.R. Kruger, *Die ontstaan, ontwikkeling en betekenis van die Gereformeerde Kerk op die Witwatersrand*, pp.45,46. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr A1, *Aandeel van Krugersdorp in Tweede Vryheidsoorlog*, sd.; en inligtingslêer K1, KADS., sd.. Kyk ook P.W. Grobbelaar, "Ons dans dat dit gons: 'n ou vermaak en sy betekenis in die Afrikaanse volkslewe", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en Kunsgeskiedenis*, Vol.6, No.2, Apr. 1992.

15 R.E. Phillips, *The Bantu in the city...*, pp.292-293. L.E.L. Moeketsi, Onderhoud, 1996. Kyk ook Museum, Krugersdorp, Uitstalling oor gemeenskapsleiers: L.E.L. Moeketsi en Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr A1, *Aandeel van Krugersdorp in Tweede Vryheidsoorlog*, sd.

Baldanse moes in die periode na die Tweede Wêreldoorlog plek maak vir die wilde en losbandige danssoorte wat vanuit Amerika na die land oorgewaai het. Die gewildheid van die nuwe dansvorme onder jeugdiges van alle rasgroepe het aanleiding gegee tot die vorming van subkulture wat eie is aan die stedelike milieu. Onder die Blankes is die subkultuur onder andere as "ducktails"[16] geetiketteer, terwyl hulle in die Swartgemeenskappe "tsotsi's"[17] genoem is. Die "African jive" het as 'n kombinasie van moderne en tradisionele dansbewegings wat met wilde musiek geassosieer word onder stedelike Swartmense gewild geword.[18]

Volgens Potgieter was die stamdanse van mynarbeiders in die kamponge nie die belangrikste vorm van vermaak vir Swartmense nie. Die stamdanse en myndanskompetisies was dikwels deur mynowerhede gereël vir die vertoon van 'n korporatiewe beeld aan Blankes. Die meeste toeskouers by so 'n geleentheid was dan ook Blankes.[19] 'n Belangrike kulturele erfenis uit die myndanskompetisies is die "gumboot dancing", wat 'n kombinasie is van tradisionele dansbewegings en bewegings wat in die myner se handearbeid gebruik word. "Gumboot dancing" word vandag by die Kagiso gemeenskapsentrum beoefen deur die Kagiso Cultural Youth Group.

Die hou van "huispartytjies" was nie net beperk tot danspartytjies nie. Die speel van fonoplate het 'n belangrike deel van die vermaak uitgemaak, alhoewel dit dikwels ontwikkel het in 'n danspartytjie.[20] Musiekaande het nie net uit die speel van fonoplate bestaan nie. Die speel van musiekinstrumente, wat dikwels gepaard gegaan het met samesang,[21] was baie gewild by die Afrikaans- en Engelssprekende gemeenskappe. Die Swartmense het 'n

---

16 'n "Ducktail" of eendstert is 'n jongmens, gewoonlik met lang hare wat agter soos 'n eend se stert gekam is, wat 'n nou broek dra, op straat ronddwaal en die aandag trek deur luiddrugtige onbeskaafde gedrag. F.F. Odendaal (hoofred.), *Verklarende woordeboek van die Afrikaanse taal*, p.118.

17 'n "Tsotsi" is 'n jong Swartmense wat rondloop om misdade te pleeg, gewoonlik as 'n lid van 'n bende. F.F. Odendaal, (hoofred.), *Verklarende woordeboek van die Afrikaanse taal*, p.1172.

18 J. Grobler, "Ontspanning in Suid-Afrikaanse Swartgemeenskappe... ", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en Kunsgeskiedenis*, Vol.1, No.4, p.330.

19 A.J. Potgieter, *Die Swartes aan die Witwatersrand, 1900-1933*, p.342.

20 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr K37, *W.B. Griffin* (ongep. outobiografie), sd.

21 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr B30, P.R. Block, *We are the music makers*, p.12. Kyk ook J. Smit, *Die musiekgeskiedenis van Krugersdorp*, p.14.

natuurlike aanleg vir sang. Geleentheid vir samesang het by hulle waarskynlik slegs deur middel van kerkkore voorgekom.[22]

Geen rekords kon gevind word van musiekaande in Westerse konteks wat in Kagiso of Munsieville gehou is nie. Grobler wys daarop dat musiekaande met die koms van die grammofoon wel in Swartgemeenskappe voorgekom het. Gewilde musiek is dikwels op naglange partytjies voorgespeel. Die sogenaamde gumba-gumbapartytjies het hul oorsprong in die *izitshothso* van die Pondo, wat daaruit bestaan dat ongetroude mans en meisies in 'n hut ontmoet om te sing en te dans, en daarna afpaar om saam te slaap - maar sonder seksuele omgang. Weerhouding van seksuele omgang het in die stad verdwyn en aanleiding gegee tot die maatskaplike probleem van tiener-swangerskappe. Grobler is van mening dat voorhuwelikse geslagtelike verkeer in so 'n mate toegeneem het dat dit as 'n vorm van vryetydsbesteding beskou kan word.[23] Hy gee geen redes hiervoor nie. Die losbandigheid, onstabiele verhoudings en buite huwelikse-geslagsverkeer in Swartgemeenskappe as gevolg van die trekarbeidstelsel kan hiermee verband hou.[24] 'n Belangrike oorsaak is die gebrek aan toesig, omdat beide die vader en moeder in die "Blanke" stad werk en feitlik die hele dag uithuisig is.

'n Vorm van vermaak tydens huispartytjies was om speletjies te speel. Die speletjies was binnenshuis sowel as buitenshuis gespeel. Dieselfde speletjies is waarskynlik in verskillende variasies deur verskillende bevolkingsgroepe gespeel. Buitelugspeletjies soos Derdemannetjie, Knikkertjie, Ellie Rose, Boompieverplant, Blindemol, Wegkruipertjie, Blikaspaai en derglike meer, was ook gewild tydens pieknieks. Binnenshuise speletjies soos "musical chairs", Swarte Piet, Jan-pieperman-se-hondjie, Op reis na Jerusalem, Warm-en-koud, Telefoontjie, Land-see-lug, ensovoorts het vir groot vermaak gesorg.[25] Die meerderheid van hierdie speletjies het met die verloop van jare

---

22 Kyk ook na die bespreking van die musiekgeskiedenis van Krugersdorp.

23 J. Grobler, "Ontspanning in die Suid-Afrikaanse Swartgemeenskap...", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en Kunsgeskiedenis*, Vol.1, No.4, Des. 1987, p.327.

24 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/211, korrespondensieléer L23, *Findings and recommendations of a conference on urban juvenile native delinquency*, 10-12 Oct. 1935, pp.2-7.

25 A. du Plooy, Onderhoud, 6 Maart 1998. Kyk ook S. Taljaard, *Speletjies vir almal en vir alle geleenthede*, vir speletjies wat binnenshuis en buitenshuis gespeel kan word.

verlore gegaan, omdat dit nie meer gespeel word nie. Sedert die twintiger- en dertigerjare het die jongmense hulle vermaak buite die huis begin soek. Rolprente, veral die koms van die klankrolprent het 'n invloed op die lewenswyse van stedelinge in die dertiger- en veertigerjare gehad. Groter "uithuisigheid" het die natuurlike samesyn van die gesin aangetas. Minder tyd is aan die gesinslewe bestee. Besoeke aan openbare vermaaklikheidsplekke het geleidelik die plek van huispartytjies begin inneem.

Swartkinders in die stad het as gevolg van die ekonomiese omstandighede van die gesin, nie toegang gehad tot westerse fabrieksvervaardigde speelgoed nie. Die gevolg was dat tuisgemaakte speelgoed op groot skaal voorgekom het. Meisies het met selfgemaakte lappoppe gespeel, terwyl 'n wiel vir 'n seun groot vermaak verskaf het. Die wiel is in die hardloop met 'n stok aangestoot. Die maak van draadkarre met ingewikkelde stuurmeganismes en wiele wat kan draai gee 'n unieke kulturele nalatenskap uit die verstedelikingsproses van die Swartgemeenskappe.[26]

Die materiële kultuurvoorwerpe van Swartmense is, deur die meeste Blankes, gesien as "kuriositeite" en nie as bepaalde kultuurprodukte nie. In hierdie verband het sowel Swartmense as die Blankes bygedra tot miskenning van die Swartmense se kulturele prestasies oor baie jare, as die aantal kultuurgoedere wat van Swartmense in Suid-Afrikaanse Museums gevind word, as basis gebruik word. Die Krugersdorp Departement van Naturellesake het in 1932 en 1933 'n uitstalling van kuriositeite in hulle kantoor gehou. Swartmense van die Wes-Rand het timmerwerk, hout- en steensnywerk, mandjies, reisdekens, erdegoed, kralewerk, versierings, beenware, graswerk, karosse en draadwerk uitgestal.[27] Geeneen van hierdie tipe kultuurgoedere het tot op datum neerslag gevind in die Krugersdorp Museum nie.

Die vertoon van rolprente in Munsieville en Lewisham-lokasie is deur die Stadsraad van Krugersdorp as 'n geleentheid gesien om drankmisbruik en misdaad onder die Swartmense te bekamp en die sedelike waardes van die

---

26 J. Grobler, "Ontspanning in die Suid-Afrikaanse Swartgemeenskap...", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur en Kunsgeskiedenis*, Vol.1, No.4, Des. 1987, p.325.

27 A.J. Potgieter, *Die Swartes aan die Witwatersrand...*, p.354.

gemeenskap te verhoog. Rolprentvertonings is een keer per week deur die Lokasiesuperintendent aangebied teen 'n minimale toegangsfooi. Gratis vertonings is ook periodiek aangebied in die munisipale kampong en nabygeleë mynkamponge.[28] Toestemming is in 1960 aan George Lekoane, plaaslike sakeman, verleen vir die oprig van 'n bioskoopteater op standplaas 196 in Kagiso.[29]

Rolprentvertonings was die bymekaarkomplek van die jeug. Die rolprente het 'n merkbare invloed op hulle gehad. Swartjeug het begin om soos hulle rolprenthelde aan te trek en te handel.[30] Volgens Bloke Modisane, wat as seun in Sophiatown opgegroei het, was die weeklikse rolprentvertoning 'n hoogtepunt in die seuns se bestaan, omdat hulle daarna 'n nuwe dimensie aan hulle "cowboys and crooks" kon gee. Die spel is gebaseer op rolprente oor die Amerikaanse Wilde Weste. Die seuns het alles moontlik gedoen in 'n week om genoeg geld te verdien om nie 'n vertoning mis te loop nie. "Cowboys and Crooks" was ook onder Blanke kinders 'n gewilde spel. Waar die twee groepe mekaar op die grens tussen die Blanke woongebied en lokasie raakgeloop het, het die spel ontaard in 'n spel van Wit "cowboys" en Swart "crooks". Die uiteinde van so 'n samespel was 'n vuisgeveg tussen Wit- en Swartseuns.[31]

Vuisgevegte tussen Wit- en Swartseuns het relatief algemeen voorgekom. Die oorsaak van die vuisgevegte kan nie noodwendig aan haat en nyd toegeskryf word nie. Dit is veel eerder 'n geval van dat die Blanke groep die Swart groep wou domineer en die enigste wyse waarop hy sy "baasskap" kon bewys, was deur middel van vuisgevegte. Elias Morare onthou goed hoe hy in die namiddae na skool teen Nic Boshoff en sy trawante te staan gekom het. Dikwels was weghardloop die enigste uitweg - "en om voor te bly het baie inspanning gekos, want Nic was 'n uithaleratleet." Elias was 'n skolier aan

---

28 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr M22, *item 16(7), Minute of General and Town Planning Committee*, 7 Mrt. 1940; *Survey of Reef and Pretoria locations, Non-European and Native Affairs Department*, 31 Jan. 1942, p.19.

29 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/58, korrspondensieléer C19, Aansoek G. Lekoane vir oprig van bioskoopteater, 22 Febr. 1960.

30 J. Grobler, "Ontspanning in die Suid-Afrikaanse Swartgemeenskap... ", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en Kunsgeskiedenis*, Vol.1, No.4, Des. 1987, p.326.

31 B. Modisane, *Blame me on history*, p.16.

die Krugersdorp Town School en om in die namiddae by die huis te kom, moes hy deur die Blanke woongebied in Wes-Krugersdorp stap.[32]

In die ondersoek na die voorkoms van geweld in Krugersdorp in 1949 het die Ondersoekkommissie die rolprente wat aan Swartkinders vertoon is, skerp gekritiseer. Rolprente oor "cowboys" en "crooks" het nie aleen geweld aangewakker nie, maar dit het ook misdaad gestimuleer, want die jeugdige kykers "...do not have the mental capacity ... to grasp the fact that the hero succeeds in the end, and that crime does not pay". Volgens die verslag het die kinders die idee aangegryp dat jy jouself kon verryk en in weelde kon leef as sakkeroller en deur middel van diefstal. Strenger keuring van rolprente is daarom deur die Ondersoekkommissie bepleit.[33]

Die vraagstuk van keuring en die sensor van rolprente voordat dit aan die Swartgemeenskappe vertoon is, is deur Potgieter aangespreek. Omdat die oorsese akteurs almal Blank was, het die sensors meters en meters film uitgesny om ontslae te raak van tonele waar die vrou aan geweld of ontbloting blootgestel is, of waar sy haar aan kokketery skuldig maak, asook tonele waar die polisie uitgetart word. Almal het as sensors die skêr ingelê. Dit sluit amptenare, kampongbestuurders, predikante en die lokasiesuperintendente in. In die proses is die rolprent dikwels so versnipper dat dit heeltemal vreemd aan die anderkant uitgekom het. Dit het nie veel verskil aan die sensors gemaak nie, omdat die meeste kykers in elk geval nie die dialoog kon volg nie, maar daar was om na die "prentjies" te kyk en daarvolgens gereageer het.[34]

Weddenskappe en dobbelary was kulturele aktiwiteite wat meer onder die Engelsgeoriënteerde gemeenskap as onder die Afrikaners voorgekom het. Perde- en honderesies was gewilde sportsoorte en die feit dat Krugersdorp in die eerste dekades van sy geskiedenis oor sowel 'n perde- as 'n hondewedrenbaan beskik het, het nie net die sportsoort bevorder nie, maar

---

32 E. Morare, Onderhoud, April 1997.

33 TAB, Pretoria, UG, band 47/1950, *Report of the Commission appointed to enquire into acts of violence committed by Natives at Krugersdorp, Newlands, Randfontein and Newclare*, 22 Mrt. 1950.

34 A.J. Potgieter, *Die Swartes aan die Witwatersrand...*, pp.345-346.

ook die inwoners aangespoor om weddenskappe te plaas.[35] Die Afrikaanse Kerke het hulle by herhaling teen die perde- en hondewedrenne uitgespreek en in 1939 selfs verhoed dat 'n nuwe hondewedrenbaan in Krugersdorp gevestig word.[36] Perde- en honderesies was deur die kerk as openbare euwels gesien. Lidmate van die Gereformeerde Kerk wat hulle hieraan skuldig gemaak het, was ook onder kerklike tug gebring.[37]

Perdewedrenne is ook goed ondersteun deur die Swartgemeenskap. Volgens Phillips het ongeveer 200 tot 400 Swartmense wedrenne op Turffontein in Johannesburg bygewoon. Swartmense wat nie self na die wedrenne kon gaan nie, het dikwels hulle Blanke werkgewers gevra om vir hulle geld te verwed. Swartmense is egter ingevolge die provinsiale ordonnansie nie by hondewedrenne toegelaat nie, maar het wel weddenskappe deur middel van Blanke werkgewers geplaas.[38]

In die Swartgemeenskappe is dobbelary gebruik as 'n manier om die karige inkomste van die Swartmense aan te vul. Die omvang van dobbelary onder Swartmense het in 1932 tot 'n regeringsondersoek gelei, maar die regering kon nie daarin slaag om dobbelary onder Swartmense te bekamp nie.[39] Dobbelary is as 'n misdaad gesien wat dikwels tot polisie-optrede gelei het. Callinicos beskryf 'n straattoneel waar Swartmense dobbel in "*A People's history of South-Africa*".[40] Volgens Phillips was die Chinese fah-fee en die Pa-ka-pu gewild onder die Swartmense.[41]

Die ontstaan van stokvelle is 'n unieke kultuuraktiwiteit in Swartgemeenskappe, wat sy oorsprong onder stedelike Swartvroue het. Die stokvel het ontstaan as 'n ondersteuningsgroep, waar 'n aantal vroue op 'n

---

35 Perde- en hondewedrenne word in hoofstuk agt bespreek.

36 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr N12, *NG Kerk*, sd.

37 B.R. Kruger, *Die ontstaan, ontwikkeling en betekenis van die Gereformeerde Kerk...*, pp.45-46.

38 R.E. Phillips, *The Bantu in the City...*, pp.220-222.

39 Sentrale Argiefbewaarplek (SAB), Pretoria, UG, band 22/1932, *Report on native economic commission, 1932*, p.82.

40 L. Callinicos, *Working life 1886-1940: Factories, Townships en popular culture on the Rand: A People's history of South Africa*, Vol. 2, p.212.

41 R.E. Phillips, *The Bantu in the City...*, pp 217-220 & 423 vir 'n beskrywing van Fah-fee en Pa-ka-pu.

gereelde grondslag (weekliks of maandeliks) geld "oorgooi" in 'n poel waaruit die lede om die beurt voordeel trek. Die "oorgooi" vind gewoonlik plaas in die vorm van 'n sosiale byeenkoms aan huis van een van die lede. Nadat die onkostes van die byeenkoms afgetrek is, het die gasvrou die balans gehou as aanvulling van haar inkomste.[42] Callinicos gebruik stokvelle as voorbeeld van Swartmense in die stad om ekonomies te oorleef. Stokvelle is een van die min wettige wyses waarop sosiale verkeer op 'n winsgewende manier aangewend is.[43]

Familie- en gesinsfeeste is 'n tradisie eie aan die Afrikaner.[44] Familie- en gesinsfeeste spruit voort uit die patriargale familiestelsel wat 'n kenmerk is van die Afrikanervolk.[45] Bruilofte; die doop van 'n nuweling, veral 'n eersteling in die familie, verjaarsdag van die patriarg en soms ook die matriarg; en begrafnisse was geleenthede vir die familie om bymekaar te kom. Kersfees is, anders as Nuwejaar, 'n gesinsfees. Nuwejaar is dikwels as 'n geleentheid gesien waar die gemeenskap saam verkeer en piekniek hou. Familie- en gesinsfeeste het die familiebande weer nouer getrek en die gevoel van samehorigheid versterk.[46] Die omvang van die familiefeeste het in die stedelike milieu afgeneem, hoofsaaklik as gevolg van die afstand tussen die stad en die landelike setel van die patriarg. Die tendens het ontstaan dat die familie slegs by geleenthede van huwelike en begrafnisse bymekaar uitkom en dat verjaarsdae, doopgeleenthede en die aflegging van geloofsbelydenisse die vorm van gesinsfeeste aanneem. Die invloed van verstedeliking op die gesinslewe van die Afrikaner in die stad word deur Keyter bespreek. Die gesin in die stad het volgens hom sy intieme sosiale lewe verloor. Die aftakeling van die Afrikaner se familiegebondenheid en tradisies sien hy as bydraende faktore wat die Afrikaner met kulturele bankrotskap bedreig.[47]

---

42 R.E. Phillips, *The Bantu in the City...*, pp.292-295. Kyk ook J. Grobler, "Ontspanning in Suid-Afrikaanse Swartgemeenskappe...", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur en Kunsgeskiedenis*, Vol.1, No.4, p.326.

43 L. Callinicos, *Working life 1886-1940...*, p.200.

44 Verwys na P.H. Kapp, "Ons Volksfeeste", P.W. Grobbelaar (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur* vir besonderhede oor familiefeeste.

45 Die patriargale familiestelsel word volledig bespreek deur G. Cronje, *Die patriargale familie. 'n Kultuursosiologiese studie.*

46 A. Breedt, *Die kulturele lewe van Blanke jeugdiges in Suid-Afrika...*, p.68.

47 J. de W. Keyter, *Huwelik en gesin*, Tweede Trek-reeks, No.VII, pp.106-143.

Familiefeeste het ook onder die Swartgemeenskap voorgekom. Tradisionele gebruike het mettertyd in die stad verandering ondergaan om dit met die stedelike milieu te versoen. Doopfeeste het gepaard gegaan met die tradisionele "uitkom" van die nuutgebore baba, dit is wanneer die baba vir die eerste keer in die openbaar vertoon word. Huwelike in westerse styl was 'n sameflansing van tradisionele en Christelike gebruike. Die vermenging van westerse en tradisionele gebruike in die huwelik word deur Callinicos bespreek. Spanning het dikwels tussen die partye ontstaan as gevolg van die nalating van sekere tradisionele vereistes, byvoorbeeld die betaling van die bruidskat (lobola).[48] Die huweliksgevolg (strooijonkers, strooimeisies, hofknape en blommemeisies) het met die verloop van tyd in getalle toegegeeem. 'n Groot huweliksgevolg het 'n kenmerk geword van moderne huwelike onder die Swartmense.[49]

Kultuurgebruike rondom begrafnisse het in die Swartgemeenskappe in die stede 'n groot verandering ondergaan. Waar afgestorwenes tradisioneel so gou moontlik en met min seremonie begrawe is, het die oproep van die gemeenskap en die hou van 'n nagwaak, ten einde soveel moontlik mense by die begrafnis te betrek, die gebruik laat ontstaan om groot begrafnisse op Saterdae te hou. Die begrafnis is met 'n groot begrafnisfees by die huis van die afgestorwene afgesluit. Die omvang van begrafnisbywoning onder die Swartmense het in die jare van politieke onrus op televisie onder die aandag van die breër gemeenskap gekom.[50] Volgens Modisane is "...attending tebellos and going to funerals a necessary social function; the more funerals a person attend, the more people he can expect when death comes into his house. It is considered either a disgrace or a social slight or a sign of unpopularity, to have a small insignificant funeral". Modisane brei verder uit deur daarop te wys dat lewe en dood so 'n werklikheid in die swartgemeenskappe is dat elke persoon 'n begrafnisuitrusting (rouklere) in sy klerekas aanhou. Begrafnisse word so gereeld bygewoon dat die

48 L. Callinicos, *Working life 1886-1940...*, pp.243-245.

49 J.M. Moeketsi, Onderhoud, 1998; E. Morare, Onderhoud, 1998.

50 J. Grobler, "Ontspanning in die Suid-Afrikaanse Swartgemeenskap... ", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur en Kunsgeskiedenis*, Vol.1, No.4, Desember 1987, p.327.

begrafnisgangers die meeste gewyde liedere wat tydens die nagwaak en by die begrafnis gesing word, uit die hoof ken.[51]

Die spontane verdeling van die gemeenskap in maatskaplike klasse (groepe) wat op die inkomste of ekonomiese welvaart van die individu gebaseer is, bepaal die vlak van sosiale assosiasie van die individu. Die maatskaplike verdeling van die gemeenskap in klasse is 'n wêreldfenomeen wat ook by alle rasse in Suid-Afrika voorkom. Krugersdorp is nie die uitsondering nie. Die klasseverdeling hou in die praktyk verband met snobisme en 'n gevoel van meerderwaardigheid aan die kant van hoërinkomste groepe en 'n gevoel van minderwaardigheid aan die kant van laerinkomste groepe. Uit hierdie scenario het die tendens in Krugersdorp ontwikkel dat die hoërinkomste groepe in die algemeen die kultuuraktiewe gemeenskap was, ten opsigte van georganiseerde kulturele aktiwiteite. Dit wil nie sê dat die laerinkomste groepe nie kultuuraktief was nie, maar die algemene ekonomiese stand van hierdie gemeenskap het dit dikwels finansieël onmoontlik vir hom gemaak om deel te neem of om aan 'n vereniging of sportklub te behoort.

Die sosio-ekonomiese klasseverdeling het ook in die Swartgemeenskap voorgekom. Volgens Modisane was daar in die Swartgemeenskap veral vooroordeel teen die "geleerde" Swartmense wat Engels gepraat het, want geleerdheid en Engels was simbole van die Witman wat die Swartmense gegrief het.[52] Die grief was nie soseer teen die "geleerdheid" of die feit dat die Swartmense Engels gepraat het gerig nie, maar teen die diskriminerende stelsel waaraan die Swartmense onderwerp is om hierdie vaardighede te bekom.

Gesels en kuier het 'n belangrike deel van sosiale verkeer gevorm. Blanke mans wat dit kon bekostig en van die regte sosiale status was, het as lede van die Union Club[53] geleenthede benut om by die Klub te ontmoet. Hier het hulle oor aktuele sake gesels, saam gedrink en poker of snoeker gespeel. Die Union Club bestaan vandag nog, met reëls wat ooreenstem met die Engelse

---

51 B. Modisane, *Blame me on history*, p.30.

52 B. Modisane, *Blame me on history*, pp.88,89.

53 Die ontstaan van die Union Club word ook in die afdeling oor Verenigingslewe bespreek.

klubtradisies wat dateer uit sy stigtingsjare.[54] Vroue aan die anderkant het volgens streng etiketreëls en die gebruik van visitekaartjies oor en weer bymekaar aan huis gekuier en tee gedrink. Om sonder 'n formele uitnodiging, waarop formeel geantwoord is, by so 'n teepartytjie op te daag, was ongehoord. Die geselskap op so 'n partytjie het baie dikwels gegrens aan blatante skinder, maar aktuele sake op die terrein van die vroue, byvoorbeeld welsynsprojekte, is ook bespreek. Vroue het ook bymekaar gekom om saam handewerk te doen. Die toetrede van die vrou tot die arbeidsmark het die gesellige verkeer op teepartytjies later tot die sogenaamde "elite" beperk. Die gebruik het in later dekades geleidelik verval. Die stigting van sosiale vroueklubs, byvoorbeeld die "Lettie Fouche-Klub", waaraan Engels- en Afrikaanssprekende vroue behoort, het as plaasvervanger van die privaat teepartytjies ingetree, alhoewel teepartytjies nie heeltemal van die toneel verdwyn het nie. Moderne teepartytjies gaan met minder seremonie gepaard.[55]

Families het daarvan gehou om oor en weer by mekaar te kuier. Familiekuiers was 'n baie informele vorm van kuier, wat veral onder die Afrikaner-gemeenskap in die stad inslag gevind het. Die Suid-Afrikaanse vleisbraai-tradisie hou waarskynlik verband met die familiekuiers. Besoeke op 'n Sondagmiddag het 'n stemmiger aard gehad. Uit respek vir die Sabbatdag is kinders nie toegelaat om luidrugtig op die dag te speel nie. Ook hulle moes stemmig sit en gesels of musiek maak, maar nie in die geselskap van die volwassenes nie. Alhoewel die hou van braaivleis-geleenthede in gewildheid toegegeem het, het die gebruik van veral die Sondagmiddagkuier in onbruik geraak as gevolg van die moderne elkeen-vir-homself-lewensfilosofie van die stedelike samelewing.[56]

Kuier en gesels is 'n belangrike kultuuraktiwiteit in die Swartgemeenskap. Dit het tradisioneel met die drink van bier gepaard gegaan. Omdat geleentheid vir vryetydsbesteding in die vorm van sport en verenigingslewe vir die Swartmense beperk was as gevolg van die gebrek aan middele en fasiliteite,

---

54 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr U2, *Union Club*, sd.

55 Museum, Krugersdorp, dokumenteversameling, *Visitekaartjies*. Kyk ook Norton-versameling, *Visitekaartjies en uitnodigings*.

56 G. Norton, Onderhoud, 4 Apr. 1996; A du Plooy, Onderhoud, 6 Mrt. 1998.

het sosiale verkeer 'n belangrike kultuuraktiwiteit onder die Swartmense uitgemaak. Wanneer die geleentheid hom voorgedoen het, het mans en vroue, gewoonlik in afsonderlike groepe, ontmoet om in die son te sit en te gesels. Die gebruik van drank het 'n belangrike faset van die kuier uitgemaak, alhoewel dit nie vir almal gegeld het nie.[57] Grobler wys daarop dat Swartmense wat as arbeiders in die buitekamers van Blanke woonhuise gewoon het, hierdie vorm van samesyn moes ontbeer. Eerstens was daar die paswette en instromingsbeheer wat hulle polities verhinder het om gaste of familie in hulle kamers te ontvang, andersyds was daar die arbeidstelsel dat inwonende arbeiders voltydse arbeid moes verrig met weinig "aftyd". Die gebruik van huishulpe om op straat te ontmoet, en dan op die sypaadjie te sit en kuier, het in 'n mate kompensasie gebring vir die eensaamheid wat gepaard gegaan het met inwoning by die werkgewer.[58]

Geen skriftelike bron verwys na die sosiale gebruike van die Indiër in Krugersdorp nie. Volgens Ibraham Dasoo, Skoolhoof van die Azaadville State School, word die sosiale lewenswyse van Indiërgemeenskap streng deur godsdienstige gebruike, waarin die rol van elke gesinslid uitgespel word, beheer. Vroue handhaaf in die algemeen 'n lae openbare profiel, wat hulle nie verhinder om in hulle eie gemeenskap by welsynswerk en kinderopvoeding betrokke te wees nie. Mans word toegelaat om in die openbaar betrokke te raak by sake ter bevordering van die belange van die Indiërgemeenskap. Dasoo het byvoorbeeld in die tagtigerjare op die Kultuurraad van die Indiërraad van Verteenwoordigers gedien.[59]

Verstedeliking en die digter samedromming van mense van verskillende herkoms, het groot druk op kultuurhandelinge van die gemeenskap geplaas. Die druk het toegeneem namate die intensiteit van die trek van alle bevolkingsgroepe na die Witwatersrand in intensiteit toegeneem het. In die proses van verstedeliking het nuwe kultuurwaardes en kultuurhandelinge ontwikkel. Namate die mense meer geword het, het die individu hom geleidelik van die massa onttrek. Onbetrokkenheid en 'n apatiese houding

---

57 R.E. Phillips, *The Bantu in the city...*, pp.292-294.

58 J. Grobler, "Ontspanning in die Suid-Afrikaanse Swartgemeenskappe... ", *Suid-Afrikaanse Tydksrif vir Kultuur en Kunsgeskiedenis*, Vol.1, No.4, Desember 1987, p.324.

59 I. Dasoo, Onderhoud, 15 Jul. 1995.

teenoor Krugersdorp se kulturele erfenis, wek kommer in die geledere van moderne kultuurbewaarders.[60]

7.2. VERENIGINGSLEWE

Verenigingslewe beantwoord aan die mens se behoefte tot assosiasie. As daar na die groot aantal kultuurorganisasies in Krugersdorp gekyk word, word die indruk geskep dat die inwoners van Krugersdorp baie kultuurbewus is. Wanneer daar dieper na die organisasies gekyk word, dan is dit duidelik dat dieselfde persone se name op die bestuur van meer as een vereniging voorkom. Dit is veral die geval met die Paardekraalfeeskomitee, die Krugeraand-komitee en die Wesrandse Afrikaanse Kunsvereniging wat in afsonderlike afdelings bespreek word. Die slotsom is dat die meerderheid Krugersdorpers vandag nie kultuurbewus is nie. Die sosiale afstand wat sedert 1961 tussen die werkersklas en die groter professionalisering van die kultuurlewe ingetree het, het daartoe bygedra dat die werkersklas hom in 'n toenemende mate van die kultuurverenigings onttrek het, omdat hy "nie meer werklik tuis voel nie en oordeel dat hy nie 'n bydrae van so 'n hoë gehalte kon lewer nie." Daaglikse maatskaplike en ekonomiese oorlewing is vir baie mense belangriker as kultuur.[61]

Die algemene onbetrokkenheid van die breër gemeenskap word weerspieël in die sukkelende bestaan van baie van die verenigings. Lede word dikwels in die notules vermaan oor hulle onbetrokkenheid en dat dit die bestuur is wat die vereniging aan die lewe hou.[62] Die bywoning van vergaderings deur lede van die Krugersdorp Rapportryerskorps is met die uitsondering van die eerste twee jaar ná herstigting in 1975 ondergemiddeld, soos in die onderstaande tabel weerspieël:[63]

---

60 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer B32, *Bewaringstrust*, sd.

61 P.H. Kapp, "Afrikaanse kultuurverenigings as verskynsel", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur en Kunsgeskiedenis*, Vol.6, No.2, Apr. 1992, p.73.

62 Instituut vir Eietydse Geskiedenis (INEG), Bloemfontein, PV836, band 156B, vol.2 *Notule Junior Rapportryerskorps Krugersdorp,* 30 Jun. 1982, PV743, band T21, vol.2, *Notule Afrikaanse Taal en Kultuurbond, Tak Paardekraal*, 5 Mei 1959.

63 INEG, Bloemfontein, PV325, band 6/K46/2, *Verslae aan hoofkantoor*, 1975-1983.

RAPPORTRYERSKORPS KRUGERSDORP				
Datum	**Ledetal**	**Nuwe lede**	**% Bywoning**	**Opmerking van bestuur**
28/2/1975	42	23	71	Gees goed.
29/2/1976	26	0	70	Gees goed. 20 Lede verbeur lidmaatskap.
28/2/1977	44	3	50	Redelike gees.
28/2/1978	25	12	45	Gees swak.
28/2/1980	19	0	20	Gees swak.
28/2/1981	46	19	50	Oplewing in aktiwiteite.
31/12/1982	40	3	35	Redelike gees. Steun saamtrek vir Konsentrasiekampkinders.
31/12/1983	33	2	40	Gees redelik

Figuur 46

Die verslae van die Korps gee geen direkte redes vir die afname in belangstelling en "swak gees" nie. Die jaarprogramme van aktiwiteite vir die ooreenstemmende periode kom stereotiep voor met weinig of geen stimulerende hoogtepunte. Die afleiding word gemaak dat die jaarlikse debatskompetisie vir hoërskoolleerlinge en die toekenning van pryse aan leerlinge vir skoolprestasies nie genoegsame uitdagings of stimulasies aan die lede van die Korps gebied het nie.

Aansluitend hierby is die voorkoms dat verenigings by herhaling ontbind om later weer herstig te word. 'n Voorbeeld is die plaaslike tak van die ATKV. Oor 'n tydperk van ongeveer dertig jaar word daar ses keer in die notules en korrespondensie melding gemaak van die herstigting van die tak nadat aktiwiteite doodgeloop het.[64]

Die entoesiasme van die bestuur, veral die voorsitter en/of die sekretaris, bepaal dikwels hoe aktief en entoesiasties 'n vereniging funksioneer. Wanneer die aktiewe bestuurslid uittree of verplaas word, het dit dikwels gebeur dat die vereniging daarna kwyn of in duie stort. 'n Goeie voorbeeld hiervan, waarna verwys is in die afdeling oor uitvoerende kunste, is die vertrek van P.P. Breytenbach wat tot die ontbinding van die Krugersdorp Municipal Dramatic and Operatic Society gelei het. Die plaaslike tak van die ATKV is

64 INEG, Bloemfontein, PV379, band A1/7/8, A1/7/8(a), A1/7/9, A1/7/9(a), Verskeie notules en korrespondensie insake herstigting van ATKV tak, 1940-1971.

ook deur hierdie tendens geraak. Korrespondensie gee die verplasing van die voorsitter aan as rede vir die afname in entoesiasme en aktiwiteite.[65]

Besture het na die vertrek van 'n entoesiastiese leier gesukkel om die belangstelling van lede weer in die vereniging te laat herlewe. Die samestelling van 'n stimulerende program was dikwels die kern van die probleem. Die sekretaris van die ATKV adviseer in 1954 die plaaslike tak om die behoeftes en vermoëns van lede te bestudeer en die aktiwiteitsprogram daarvolgens te beplan. Hy gaan voort deur te sê dat "...kultuur veronderstel nie net die aanbieding van hoogstaande (dikwels bo die bevattingsvemoë van die gemiddelde lede) musiekkonserte en ander programme nie, maar ook die reël van ligte ontspanningsprogramme, byvoorbeeld koffiehuiskonserte, letterkundige aande, pieknieks, braaivleisaande, uitstappies en vrugtefeeste".[66]

Die nastrewing van dieselfde ideale en doelstellings het oorvleueling in die aktiwiteite van die Afrikaanse organisasies meegebring. Die doelstellings van die ATKV, ATKB en die Rapportryerskorpse kan soos volg veralgemeen word:

- Die handhawing, bewaring en uitlewing van die strewe en doelstellings van die Afrikaner volk soos geopenbaar in sy geskiedenis en tradisies as die grondslae waarop sy ontwikkeling en toekoms berus.
- Die bewaring van 'n samehorigheidsgevoel onder Afrikaners.
- 'n Aktuele belangstelling in die opvoeding en bedrywighede van die Afrikanerjeug en die bevordering daarvan op 'n grondslag van nasiebou en toekomsideale.
- Om vraagstukke van aktuele belang vir die voortbestaan van die Afrikaner en die land onder die aandag van lede te bring.
- Om die gebruik van Afrikaans op alle terreine van die samelewing aan te moedig en te bevorder.

---

65 INEG, Bloemfontein, PV379, band A1/7/8(1), Brief A.B. Cloete-E.A. van der Merwe, 20 Mei 1954, Brief M.C. Botha-D.J. van Vuuren, 20 Jan. 1951.

66 INEG, Bloemfontein, PV 379, band A1/7/8(1), Brief A.B. Cloete-E.A. van der Merwe, 20 Mei 1954.

- Om die maatskaplike, intellektuele en kulturele welsyn van die Afrikaner, maar veral van die lede, te bevorder.[67]

Die gebruik van Afrikaans op alle terreine van die samelewing is 'n saak van erns by al die Afrikaanse kultuurorganisasies. Die "verontregting van Afrikaans" is in 1969 deur J.J. Steyn namens die ATKB opgeneem met die stadsklerk van Krugersdorp nadat 'n "tweetalige" kwitansie aan Steyn uitgereik is deur die munisipale lisensiekantoor. Steyn se argument in die korrespondensie aan die stadsklerk het daarom gegaan dat Steyn Afrikaanssprekend is, en dat al die personeel in die lisensiekantoor Afrikaanssprekend is, en ten spyte hiervan word 'n kwitansie wat in Engels gedruk en in Afrikaans ingevul is, aan hom uitgereik. Die vraag is waarom amptelike kwitansies van die munisipaliteit wat in Engels gedruk is aan hom as Afrikaanssprekende uitgereik is. Die uiteinde van die uitgerekte korrespondensie is dat die stadsklerk verskoning aangeteken het en dat "daar op die saak ingegaan sal word".[68]

In teenstelling met diensorganisasies soos die Rotariërs en die Lions, is die programaktiwiteite van die kultuurorganisasies meer op die lede gerig en nie soseer op die publiek in die algemeen nie. Melding word wel gemaak van aktiwiteite waarby die algemene publiek betrek is. Sommige van hierdie aktiwiteite was na aanleiding van nasionale inisiatiewe geloods, ander weer het plaaslik ontstaan in die nastrewing van die vereniging se doelstellings. Twee van die bekendste nasionale inisiatiewe is die 1938-Simboliese Ossewatrek waarby die ATKV ten nouste betrokke was en die 1949-Ruiterfees van die Rapportryerskorpse. Die Rapportryers het ook in 1982 saamtrekke op streekvlak georganiseer vir "konsentrasiekampkinders".[69]

Die volgende aktiwiteite op plaaslike vlak waarby lede van die publiek betrokke is, kan as voorbeelde dien:

---

67 Vir besonderhede oor die Grondwet van die verskillende verenigings, raadpleeg INEG, Bloemfontein, PV379, band A1/7/8/(1) (ATKV), PV743, band T21, vol.1 (ATKB), PV836, band 156 B, vol.1 (Junior Rapportryerskorps), PV325, band 6/K46/1 (Rapportryers).

68 Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Pretoria, TPB, band 686 verw. TALG.5/98, Korrespondensie J.J. Steyn-Stadsklerk Krugersdorp, Aug./Sept. 1969.

69 "Konsentrasiekampkinders" verwys na kinders wat die konsentrasiekampe gedurende die Suid-Afrikaanse Oorlog oorleef het.

- Die Krugersdorp Rapportryerskorps het in 1981 die skoolprestasies in Afrikaans van vyf leerlinge aan die plaaslike hoërskole erken. 'n Kontantprys ten bedrae van R50 is aan elke leerling oorhandig.
- Die Krugersdorp Junior Rapportryerskorps het in 1972 boekpryse toegeken aan leerlinge van Afrikaanse hoërskole wat in die vak Afrikaans die hoogste punte behaal het.
- Die Junior Rapportryerskorps het debatsredevoering op hoërskoolvlak, op 'n jaarlikse grondslag vanaf 1972 tot 1987, bevorder.
- Die tak van die ATKB het 'n redenaarskompetisie in 1969 georganiseer en boekpryse aan die wenners toegeken.
- Die ATKV het in 1969 'n besonder aktiewe jaar beleef. Hulle het 'n volkspele saamtrek en 'n hoërskool spreekkooraand georganiseer, asook 'n verskeidenheidskonsert aangebied.[70]
- Die ATKB het 'n koorkompetisie in 1988 georganiseer.[71]

Die Afrikaanse Kultuurverenigings het nougeset gewaak oor die belange van die Afrikaner. Lidmaatskapvereistes was streng toegepas en lede wat affiliasies gehad het wat buite die Christelike Nasionale lewensbeskouing van die Afrikaner geval het, of met sogenaamde "volksvreemde" organisasies geassosieer het, is summier geskors. Die feit is dat die Afrikaner-kultuurverenigings 'n baie sterk nasionalistiese volksbewussyn, eerder as 'n klasbewussyn, bevorder het. Hierdie bewussyn is op die behoudende Christelike norme en waardes gebou, wat daaraan 'n sekere idealistiese karakter gegee het. Die eksklusief Blanke karakter van die Afrikaner-kultuurverenigings het deelname van Nie-Blankes aan die kultuurstrewe van die Afrikaner as 'n ontoelaatbare moontlikheid uitgeskakel. Daar was ook geen ruimte vir ligsinnigheid en "wêreldsheid" in die aktiwiteite nie, omdat die kultuur- en volkslewe van die Afrikaner in sy Christelike waardes ingebed is.[72]

---

70 INEG, Bloemfontein, PV379, band A/1/7/9 (ATKV), PV325, band 6/K46/2 (Raportryers), PV836, band 156B, vol.3 (Junior Raportryers), PV743, band T21, vol.3 (ATKB).

71 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Krugersdorp Nuus*, 4 Mei 1988.

72 P.H. Kapp, "Afrikaanse kultuurverenigings as verskynsels", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur en Kunsgeskiedenis*, Vol.6, No.2, April 1992, pp.71-72.

Die teenwoordigheid van lede wat geassosieer is met die Tafelronde, Vrymesselaars, Lions International, Rotary International en die Verenigde Party, het in 1963 'n skeuring in die Krugersdorp Rapportryerskorps veroorsaak. Dit het veral om drie lede, P.N. Sparks, A. Verster en D. Slabbert gegaan wat as sakemanne ook lede van die Tafelronde was. Dit was nie vir korpslede aanvaarbaar nie en twintig manne het onder leiding van J.D. van Rensburg en L. le Grange weggebreek om die Paardekraal Rapportryerskorps te stig omdat "...lede by die Krugersdorpkorps volksvreemde gedagtes het en aan volksvreemde organisasies behoort wat 'n invloed het op hulle denkwyse en aktiwiteite". Die wegbrekers het die stigting van 'n tweede korps as enigste uitweg gesien om die wese en karakter van die vereniging te behou. Die wegbrekers was almal "nasionaalgesinde Afrikaners". Die Nasionale Raad van die Rapportryers het nie die stigting van 'n tweede korps in Krugersdorp goedgekeur nie, omdat dit strydig is met sy beleid van een korps per dorp. Die uiteinde van die saak was dat die drie lede op 4 November 1963 as lede van die Krugersdorpkorps geskors is. Die lidmaatskapvereistes van die Krugersdorpkorps is op 20 Februarie 1964 soos volg gedefinieer: "Blanke mans van 25 jaar en ouer wat nie 'n lid is van 'n volksvreemde organisasie, wat sy Afrikaner identiteit behou en uitleef en in sy lidmaatskap die Christelik Nasionale Grondslag van die Afrikaner uitleef, kan deur 'n lid as ingeskrewe lid voorgestel word."[73]

Die Tafelronde kan as 'n diensorganisasie, waaraan jong sakemanne onder die ouderdom 35 jaar behoort, geklassifiseer word. Persone bo die ouderdom 35 jaar kwalifiseer nie vir lidmaatskap van die Tafelronde nie. Die Tafelronde is 'n internasionale organisasie waaraan slegs mans kan behoort. As gevolg van die nasionale apartheidsbeleid was daar geen kruisbestuiwing tussen verskillende kultuurgroepe sodat hulle mekaar beter kon leer ken nie. Die enigste kruisbestuiwing het in diensorganisasies en op sommige sportvelde plaasgevind. Slegs Blankes was as lede van die plaaslike tak toegelaat. Ten einde voorsiening te maak vir die Nie-Blankes in die gemeenskap, word die

---

73 INEG, Bloemfontein, PV325, band 6/K46/1, Korrespondensie insake lidmaatskap van lede, 1963, band 6/K47/1, Brief W.S.J. Grobler-J.D. van Rensburg, 17 Mrt. 1964.

Sable Tafelronde in 1960 gestig. Hierdie stap was met groot agterdog deur die gemeenskap bejeën, wat moontlik ook die oorsaak kon wees waarom die lidmaatskap van die drie Rapportryers onder verdenking gekom het. As gevolg van toenemende druk en beskuldigings dat Tafelronde die Sable-tak vir eie politieke gewin misbruik het, is die Sable-tak in 1970 ontbind. Die Tafelronde het die lede wat 'n werklike bydrae tot dienslewering kon maak, in sy geledere opgeneem. Die stigting van 'n tak van die Tafelronde in Kagiso in 1979, toe apartheid hoogty gevier het, word as 'n waterskeiding vir die Wesrand gesien. Die Kagiso-tak was die eerste tak aan die Wesrand en die tweede tak vir Swartsakemanne in Suid-Afrika. Die stigting van die Kagiso-tak het ook die politieke stryd teen Suid-Afrika binne Tafelronde op internasionale vlak verlig.[74] Die bydrae wat die Tafelronde in Krugersdorp in die ondersteuning van welsynsorganisasies en -projekte gemaak het, kan nie gering geskat word nie. Die Tafelronde samel gereeld geld in vir verdienstelike organisasies. Hulle het in 1990 'n bussie vir die Robert Palk Dienssentrum vir Bejaardes aangekoop waarmee bejaardes daagliks na die dienssentrum aangery word om 'n bekostigbare middagete te nuttig.[75]

Sommige van die Tafelaars wat as gevolg van die ouderdomskwalifikasie moes uittree, het hulle by die Krugersdorp Rotary[76] Club aangesluit, waaronder P.N. Sparks. Die Rotary Club het geen ouderdomsbeperking op sy lidmaatskap nie. Tradisioneel was dit 'n organisasie waaraan slegs mans behoort het, maar sedert die middel negentiger jare is dit ook vir vrouelidmaatskap oopgestel. Voorheen kon vroue slegs as die eggenotes van die Rotariërs in 'n onafhanklike klub, bekend as die Rotary Anns, funksioneer en op hulle eie betrokke wees by gemeenskapsdiens. Rotary is 'n organisasie

---

74 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer R19, *West Rand Times*, 10 Oct. 1980.

75 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer R19, *Round Table*, sd.

76 Rotary International het sy ontstaan in Chicago, VSA, te danke aan Paul Harris, 'n plattelandse sakeman wat hom in die stad kom vestig het, en die plattelandse kameraderie van kollegas gemis het. Saam met drie vriende stig hy die eerste Rotary Club op 23 Feburaie 1905. Rotary International het vandag meer as 1.2 miljoen lede wat oor 151 lande versprei is. Die eerste tak in Suid-Afrika is op 25 April 1921 in Johannesburg gestig. Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer R10, *Krugersdorp Rotary Club*, sd.

vir besigheids- en professionele leiers wat ingestel is op dienslewering aan die plaaslike en internasionale gemeenskap. Hoë etiese standaarde word binne die organisasie en in die dienslewering gehandhaaf. Een van die internasionale projekte van Rotary International wat veral vir Suid-Afrika van betekenis is, is die uitwissing van polio teen die jaar 2005. Rotary ondersteun immunisering teen polio finansieel op internasionale vlak. Die plaaslike klub het so onlangs as 1996 die Gauteng Departement van Gesondheid logistiek en finansieel ondersteun tydens 'n immuniseringsveldtog aan die Wesrand.[77]

Die Krugersdorp Rotary Club is op 4 September 1940 gestig onder die voorsitterskap van P.P. Breytenbach. Die Klub het sewentien stigterslede gehad. Sedert sy stigting het die Krugersdorp Rotary Club as diensorganisasie 'n wye verskeidenheid gemeenskapsprojekte ten bate van Krugersdorp geïnisieer en bedryf. In die veertigerjare het die Klub *Spackman House* as 'n rehabilitasiesentrum vir seuns met maatskaplike aanpassingsprobleme bedryf. Spackman House is later ontbind toe die Departement van Onderwys die funksie oorgeneem het met die stigting van spesiale beroepskole. Deur middel van die stigting van nutsmaatskappye het die klub in 1949 die *Memorial Flats*[78] vir terugkerende soldate opgerig en in 1973 die *Golden Age Village*. Laasgenoemde verskaf sub-ekonomiese behuising aan bejaardes.

Die Krugersdorp Rotary Club was ook betrokke by die stigting van die Wesrandse tak van die Kreupelsorgvereniging in 1948. Voortvloeiend hieruit het die klub hom beywer vir die stigting van die Wesrandse Skool vir Serebraalgestremde kinders in Wentworth Park, Krugersdorp. Die Klub lewer vandag nog 'n ondersteuningsdiens aan die skool. Die Krugersdorp Rotary Club verleen jaarliks erkenning aan individue uit die gemeenskap vir hulle bydrae tot "Diens bo eie belang"[79] en ontwikkeling van die Krugersdorp

---

77 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer R10, *Krugersdorp Rotary Club*, sd. Kyk ook artikel "Kick polio out of African" in *Rotary Africa*, Vol.72, No.1, Jul. 1998, p.15.

78 SAB, Pretoria, SAM, band 245, verw. 9/14/14, *Werkopdrag vir konstruksiewerk: Ex-serviceman's flats*, 1947.

79 "Diens bo eie belang" (Service above self) is die leuse van Rotary International. Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtinslêer R10, *Krugersdorp Rotary Club*, sd.

gemeenskap in die algemeen. Die toekenning word aan individue van alle rasgroepe gemaak (foto no.60).

Die Krugersdorp Beursleningsfonds is die langste aaneenlopende projek van die Rotary Club. Die fonds is in 1945 gestig. Die fonds help studente, insluitende Swartstudente, om aan 'n verskeidenheid tersiêre opvoedkundige inrigtings te studeer. Die Krugersdorp Rotary Club is by 'n verskeidenheid projekte vir die ontwikkeling van die jeug betrokke. Sedert 1990 word die jaarlikse loopbane-uitstalling, *Loopbane 2000*, deur die Klub georganiseer. Uitstallings word landwyd gewerf. Uitnodigings na die uitstallings word aan alle skole in die Wesrand gerig. Die ondersteuning van die skole, en uitstallers, is baie goed.

Die jeugwerk van die Krugersdorp Rotary Club is een van sy grootste bydraes aan die Krugersdorp-gemeenskap. 'n Jeugweek word jaarliks aangebied waartydens skoolleiers die geleentheid kry vir kulturele interaksie tussen die verskillende bevolkingsgroepe. Die program tydens die jeugweek sluit ook toere na opvoedkundige inrigtings in. Die jeuguitruilskema bied aan plaaslike skoliere die geleentheid om vir 'n jaar as student en ambassadeur vir Suid-Afrika in 'n oorsese land te studeer. Die jeuguitruilskema dra positief by tot die ontwikkeling van leiereienskappe by die student.

Alhoewel al die projekte van die Krugersdorp Rotary Club oop is vir alle bevolkingsgroepe, het die klub ook spesifieke projekte geloods wat op die Swartgemeenskappe gerig is. Die Klub het onder andere biblioteekboeke en ensiklopedië vir die biblioteke van Kagiso en Munsieville gekollekteer en oorhandig. 'n Groot aantal Swartskoliere is met hulp uit die beursleningsfonds in staat gestel om verder te gaan studeer. In 1979 het die Klub 40 bome by die Indiërlaerskool in Azaadville geplant ter herdenking van die 75-jarige bestaan van Rotary International. Die Klub het in 1996 'n Indiërseun as uitruilstudent na Swede geborg.[80]

Die diensorganisasies, anders as die kulturele verenigings, het groter kontinuïteit in hulle bestaan en aktiwiteite. Een van die redes hiervoor is dat

[80] Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer R10, *Krugersdorp Rotary Club*, sd.

die diensorganisasies nie na binne gerig is nie, maar fokus op dienslewering aan die gemeenskap. Die maatskaplike behoeftes van die gemeenskap bied ruim geleentheid vir die diensorganisasies om nuwe projekte, wat as stimulus dien, aan te pak.

Die Krugersdorp Rotary Anns was by verskeie kleiner diensprojekte aan die gemeenskap betrokke. Dit sluit 'n donasie van breekgoed aan die Burgershoop Gemeenskapsentrum vir die daarstelling van 'n gemeenskapskombuis, in. Hulle het die bejaardes van die Golden Age Village op meer as een geleentheid met 'n kersfunksie en -geskenkie bederf. Die Rotary Anns is ook betrokke by die kollekteer van kos, klere en komberse vir minderbevoorregtes, wat hulle aan verskeie welsynsorganisasies oorhandig om uitgedeel te word.[81]

Die *Memorable Order of the Tin Hats* (MOTHS) is 'n klub vir oud-soldate wat aan die Eerste en Tweede Wêreldoorloë deelgeneem het. Die eerste klub of *shellhole*, die Delville Wood Shellhole is in 1923 gestig. Die Protea Shellhole het in 1926 tot stand gekom. Die MOTHS hou jaarliks op *Remembrance Day* (17 Julie) 'n kranslegging by die senotaaf in Monumentstraat ter gedagtenis aan hulle makkers wat in die oorloë omgekom het (foto no.61). Soldate wat in die "grensoorlog" geveg het, word sedert 1990 ook as lede toegelaat.

As diensorganisasie sien die MOTHS om na die maatskaplike welsyn van oud-soldate. Hulle het in 1969 die Krugersdorp Ex-Servicemen's Housing Utility Company wat die Memorial Flats bedryf, by die Krugersdorp Rotary Club oorgeneem. Hulle het in 1986 by die Stadsraad grond bekom vir die oprigting van 'n tweede huisvesting aan oudsoldate. Die huisvesting is in 1990 aangrensend aan die Memorial Flats opgerig.[82]

Min inligting is bekend van die Vrymesselaarsorganisasie in Krugersdorp. Dat die *Royal Order of the Buffaloes* reeds vroeg in die geskiedenis van Krugersdorp 'n gevestigde organisasie was, word afgelei uit die feit dat die Masonic Hall (foto no.62) die vergaderplek van die gemeenskap was totdat

---

81 Museum, Krugersdorp, inligtingspaneel: *Krugersdorp Rotary Anns.*

82 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer M28, *MOTHS*, sd.

die Stadsaal in 1908 in gebruik gegeeem is. Die Stadsraad het in 1912 grond oos van die Paardekraal Monument aan die Vrymesselaars afgestaan vir die oprigting van 'n kinderhuis.[83] Die bedryf van die kinderhuis is later deur die Krugersdorp Nederduitsch Hervormde Kerk oorgeneem.[84]

Die *West Rand Union Club* is in die Engelse klubtradisie in 1901 gestig deur Abe Bailey. Dokter S.W. van der Merwe word ook as die stigter van die klub vermeld en dat hy dit reeds in 1897 gestig het. Die klub word gehuisves in 'n huis wat aan dr. van der Merwe behoort het. Die klub voorsien aan die behoefte van mans om sosiaal te verkeer, snoeker en poker te speel en sake van aktuele belang te bespreek. Een van die redes wat Bailey gemotiveer het om die klub te stig, was om eenheid onder Blankes in Krugersdorp te bevorder. Hieruit kan afgelei word dat lidmaatskap van die klub beperk was tot Blanke mans.[85]

Die Skotse gemeenskap het hulle reeds voor die Suid-Afrikaanse Oorlog in die *West Rand Caledonian Society* verenig met die doel om die Skotse erfenis en tradisies te bewaar. Die vereniging moes op 'n stadium doodgeloop het, want dit is in 1935 onder leiding van 'n Gordon van die Gordon Clan in Skotland, herstig. Die vereniging het 'n eie blaaspyporkes. Die uniform van die orkes is in die kleure van die Gordon Clan. Die Caledonian Society het verskeie feeste met danskompetisies, blaaspyporkes-kompetisies en tradisionale Skotse spele, gereël. Die vereniging het op 4 tot 6 Oktober 1947 '*n Royal Scottish Gathering* op die Wanderers Sportgronde georganiseer (foto no.63). Dit was die eerste nasionale byeenkoms van die aard in Krugersdorp.[86]

---

83 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 Oct. 1912*, p.12.

84 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer J4, *Jac von Belkum-kinderhuis*, sd. Die Jac von Belkum Kinderhuis is in 1997 deur die Nederduitsch Hervormde Kerk gesluit toe staatsubsidies vir die instandhouding daarvan onttrek is

85 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer U2, *Union Club*, sd.

86 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer C1, *Caledonian Society*, sd.

'n Vliegklub is in 1961 gestig onder leiding van Jack Taylor met die doel om burgerlike lugvaart aan die Wesrand te bevorder. Die vliegklub het by die Stadsraad aansoek gedoen om die Krugersdorp Landingstrook vir klubaktiwiteite te gebruik. Die gebruik van die landingstrook het daartoe gelei dat *Reefair (Pty) Limited* in 1969 by die Stadsraad aansoek gedoen het om die landingstrook vir lugvragverkeer en opleiding van burgerlike vlieëniers te gebruik. Die Stadsraad het op 24 April 1969 die reg van gebruik aan *Reefair* goedgekeur.[87] Die bou van die Jack Taylor Lughawe in 1980 is 'n direkte uitvloeisel van die betrokkenheid van die Vliegklub en *Reefair* by die benutting van die ou Krugersdorp Landingstrook.[88]

Die Krugersdorp Bewaringstrust het in 1989 tot stand gekom. Die doel van die Trust is die bewaring en bevordering van Krugersdorp se kulturele erfenis, met die hooffokus op die bewaring van historiese geboue en plekke. Die doelwit van die Trust was om 'n museum in Krugersdorp te vestig, wat hulle in 1993 bereik het toe die Stadsraad besluit het om 'n museum in die Ou Landdrosgebou in Kommissarisstraat, te vestig. Die Bewaringstrust het aanvanklik as 'n satelliet van die Krugersdorp Publisiteitsvereniging gefunksioneer. Vergaderings is gereeld gehou en talle projekte is op die agenda geplaas, maar weinig van hierdie projekte het konstruktiewe resultate opgelewer. Weens 'n gebrek aan kennis en ervaring in bewaring, asook insig in wat bewaringswaardig is, het weinig van die bewaringsprojekte wat geïdentifiseer is, van die grond af gekom. Volgens die notules, wat van elke vergadering gehou is, was daar 'n onvermoë by die bestuur om projekte deskundig aan te pak en deur te voer. Hoewel daar goeie bedoelings bestaan het om die dorp se erfenis in stand te hou, is daar weinig insig getoon in die identifiseer van bewaringswaardige strukture. Die daarstelling van die Krugersdorp Museum is die enigste sukses wat die Trust behaal het.[89]

Die rol en betekenis van die Bewaringstrust moet in die lig van die voorafgaande kommentaar nie te gering geskat word nie. Die groot betekenis

---

87 Stadsraad, Krugersdorp, *Notule van raadsvergadering, Item 787 Onderhoud met Reefair (Pty) Ltd.*, 24 April 1969.

88 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer F5, *Flying Club*, sd.

89 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer B32, *Krugersdorp Bewaringstrust*, sd. en inligtingslêer M24, *Museum*, sd..

van die Trust lê in die feit dat die Stadsraad vir die eerste keer sedert die ontbinding van die Krugersdorp Municipal Dramatic and Operatic Society, weer direk betrokke geraak het by die bewaring van die dorp se kulturele erfenis. Hoe opdraande die stryd was, kan uit die notules en verslae van die vergaderings afgelei word. Die eerste stap was om die Raadslede bewus te maak van die dorp se historiese erfenis. Met die oog hierop het die Trust 'n besigtigingstoer na besiens- en bewaringswaardige strukture vir Raadslede gereël op 26 Oktober 1989. Hierna het die lang proses van onderhandelinge vir die stigting van 'n museum begin. Die Bewaringstrust het intussen ook materiële goedere vir die museum versamel. Die versameling was tydelik by die Krugersdorp Biblioteek gestoor as deel van die Africanaversameling, totdat dit in 1994 na die museum oorgeplaas is.[90]

Jeugverenigings het hoofsaaklik op skoolvlak gefunksioneer. Die uitsondering is die Boy Scouts. Die Boy Scout-beweging is in 1910 deur Lord Robert Baden-Powell op die Brownsea-eilande gestig. Krugersdorp het dieselfde jaar sy eerste klub gekry. Die *Krugersdorp Troop Three* word as die oudste klub in die wêreld beskou. Die Krugersdorp Troop Three het in 1932 'n standplaas met 'n saal as geskenk van die Krugersdorp Stadsraad ontvang. Hierdie eiendom is in 1973 verruil vir 23 hektaar grond suid van Voortrekkerweg teen die hange van die Monumentrant. Die grond is bokant die Eeufeesdam geleë en baie meer geskik vir die buiteluglewe van die padvinders as die saal in die Sentrale Besigheidsdistrik.[91] Klubs van die Boy Scouts is ook in die Swartwoongebiede en in die woongebied vir Bruinmense gevestig.[92]

Die Krugersdorp-Wes Seunsklub het in die dertigerjare tot stand gekom met die doel om seuns van die straat en uit kwaaddoen te hou. Die Seunsklub het 'n gimnasium gehad waar hulle deur vrywilligers geleer is om te boks (foto

90 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer M24, *Museum*, sd.
91 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer B22, *Boy Scouts*, sd.
92 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/118, korrespondensielêer N6, *Maandverslag Sosiale werker*, Jan. 1956.

no.64), te stoei en liggaamsbou te doen.[93] 'n Eie bokssaal en gimnasium is in 1943 vir die Seunsklub in Wes-Krugersdorp opgerig.[94]

Die Paardekraal-Voortrekkerkommando is op 10 Oktober 1932 gestig tydens 'n Krugeraand-fees. Die gasspreker by die geleentheid was dr. N.J. van der Merwe, die eerste hoofleier van die Voortrekkerbeweging. Die leiers van die Krugeraand-komitee was ook die eerste leiers van die Voortrekkerkommando. Die stigting van die Voortrekkerkommando hou verband met die kultuurbeïnvloeding van die een vereniging op die ontstaan en aktiwiteite van 'n ander vereniging. Die Voortrekkers het daarna deel gevorm van verskeie feeste en programme wat deur die Afrikaanse Kultuurorganisasies, byvoorbeeld die ATKV, ATKB en Krugeraand-komitee, aangebied was.[95] Die 1938-Simboliese Ossewatrek was 'n groot geleentheid waaraan die plaaslike Voortrekkers as fakkeldraers direkte betrokkenheid gehad het.[96]

Krugersdorp het 'n groot verskeidenheid vroueklubs wat sosiale verkeer, intellektuele ontwikkeling en uitreiking na die gemeenskap moontlik maak. Vroueklubs het ontstaan uit die behoefte van huisvrouens om buite die eie huis en gesin, by die gemeenskap betrokke te raak. Die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (SAVF) is een van die oudste verenigings vir vroue in Suid-Afrika. Die SAVF is in 1905 gestig. Die SAVF het verskeie welsynsprojekte in Krugersdorp van stapel laat loop. 'n Voorloper van die SAVF, die Krugersdorp Armenversorgingsvereniging het reeds in 1891 aandag gegee aan die versorging van verarmde Blankes in die dorp. Maar dit is die daarstelling van die Moreglans Ouetehuis in 1947 wat die SAVF se grootste en blywendste bydrae aan die Krugersdorp gemeenskap is.[97] Die SAVF was ook betrokke by die daarstelling van 'n dienssentrum vir die bejaardes in

---

93 Kyk ook hoofstuk agt vir besonderhede oor die gimnasium.

94 SAB, Pretoria, UOD, band 611, verw. X8/9/128, Subsidie Krugersdorp West Rand Boys Club, 1943.

95 Verwys ook na die afdeling oor Feeste en feesgeleenthede vir besonderhede.

96 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer P1, *Paardekraal*, sd.

97 TAB, Pretoria, TPB, band 1319, verw. TALG 16/10876/2, Korrespondensie insake behuising vir bejaardes, 1945-1948.

Burgerstraat. Die dienssentrum is in 1967 vernoem na Robert Palk, 'n Rotariër wat hom vir die daarstelling van die sentrum beywer het.[98]

Vrouekrag 2000 is 'n klub vir vroue van alle rasse. Die klub is in 1982 gestig deur vroue wat besorg was oor die rol van die vrou in die ekonomie van die land. Hulle doel was om vroue van alle rasse terug na die arbeidsveld te trek. Die betrokkenheid van Swartvroue by die klub het in 1982 tot onmin in die Stadsraad gelei, omdat die klub in die burgemeester se ontvangslokaal vergader het. Vrouekrag 2000 was uiteindelik verplig om na 'n ander lokaal vir hulle byeenkomste te verhuis. Die plaaslike tak van Jongdames Dinamiek het uit Vrouekrag 2000 gegroei.[99]

Die vroueklubs is meestal op welsynswerk in die gemeenskap gerig. Alhoewel baie van die verenigings nie uitsluitlik vir vroue bedoel is nie, word die meeste van die verenigings deur vroue bedryf. Dit sluit verenigings soos Wesrand Kreupelsorg, Hospice in the West en SANTA (Suid-Afrikaanse Nasionale Tuberkulose Assosiasie) in. Die verklaring hiervoor is geleë in die feit dat mans voltyds by hulle beroepe betrokke is en dat "huisvroue" die tyd en die geleentheid het om betrokke te wees.

Vroue vind ook uitlewing in die verenigingslewe van die verskillende kerke. Hierdie aktiwiteite is dikwels aan die sendinggedagte gekoppel met uitreiking na die gemeenskappe in Munsieville en Kagiso. Uit hierdie betrokkenheid het selfhelpprojekte ontwikkel waarin Swartvroue geleer word om ekonomies en maatskaplik onafhanklik te staan. 'n Voorbeeld van so 'n selfhelpprojek is die naaldwerkklasse wat susters van die Krugersdorp Gereformeerde Kerk aanbied. Hierdie projek word bespreek in hoofstuk nege.

Geleentheid vir verenigingslewe in die Kagiso en Munsieville gemeenskappe is beperk. Die kerke bied in baie gevalle die enigste geleentheid tot 'n verenigingslewe. Die aktiwiteite van hierdie verenigings is meestal op bidure en welsynswerk in die gemeenskap gerig. Omdat beide mans en vroue in die

---

98 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer P20, *Robert Palk*, sd; inligtingslêer M17, *Moreglans*, sd; en inligtingslêer S31, *SAVF*, sd.

99 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer V10, *West Rand Echo*, 17 Sept. 1982. Kyk ook P.H. Kapp, "Afrikaanse kultuurverenigings as kultuurverskynsel", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur en Kunsgeskiedenis*, Vol.6, No.2, Apr. 1992, p.67.

gesin werk, is geleentheid vir deelname aan hierdie aktiwiteite beperk. Daar is egter individue wat oor 'n tydperk van jare uitstaan vir die welsynswerk wat hulle in hulle eie gemeenskappe lewer. Die "sopkombuise" wat 'n ete op pensioendag aan bejaardes voorsien, is deur sulke individue begin. Dit word vandag behartig deur klubs van *Care of the Aged*, wat in baie gevalle uit die bejaardes self bestaan.[100]

Min besonderhede is bekend van die verenigingslewe in Kagiso en Munsieville. Die algemene lewensbeskouing van die Swartmense maak voorsiening dat die gemeenskap vir homself sorg.[101] Phillips bespreek in *The Bantu in the city* enkele algemene verenigings waaraan Swartmense behoort het, onder andere *The independent Order of Good Templars*, waarvan 'n tak vandag nog in Krugersdorp voorkom. Die Orde is gebaseer op 'n Christelike "verdienste" beginsel en gekant teen misdaad en die misbruik van alkohol. 'n Lid van die orde promoveer in die hiërargie van die vereniging op grond van sy voorbeeldige lewe en goeie dade aan die gemeenskap.[102] Die politieke omstandighede het Swartdeelname aan die verenigingslewe in Krugersdorp beperk of verhinder. Die stryd om erkenning en beter werksomstandighede het aan die meerderheid Swartwerknemers 'n heenkome in werkerorganisasies gebied. Die ekonomiese en politieke stryd van die Swartwerknemer in werkerorganisasies word deur Callinicos bespreek.[103]

Geen rekords kon gevind word van verenigingslewe in Azaadville nie, behalwe die bestaan van 'n Besigheidskamer vir Indiërsakemanne. Die lewenswyse van die meerderheid Indiërs is geskoei op die leerstellings van die Islam, wat die versorging van die armes en medemens deel van die daaglikse lewe van die Moslem maak.[104]

Die breër Joodse gemeenskap het hulle met die Engelse kultuur vereenselwig. Seksionele en kulturele tradisies word deur 'n Sionistiese beweging bevorder. Sosiale samesyn en vermaaklikheid volgens die Joodse tradisies word deur

---

100 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer C2, *Catholic Church*, sd.; inligtingslêer M8, *Methodist Church*, sd.

101 G. Vuso, Onderhoud, 1996.

102 R.E. Phillips, *The Bantu in the city...*, pp.295,296.

103 L. Callinicos, *Working life 1886-1940...*, p.201.

104 Verwys na hoofstuk nege oor Godsdiens en Kerklike lewe vir besonderhede oor die Islam.

die Jewish Benevolent Society bevorder. Die bydrae van die Joodse gemeenskap in die verenigingslewe van Krugersdorp is baie wyd omdat Jode op die bestuur van die meeste nie-Afrikaanse verenigings gedien het. Die Krugersdorp Rotary Club het verskeie Jode in sy geledere, waarvan die meeste op een of ander tydstip as president van die klub diens gedoen het. Die verteenwoordiging van die Joodse gemeenskap was ook baie sterk in die West Rand Festival of Arts, veral gedurende die periode toe Sol Davids, 'n Jood, die voorsitter was. Die ledelyste van die West Rand Symphonic Orchestra en die Krugersdorp Municipal Dramatic and Operatic Society toon ook sterk verteenwoordiging uit die Joodse gemeenskap.[105]

Dit is nie moontlik, en dit is ook nie die bedoeling nie, om in hierdie studie al die verenigings in Krugersdorp te bespreek nie, maar eerder om te kyk na faktore wat die verenigings se betrokkenheid by die gemeenskap geraak het en die bestaan van verenigings beïnvloed het. In die lig hiervan is daar tot die volgende gevolgtrekking geraak:

- Die verenigingslewe in Krugersdorp val histories in drie groepe uiteen, naamlik kulturele verenigings, diens- en welsynsorganisasies.
- Slegs 'n klein groepie van die totale gemeenskap is betrokke by die verenigingslewe van die dorp.
- Die betrokkenheid van 'n entoesiastiese leier het 'n groot invloed op die vereniging se aktiwiteite en betrokkenheid in die gemeenskap, hetsy dit op kulturele vlak of as diens- of welsynsorganisasie was.
- Kulturele verenigings het nie holisties na die dorp se kulturele erfenis gekyk nie, maar gefokus op die tradisies, eie waarde en kultuur van 'n spesifieke kultuurgemeenskap.
- Onbetrokkenheid van lede in die aktiwiteite van verenigings het in 'n groter mate by die kulturele verenigings voorgekom as wat die geval was met diens- en welsynsorganisasies.

---

105 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer R10, *Krugersdorp Rotary Club*, sd.; inligtingslêer W21; *West Rand Festival of Art*; inligtingslêer B30, P.R. Block, *We are the music makers*, sd.; inligtingslêer K1, *KADS*, sd.; en inligtingslêer A10, *Art and Culture*, sd. Kyk ook J. Smit, *Die musiekgeskiedenis van Krugersdorp.*

- In die geval van die Afrikaanse kultuurverenigings speel die opkoms van Afrikaner-nasionalisme in die dertigerjare 'n deurslaggewende rol in die ontstaan en aktiwiteite van die verenigings.[106]

Al die verenigings het gebuk gegaan onder die aanslag van modernisme en nuwe denkrigtings wat na die Tweede Wêreldoorlog na vore getree het. Die nuwe denkrigtings het aan die een kant bygedra tot 'n afname in belangstelling en betrokkenheid van lede, maar aan die anderkant het dit ook gelei tot die ontstaan van nuwe verenigings gemik op die veranderde behoeftes van die moderne stedelike samelewing.

7.3. VOLKSFEESTE EN FEESGELEENTHEDE

7.3.1 PAARDEKRAAL: MIDDELPUNT VAN AFRIKANER AKTIWITEITE

Krugersdorp het 'n luisterryke feestradisie. Reeds voor die ontstaan van die dorp het die inwoners van die ZAR 'n tradisie om fees by die Paardekraal-klipstapeling te hou, gevestig. Die Paardekraalgebeure van Desember 1880 het sentraal gestaan in hierdie feesvieringe. Die eerste byeenkoms in 1881 het die karakter gedra van 'n dankfees vir die oorwinning oor die vyand. Die fees is deur die ZAR-regering georganiseer en deur ongeveer 16000 mense bygewoon.[107]

In opvolging van die fees van 1881, het die Volksraad in 1883 besluit dat 'n fees elke vyf jaar op Paardekraal gehou sou word. Die gedagte om 'n monument oor die klipstapeling te bou as simbool van die Republiek se oorwinning oor Brittanje, het tydens die fees van 1886 ontstaan. Die ontwerp van die monument is opgedra aan die staatsargitek, Sytze Wierda en die bouaannemer W.Y. Veitch. Die Monument is in die vorm van 'n vierkantige gedenknaald op 'n boogvormige voetstuk, wat bo-oor die oorspronklike klipstapeling gebou is. Die boogopeninge word met ysterhekke afgesluit. Die

---

106 Verwys na P.H. Kapp, "Afrikaanse kultuurverenigings as kultuurverskynsel", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur en Kunsgeskiedenis*, Vol.6, No.2, Apr. 1992.

107 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Staatscourant der ZA Republiek*, 18 Oktober 1881. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling. Paardekraal Geloftefees-versameling.

monument is 18 meter hoog en gebou met sandstene. Die breë kroonlys rus deur middel van draagarms op die voetstuk. Die kroonlys het 'n versierde ystertraliewerk om. Die inskripsie van die vier marmerpanele teen die voetstuk van die monument verhaal die geskiedenis vanaf die koms van die Hugenote tot 1881, die Paardekraal-byeenkoms[108] (foto no.65).

Die Paardekraal-monument is op 16 Desember 1891 tydens die tweede vyfjaarlikse fees deur President Paul Kruger onthul. Die monument en terrein is in 1912 kragtens Transvaal ordonnansie nr.57 van 1903 as 'n nasionale monument gereserveer, maar dit is eers in 1936 as sulks geproklameer.[109]

Die 16de Desember het in die volksmond bekend gestaan as "Dingaansdag". Dit verwys na die oorwinning van die Voortrekkers oor die Zoeloes tydens die Slag van Bloedrivier. Die term *Geloftedag* het na Republiekwording in 1961 in gebruik geraak met 'n klemverskuiwing vanaf die "oorwinning" na die "gelofte". Sedert 1993 staan 16 Desember bekend as "Versoeningsdag".[110]

Die Paardekraalfeeste in die ZAR het 'n besondere plek in die herdenking van die Republiek se onafhanklikheid ingeneem. Die republikeinse onafhanklikheidstrewe het die sentrum van die Afrikaner se politieke strewe geword. Na die Suid-Afrikaanse Oorlog en die stigting van die Nasionale Party in 1914, het die politieke en kultuurstrewe van die Afrikaner baie nou verweef geraak.[111] Alhoewel die feeste 'n sterk godsdienstige karakter gehad het, was dit nie spesifiek op die 1838-Gelofte gerig nie. Die Gelofte het eers later 'n sentrale deel van die fees gevorm toe die waarde van die Dingaansdagfeeste in nasiebou en volkstrots na vore gekom het. Die Gelofte het aan die Paardekraalfeeste 'n diep religieuse betekenis.[112]

---

108 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer F2, *Festivals*, sd.

109 SAB, Pretoria, JUS, band 117, verw. 3/723/11, Brief Stadsklerk Krugersdorp-Sekretaris van Justisie, 29 Junie 1911; Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1912*, p.10; J.J. Oberholster, *Die historiese monumente van Suid-Afrika*, p.298; M.J. Swart, *Afrikanerbakens*, pp.145-46.

110 H.B. Senekal, *Die feesgebruike van die Afrikaanssprekendes...*, p.179.

111 P.H. Kapp, "Afrikaanse Kultuurverenigings as kultuurverskynsel", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en Kunsgeskiedenis*, Vol.6, No.2, Apr. 1992, p.72.

112 H.B. Senekal, *Die feesgebruike van die Afrikaanssprekendes ...*, p.180.

Die fees in 1896 is die laaste groot fees wat by Paardekraal gehou was voor die uitbreek van die Suid-Afrikaanse Oorlog. Die feesverrigtinge van die periode voor die Oorlog, het die aard van die verrigtinge na die oorlog bepaal en aan die Paardekraalfeeste 'n spesiale karakter gegee.

- Dit was van die begin af 'n volksfees wat deur mense van oor die hele ZAR, en later vanoor die hele Suid-Afrika, bygewoon is. Dit het tot in die onlangse jare, nooit 'n plaaslike aard gehad nie.
- Dit was van die begin af 'n herdenkingsfees waarin die plek en waardes van die Afrikaner sentraal gestaan het in sowel die feesrede as in die Geloftediens.
- Die diep religieuse karakter het uitvoering gegee aan die 1838-Gelofte, naamlik om 16 Desember as 'n rusdag met dank aan die Here te wy. Huisgodsdiens, Godsdiensoefeninge en die Geloftediens vorm 'n belangrike komponent van die feesprogramme.
- As volksfees het dit oor vyf volle dae gestrek met aktiwiteite soos wapenskoue, skyfskiet, volkspele, boeresport, sang en tablo's met voorstellings uit die geskiedenis wat sedert 13 Desember opbou na die feesrede en dankdiens op 16 Desember.[113]

In die periode na die Suid-Afrikaanse Oorlog was die Afrikaner vasgevang in 'n stryd om oorlewing. In die periode tot 1916 het die Krugersdorp Stadsraad by verskeie geleenthede die Dingaansdagfeeskomitee finansieël en in die lewering van munisipale dienste, bygestaan.[114] Die vraag of die grond waarop die Paardekraal-monument staan, deel van die dorpsgronde was, en of dit kroongrond is, het in 1911 tot korrespondensie tussen die Stadsraad en die Sekretaris van Justisie gelei. Martiens Pretorius het in 1886 'n gedeelte van die plaas Paardekraal, ongeveer 100 meter rondom die klipstapeling, aan die ZAR geskenk, sodat die terrein en klipstapeling teen prospekteerders "beskerm" kon word. Die grond was egter nooit aan die Regering oorgedra nie. Die beslissings was dat die monument op kroongrond staan. Die terrein

---

113 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, Paardekraal Geloftefees-versameling, *Programme van verskillende feeste*.

114 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1912*, p.10. Kyk ook inligtingsleër F2, *Festivals*, sd.

en monument is gevolglik ingevolge Ordonnansie nr.57 van 1903 as 'n nasionale monument gereserveer, waarna reeds verwys is.[115]

Die eerste groot Paardekraalfees na die Suid-Afrikaanse Oorlog is in 1916 gehou, met generaal Louis Botha as die feesspreker (foto no.66). Die fees het egter ontaard in 'n politieke gesprek tussen Botha en generaal Hertzog, nadat laasgenoemde in 1914 weggebreek het om die Nasionale Party te stig. Botha wou die 1916-Dingaansfees gebruik om versoening onder die Afrikaners te bewerkstellig. Hy het beplan om die fees op staatskoste aan te bied, omdat daar in die jare 1901, 1906 en 1911 geen "vyfjaarlikse staatsfees" was nie. Sy bedoelinge was egter in twyfel getrek. Hy wou hê dat die fees geheel en al 'n godsdienstige vorm moes aanneem. Alles wat 'n skyn van politiek daaraan sou gee, moes uitgesluit word, maar die Nederduitsch Hervormde Kerk in Transvaal en die Nasionale Party in die Vrystaat het geweier om saam te werk, en in kompetisie met Botha, 'n ewe omvangryke fees te Senekal in die Vrystaat gereël. Die Paardekraalfees was desnieteenstaande deur tussen 30000 en 40000 Suid-Afrikaners bygewoon. Botha het in sy oproep om versoening gevra dat Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes moes saamwerk. Die fees het nie die gewenste hereniging bewerkstellig nie. Nieteenstaande Botha se pogings om nie politiek daaraan te koppel nie, was dit juis die feit dat hy voortgegaan het om die fees eensydig te organiseer, wat dit 'n politieke kleur gegee het.[116]

Die Stadsraad het £1000 (eenduisend pond) gespandeer aan die voorsiening van munisipale dienste aan die feesgangers. Generaal Botha het £300 (driehonderde pond) tot die kostes bygedra. Vir die Stadsraad was die Dingaansfees 'n groot geleentheid wat duisende besoekers vanoor die hele Suid-Afrika na Krugersdorp gebring het. Verskeie "side-shows" was daarom vir die besoekers georganiseer tussen 10 en 20 Desember. Die markplein was aan 'n sekere J.A. Christie uitverhuur as 'n vermaaklikheidspark. Die

---

115 SAB, Pretoria, JUS, band 117, verw.3/723/11, Korrespondensie insake Paardekraal-monument. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1912*, p.10, en Inligtingsleêr F2, *Festivals*, sd. Kyk ook M.A Schutte, *Die geskiedenis van Krugersdorp, 1887-1900*, p.16.

116 O. Geyser & A.H. Marais (reds.), *Die Nasionale Party, Deel 1, Agtergrond, stigting en konsolidasie*, pp.354-358. H.B. Senekal, *Die feesgebruike van die Afrikaanssprekendes ...*, pp.185-186.

dameskomitee het 'n kostuumfees en kermis in Kroningspark aangebied. Die kermis was saans op die Wanderers Sportgronde, ten bate van die Goewerneur-generaal se Oorlogsfonds bedryf. Ondersteuning van hierdie aktiwiteite was egter teleurstellend as gevolg van aanhoudende reëns tydens die feesverrigtinge.[117]

Die aanloop tot die 1916-Paardekraalfees het in Krugersdorp spanningsvol verloop as gevolg van die politieke breuk tussen die Suid-Afrikaanse Party en die Nasionale Party. Die meerderheid lede van die plaaslike Paardekraalkomitee, wat deur Botha in die reëlings van die fees oor die hoof gesien is, was lede van die Nasionale Party. Hulle het in teenreaksie tot die fees 'n "Groot Afrikaanse Konsert" in die Stadsaal gereël vir 5 Julie 1915. Uit vrees dat dit tot politieke oproer sou lei, het die Distrikskommandant van die Suid-Afrikaanse Polisie veertig polisiemanne van die Wesrand op 'n gereedheidsgrondslag in Krugersdorp saamgetrek. Pogings om die konsert af te gelas was nie wenslik omdat dit die potensiële moeilikhede net sou aanwakker. Die konsert is sonder enige voorval aangebied.[118]

Die Suid-Afrikaanse Polisie is ook op 'n gereedheidsgrondslag gebring vir die 1916-Dingaansfees omdat gerugte versprei het dat 'n groep jongmanne van plan was om die feesverrigting te ontwrig en die Eerste Minister te molesteer. Die Distrikskommandant het derhalwe aanbeveel dat alle drankwinkels tydens die feesperiode gesluit moes word. Op 14 Desember 1916 het hy 'n tweede brief aan die Kommissaris van Polisie gerig ter bevestiging van die veiligheid van die Eerste Minister in Krugersdorp.[119]

Die politieke stryd tussen Boer en Brit het vir dekades voortgeduur. Die Dingaansdag-verrigtinge op Paardekraal het simbolies vir die eenheid van die Afrikanervolk gestaan. Dit het gespreek van die Afrikaner se hartstogtelike waardering vir die verlede. Die geskiedenis het die lewensaar van die Afrikaner geword, wat nooit vergeet moes word nie, en wat gedurig op die

---

117 Biblioteek, Krugersdorp. Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 25 October 1917*, pp.11-12.

118 SAB, Pretoria, SAP, band 27, verw CONF6/245/14/356 en K457/14/R, Korrespondensie insake "Groot Afrikaanse Konsert", 1915.

119 SAB, Pretoria, SAP, band 87, verw. SAP2/262/16/3, Korrespondensie Distrikskommandant van Polisie-Kommissaris van Polisie insake Dingaansdag, 1916.

fees aan die jonger geslag vertel moes word. Hierdie sentiment is weerspieël in die voorwoord van die feesprogram vir 1938. Die gebeure by Paardekraal in 1880 word beskryf as die heel beslissendste moment in die geskiedenis van die Afrikanervolk. Die Groot Trek het hier geëindig. Die hoofstuk van padgee - vir - die - Engelse, soos destyds uit die Kaapkolonie en Natal, was vir goed verby. "n Volk wat bly grond verwerf met bloed en trane om dit aan sterkeres af te staan, is om 'n volk van slawe te wees." Die nuwe hoofstuk wat by Paardekraal begin het, dra die opskrif: Die weiering om wat so duur gekoop is, weer prys te gee. Paardekraal dra onmiskenbaar die boodskap dat "Geloofsvolharding op die pad van regverdigheid en billikheid is sterker - en maak ook sterker - as enige oormag en geweld".[120]

Die Dingaansdagvieringe van 1937 word deur ds. K. Papp, wat jare lank op die Geloftefeeskomitee gedien het, as 'n goeie voorbeeld van die voortgesette stryd tussen Boer en Brit gesien. Die fees is deur sir Patric Duncan,[121] die Goewerneur-generaal van die Unie van Suid-Afrika, toegespreek. Hy het in sy toespraak verwys na die eendersheid tussen Boer en Brit en die volk gevra om mekaar se taal en tradisies te waardeer en saam te werk omdat albei groepe 'n besondere rol op die feesdag gespeel het. In reaksie hierop het die Paardekraalfeeskommissie op die eerste vergadering na die fees 'n besluit geneem om in die toekoms slegs gebore Afrikaners as sprekers te nooi.[122]

Die driedaagse Dingaansfees vanaf 14 tot 16 Desember 1938 was in die gees van die Ossewatrek aangebied. Die eerste dag van die fees is gekenmerk deur 'n toespraak by die konsentrasiekampkerkhof en 'n opvoering van Uys Krige se toneelstuk, "Magdalena Retief" onder die spelleiding van Lydia Lindeque. Die tweede dag het bestaan uit 'n gekostumeerde herhaling van die 1896-feesprogram en die "president" se toespraak vanaf die balkon (foto no.67).

---

120 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, Paardekraalfeesversameling en inligtingsleêr F2, *Festivals*, sd. en inligtingslêer P1, *Paardekraal Monument*, sd. H.B. Senekal, *Die feesgebruike van die Afrikaanssprekendes...*, p.180.

121 Sir Patric Duncan was die eerste Goewerneur-generaal wat 'n Suid-Afrikaanse burger was, maar in Engeland gebore is. Hy was Afrikaans volkome magtig.

122 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr P1, Kalman Papp, *Die ontstaan van die Paardekraal-gelofte*, p.14.

Die dag is met 'n vuurwerkvertoning afgesluit. Die program vir 16 Desember het voorsiening gemaak vir die gebruiklike kerkdienste en toesprake.[123]

Die herdenking van die Ossewatrek in 1938 verteenwoordig 'n keerpunt in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Die Ossewatrek het die opkoms van Afrikaner nasionalisme, wat sedert die 1920's sterker gegroei het, versterk en 'n herlewing van die republikeinse ideaal tot gevolg gehad. Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog kort daarna, het die anti-Engelse gevoel versterk, en 'n nuwe betekenis aan die inhoud van die Paardekraalfeesprogramme gegee. Politieke vraagstukke is op 'n nie-politieke grondslag op die feeste aangespreek. Die staatkundige strewe van die Afrikaner, die kleurvraagstuk, taalhandhawing en Afrikaner-volkseenheid loop soos 'n goue draad deur die toesprake van die veertigerjare.[124]

In die tyd van politieke storm en drang wat op die Ossewatrek gevolg het, was die Paardekraalfeeskomitee nie onaangeraak nie. Papp beskryf in sy navorsing oor "Die ontstaan van die Paardekraal-gelofte" die stryd tussen die Feeskomitee en die "Paardekraal Dingaansfees Hervormingsbeweging". Die hervormers was ten gunste van 'n nie-politieke fees waar geen onderskeid gemaak word tussen Blanke rassegroepe nie. 'n Uitvloeisel van die stryd is die verkiesing van 'n oorwegend nasionalistiese feeskomitee in 1940 en die aanbied van 'n opposisiefees op die Wanderers Sportgronde deur die hervormers. Een van die belangrikste twispunte tussen die feeskomitee en die hervormers was die vraag of die 1881-, 1886-, 1891- en 1896-feeste Dingaansfeeste of Paardekraalfeeste was. Die Paardekraalfeeste was as 'n herdenking van die herstel van die ZAR gesien, terwyl die Dingaansfeeste die Gelofte van 1838 in herinnering geroep het. Die uiteinde is dat die twee denkrigtings versoen is met die verskyning van die "Paardekraal-gelofte" naas

123 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/173, korrespondensie leêr J15, *Feesprogram 1938*.

124 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, Paardekraalfees-versameling, *Notules van Paardekraalfeeskomitee*. D.W. Kruger, *The making of a nation. A history of the Union of South Africa, 1910-1961*, pp.190-193; H.B. Senekal, *Die feesgebruike van die Afrikaanssprekendes...*, pp.185-186.

die 1838-Gelofte op die feesprogram van 1946.[125] Die "Paardekraal-gelofte" vorm sedertdien 'n belangrike deel van die Paardekraalfeeste.

Papp het egter gevind dat daar geen bewyse bestaan van die aflegging van 'n gelofte in 1880 nie. Die "1880-gelofte" wat in die 1946-feesprogram verskyn, is die Transvaalse volksbesluit wat op 15 Desember 1879 by Wonderfontein geneem is. Hierdie besluit is as die sogenaamde "Paardekraal-gelofte" aanvaar, alhoewel dit nie waar is nie. Papp kom tot die gevolgtrekking dat die Wonderfonteinbesluit die oorspronklike en eie betekenis van Paardekraal beklemtoon, want Paardekraal "getuig van die strewe van 'n vryheidsliewende volk wat sy vryheid en selfstandigheid nie prysgegee het nie, maar dit teen 'n wêreldmag verdedig het".[126]

Die Paardekraalfees van 1961 het in die gees van die republiekwording gestaan. Die Afrikaner het sy staatkundige ideaal verwesenlik. Met die tema "Ons vir jou, Suid-Afrika - For you, South Africa" lui die Staatspresident, C.R. Swart, 'n era in waarin die versoening tussen Blanke rassegroepe die deurlopende tema van feestoesprake word. In die totale aanslag teen Suid-Afrika moes die Blankes saamstaan teen Swart- en wêreldoorheersing. Paardekraal het opnuut gedien as inspirasie vir duisende Afrikaners wat jaarliks die Geloftefeeste bywoon.[127] Volksfeeste word volgens Kapp in die algemeen gesien as 'n barometer van betrokkenheid by die Afrikaner se kultuurstrewe.[128]

Vandag word die Paardekraalfeeste gekenmerk deur danksegging en verootmoediging voor God. Die gebruik van die Paardekraalfeeste om politieke ideale en nasietrots te bevorder het sedert die politieke oorgangsperiode begin het, geleidelik op die agtergrond geskuif. Die feeste

---

125 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr P1, Kalman Papp, *Die ontstaan van die Paardekraal-gelofte*, pp.14-18. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, Paardekraalfees-versameling, *Notules en korrespondensieleêrs.*

126 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr P1, Kalman Papp, *Die ontstaan van die Paardekraal-gelofte*, p.14. Kyk ook F.A. van Jaarsveld, *100 Basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, 1648-1961*, pp.125,126, vir afskrif van die Wonderfonteinbesluit.

127 SAB, Pretoria, SPT, band 32, verw. 1/6/122/1 en band 52, verw. 1/6/345/12, *Korrespondensie insake besoek van Goewerneur-Generaal Geloftedag, Paardekraal, 1961.* Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, Inligtingsleêr F2, *Festivals*, sd..

128 P.H. Kapp, "Afrikaanse kultuurverenigings as kultuurverskynsel", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en Kunsgeskiedenis*, Vol.6, No.2, April 1992, p.69.

het ook 'n baie meer plaaslike aard aangeneem. Geloftedag word deur die Afrikaner as Suid-Afrika se belangrikste volksfees beskou. Dit word gesien as 'n Sondagfees met 'n behoudende rol waarin die Afrikaanse Christlike kultuurwaardes bewaar word.

Die Engelssprekende gemeenskap van Krugersdorp het die Afrikaner se feesvieringe by die Paardekraalmonument met 'n mate van gelatenheid aanvaar. Geen voorvalle van direkte konflik is aangeteken nie, alhoewel die Engelse pers hulle soms skerp uitgespreek het teen die politieke strekking van toesprake.[129]

Vir die Swartmense was die Blankes se viering van die oorwinning oor Dingaan verkeerd omdat Dingaan, volgens hulle siening, opgetree het om sy land teen Blanke indringing te beskerm. Sy nederlaag by Bloedrivier, en dood daarna, was genoegsame straf vir sy moord op Piet Retief. Die Blankes se viering van Dingaansdag is daarom gesien as uittarting wat die verhouding tussen Wit en Swart verder vertroebel het. Die Swartes het in 1926 Dingaansdag in Johannesburg gevier. Die verrigtinge het bestaan uit 'n diens in die Doornfontein Anglikaanse Kerk, gelei deur dominees Olifant en Seseko. Die president van die Transvaalse tak van die African National Congress, S.M. Makotho, het die feesrede gehou en hom uitgespreek teen die Blanke se viering van die oorwinning oor Dingaan, terwyl rasseharmonie tussen die bevolkingsgroepe verder aangemoedig moet word.

Dingaansdag was vir sowel die Blanke as die Swartmense 'n geleentheid om rasseprobleme aan te spreek. Albei groepe het besef dat hulle nie sonder die ander een kon funksioneer nie. Hierdie gedagte was die kern van adv. E.G. Jansen, Minister van Naturellesake, se toespraak tydens die Dingaansfees van 1929. Groter verdraagsaamheid was nodig.[130]

Die Paardekraalmonument staan as 'n simbool van die ZAR se oorwinning oor Brittanje, maar vir sommige Swartmense is dit vandag nog 'n simbool

---

129 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr F2, *Festivals*, sd., en inligtingslêer P1, verskeie koerantknipsels, 1929.

130 SAB, Pretoria, GG, band 977, verw. 19/954, koerantverslae, & band 999, verw. 19/1155/5, korrespondensie insake Geloftedag, Krugersdorp. A.J. Potgieter, *Die Swartes aan die Witwatersrand, 1900-1933*, pp.416,417.

wat hulle herinner aan 'n tydperk van Blanke oorheersing. Die trant van die politieke toesprake deur die jare het bygedra tot die negatiewe gesindheid wat Swartmense teenoor die monument en die Paardekraalfeeste openbaar. Nieteenstaande die afsydige en negatiewe gevoelens teenoor die monument of die Paardekraalfeeste, is geen voorvalle van beoogde aggressie teen die monument of feesverrigtinge aangeteken nie.[131]

Die inwoners, sowel as die Stadsraad van Krugersdorp, het die Paardekraalmonument nooit as 'n simbool vir Krugersdorp toegeëien nie. Die feit dat die monument as simbool staan van 'n gebeure wat direk aanleiding gegee het tot die stigting van Krugersdorp, en dat die ligging van die monument bepalend was in die uitleg van die dorp, is nie deur Krugersdorpers hulle eie gemaak nie. Krugersdorp het aanvaar dat die monument nasionale besit is. Hierdie gevoel is waarskynlik versterk deur die feit dat die Paardekraalfeeste reeds voor die stigting van die dorp as volksfeeste erken is. Die Staat was histories sedert 1881 prakties gemoeid by Paardekraal as feesterrein. Die Paardekraalmonument is 'n nasionale monument. Tog erken Krugersdorp sy verbintenis met die Paardekraalgebeure van 1880, deur die gebruik van die Paardekraal-monument as 'n simbool op die dorpswapen.

Die betekenis van Paardekraal is deur J.J. van Tonder vergelyk met Exodus 3 vers 5 en 6 in die Bybel. Die Afrikaner staan by die Paardekraal op "heilige grond", soos Moses by die berg Horeb.

> "Hier het die manne van Bo krag ontvang om die groot en betekenisvolle besluit te neem om vir vryheid en onafhanklikheid van hulle vaderland teen 'n wêreldryk, Engeland, te gaan veg. Dit het hulle in staat gestel om by die Gelofte van 1838 aan te sluit om opnuut weer 'n gelofte af te lê waar hulle onomwonde kon verklaar dat die God van die Boerevolk met hulle sal wees om die byna bomenslike taak met sukses aan te pak.

131 U Moila, Onderhoud 1995.

> By Paardekraal kry die burgers van ons sewentigerjare nog besieling en inspirasie vir die stryd van vandag en die bekamping van moderne probleme...
>
> By Paardekraal kon die volk van vandag nog 'n opname maak van die toestand van die fondament waarop die volksgeboue gebou is. Daar kon Afrikaner nog hand in eie boesem steek en verantwoording doen vir hulle taak as volksbouers...
>
> Paardekraal staan vir 'n suiwer gedagte in ons volkslewe wat krag en inspirasie aan die Blankes van die Republiek van Suid-Afrika gee. Paardekraal is die stut en stukrag vir die behoud en bestendigheid van die Christelike Blanke leefwyse in hierdie Suiderland, die woonplek van die Boerevolk. Paardekraal het die pad gebaan dat daar Afrikaans gepraat word op die monumentterrein en die Bybel oopgemaak kan word."[132]

Die Simboliese Ossewatrek van 1938 het grootliks daartoe bygedra om die viering van Dingaansdag op 16 Desember regoor Suid-Afrika te vestig.[133]

7.3.2 DIE SIMBOLIESE OSSEWATREK, 1938

Die Simboliese Ossewatrek van 1938 is een van Suid-Afrika se grootste kulturele gebeurtenisse met verreikende politieke en maatskaplike gevolge vir die land. Die gedagte van Henning Klopper[134] om 'n trek met ossewaens op die spore van "die voortrekkers" vanaf Kaapstad na Pretoria te bring vir die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument op 16 Desember 1938, presies 100 jaar na die Slag van Bloedrivier, is deur sowel die Afrikaanse Taal en Kultuurvereniging (ATKV) en die Federasie van Afrikaanse Kultuurorganisasies (FAK) aangegryp as 'n geleentheid om Afrikanerskap te bevorder. Sover as wat die waens "op die pad van Suid-Afrika" gevorder het, is die waens met entoesiasme ontvang. Meer waens het by die aanvanklike

---

132 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer P1, uittreksels uit toespraak *"Wat Beteken Paardekraal?"*, sd.

133 H.B. Senekal, *Die feesgebruike van die Afrikaanssprekendes...*, p.186.

134 Henning Klopper, Hawe Superintendent van Mosselbaai, het 'n belangrike rol gespeel in die stigting van Afrikanerorganisasies in die 1920's. Hy was die eerste leier van die Broederbond en hy dien op die bestuur van die Afrikaanse Taal en Kultuurvereniging (ATKV), asook die Federasie van Afrikaanse Kultuurorganisasies (FAK).

twee waens, die Piet Retief en Andries Pretorius, aangesluit. Afrikaners het geesdriftig aan die verrigtinge deelgeneem en emosioneel betrokke geraak by die Afrikaner se stryd vir staatkundige eenheid, en teen Blanke-armoede. Die Simboliese Ossewatrek was 'n volksfees waaraan die hele gesin kon deelneem.[135]

In Krugersdorp was dit nie anders nie. Die ossewaens het Krugersdorp op 1 Desember 1938 aangedoen. 'n Spesiale Ossewa Reëlingskomitee was verantwoordelik vir die Ossewafees wat met die besoek saamgeval het. Die reëlingskomitee het bestaan uit vier Stadsraadslede, drie verteenwoordigers van die Paardekraal-feeskomitee en drie lede van die Ossewakomitee. Laasgenoemde groep het spontaan uit die Afrikanergemeenskap ontstaan en reëlings vir die ontvangs van die ossewaens in Krugersdorp tussen die ATKV en die Stadsraad gekoördineer.[136]

Die ossewaens is op die heuwel buite Krugersdorp, aan die grens van Wes-Krugersdorp, ontvang, waar 'n plaaslike perdekommando by die waens aangesluit het. Die waens het die roete langs Rustenburgweg en Kommissarisstraat deur Wes-Krugersdorp en Burgershoop gevolg tot by die stadsaal. Hier het die burgemeester van Krugersdorp, verteenwoordig deur Raadslid J.F.H. Bolton,[137] die trekgeselskap in 'n kort boodskap in Krugersdorp verwelkom. Die boodskap word hieronder aangehaal as voorbeeld van die emosionele opsweping van die Afrikaner, wat 'n kenmerk van die trek was.

> "Stadsraad van Krugersdorp
> Die leier en Trekkers,
> Voortrekker fees-Ossewaenstrek
> Kaapstad na Pretoria
> 1938.
>
> "Vriende, landgenote, Afrikaners!

---

135 Die historiese betekenis van die Simboliese Ossewatrek is vanuit verskillende invalshoeke deur historici in sekondêre bronne beoordeel. Kyk D. Oakes (Ed.), *Reader's Digest illustrated history of South Africa*, pp.336,337 en D.W. Krüger, *The making of a Nation: A history of the Union of South Africa, 1910-1961*, pp.190-193; J.H. le Roux, *Die Simboliese Ossewatrek van 1938 en die Hertzogbewind*; T. de Witte, *Langs die pad van Suid-Afrika.*

136 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/117, korrespondensieleêr J15, *Notules van Ossewa-reëlingskomitee*, 1938.

137 Die burgemeester, Raadslid S. Friedman, was nie in Krugersdorp vir die verrigtinge nie. Die bron gee nie 'n rede vir Friedman se afwesigheid nie.

Dis vir die Stadsraad en inwoners van Krugersdorp 'n oomblik van heilige aandoening en diepe gewaarwordinge, want u staan tans op een van die brandpunte en een van die uitstaande hoogtepunte in ons vaderlandse geskiedenis. Verskillende goue drade van ons volksverlede uit die afgelope eeu knoop hier saam.

Daar is die plaas Paardekraal waarvan die eerste eienaar Generaal Andries Pretorius was en waarop Krugersdorp aangelê is, daar is Paardekraal se verband met sy klipstapel op 13 Desember 1880, daar is Paardekraal en Doornkop met Jameson se oorgawe op 2 Januarie 1896, en Paardekraal met sy gewyde Monument en sy Krugersdorp wat die naam van Paul Kruger dra.

Ons bied u met die ossewaens 'n baie hartlike welkom aan namens die Stadsraad en inwoners van ons geskiedkundige dorp.

Dit is by ons nie menseverering nie, maar Godsverering, die God van die Voortrekkers wat ook ons God is en Wie ons veral by hierdie geleentheid wil eer hier op die erwe van ons vadere, want

Onse Vader daarbo het Sy hand aan die rad,
En Sy oog op die uiterste draai van die pad.
Nogmaals baie hartlik welkom,

Johannes F.H. Bolton
Waarnemende Burgemeester

Krugersdorp
1 Desember 1938

M. de Villiers
Stadsklerk."[138]

Die trek is vanaf die stadsaal na die Paardekraalmonument, waar die waspore in nat sement vir die nageslag bewaar is. Die adres wat namens die inwoners van Krugersdorp aan die trekgeselskap oorhandig is, verwys na die rol wat die vrou in die Groot Trek gespeel het.[139] Die trekgeselskap is vanaf Krugersdorp oor Roodepoort na Johannesburg, voordat dit na Pretoria vertrek het.

Honderde skoolkinders en nuuskierige mense het langs die roete na die stadsaal gestaan om na die waens te kyk. Aanvanklik het die Ossewakomitee beplan dat die waens in Kommissarisstraat moes vertoef sodat die Swartmense daar oor die trek toegespreek kon word. Hulle het egter hiervan, op aanbeveling van die SA Polisie, afgesien omdat dit 'n opeenhoping van

---

138 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/117, korrespondensieleêr J15, *Verwelkomingsboodskap-Voortrekkereeufees-Ossewaenstrek*, 1 Desember 1938. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr F2, *Festivals*, sd.

139 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/117, korrespondensieleêr J15, *Notules van Ossewa Reëlingskomitee*, 1938.

verkeer sou veroorsaak. As alternatief was daar spesiale staanplek langs die roete in Burgershoop vir die Swartmense ingeruim.[140]

Die Stadsraad van Krugersdorp het reeds in April 1938 besluit om £800 (agthonderd pond) tot die kostes van die fees in Krugersdorp by te dra. Dit het die aankoop van 4452 Voortrekkereeufees-gedenkkommetjies van Uniewinkels Beperk, ingesluit. Hierdie kommetjies is aan Blanke leerlinge by al die skole in Krugersdorp oorhandig as 'n aandenking aan die Voortrekker-eeufeesvieringe. Die kommetjies is deur raadslede aan skole in hulle wyke oorhandig.[141]

Naamsverandering van strate, geboue, pleine en dorpsuitbreidings het landwyd in die gees van die Ossewatrek voorgekom. In Krugersdorp het die Stadsraad besluit om die "Old North Road" na Johannesburg, wat in hierdie stadium in aanbou was, "Voortrekkerweg" te noem. Hulle het selfs met die Stadsraad van Roodepoort gekorrespondeer in 'n poging om die pad deur Roodepoort tot in Johannesburg na Voortrekkerweg te verander. Roodepoort het egter volstaan om die roete deur sy munisipale gebied "Ontdekkersweg" te noem. Die plein waarop die blokhuis, 'n nalatenskap van die Suid-Afrikaanse Oorlog, in Monumentdorp is, is die Voortrekkerplein gedoop. Hierdie plein is in later jare vernoem na Jack Taylor, 'n stadsraadslid.[142]

Die gees van die Ossewatrek het 'n jaar later die Ossewakomitee aangespoor om 'n 1938-herdenkingsfees te hou. Hulle het 'n herhaling van die trek deur Krugersdorp vir 1 Desember 1939 beplan en goedkeuring by die Stadsraad verkry om 'n "stoet-kollekte" ten bate van die Reddingsdaadbond langs die roete in te samel.[143] Die ossewa is vanaf Oatlands, ongeveer drie kilometer

---

140 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/117, korrespondensieleêr J15, *Briefwisseling Ossewakomitee met Stadsraad en SA Polisie,* 1938.

141 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/117, korrespondensieleêr J15, *Afskrif van raadsbesluit, item (x) 55,* 25 Apr. 1938, en Brief Provinsiale Sekretaris-Stadsklerk Krugersdorp, 15 Jul. 1938.

142 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/117, korrespondensieleêr J15, *Afskrif van raadsbesluit,* 21 Nov. 1938.

143 Die Reddingsdaadbond het uit die Ekonomiese Volkskongres van 1939 in Bloemfontein tot stand gekom om die ekonomiese nood van die armblanke Afrikaners te verlig deur die mobilisering van Afrikanerkapitaal. 'n Tak van die Reddingsdaadbond het in Wes-Krugersdorp bestaan.

buite Krugersdorp, deur leerlinge van die Krugersdorp-Wes Afrikaansmedium skool getrek tot by die skool. Die oorhandiging van die wa aan leerlinge van die Burgershoopskool het gepaard gegaan met 'n kort seremonie. 'n Soortgelyke seremonie het by Burgershoopskool plaasgevind toe die wa aan Voortrekkers van die Paardekraalkommando oorhandig is. Die Voortrekkers het die wa na die Burgershoopbegraafplaas getrek vir die onthulling van 'n gedenkplaat by die Konsentrasiekampgrafte deur die "volksmoeder", mev. C. Stroh. Senator Sarel Alberts het 'n gedenkplaat by die burgergrafte onthul. Vanaf die begraafplaas is die wa deur Voortrekkers getrek tot by die stadsaal, waar die burgemeester die groete van Krugersdorp aan die leerlinge oorhandig het. Vanaf die stadsaal is die wa na die Kerkstraatskool getrek, terug na Markplein en laastens na die Paardekraalmonument. Die wa is na die monument getrek deur leerlinge van die Hoërskool Monument. By die Paardekraalmonument is verskeie toesprake gehou voordat die wa na Monument Hoërskool getrek is vir die aansteek van 'n fakkel en afsluiting van die fees.

Die 1938-herdenkingsfees in 1940 was nie so omvangryk nie, omdat 1 Desember op 'n Sondag geval het. Die verrigtinge het uit 'n gesamentlike diens van die Afrikaanse Kerke by die Paardekraalmonument bestaan. Hiermee het die tradisie om jaarliks op 1 Desember by "Pretoriuskraal"[144] 'n kerkdiens te hou as deel van die Geloftefees, beslag gekry.[145]

Die Simboliese Ossewatrek van 1938 het 'n nuwe gees van hoop, verwagting en beplanning by die Afrikaner aangewakker. Die geesdrif het egter na republiekwording verflou. In 'n poging om die betekenis van die Ossewatrek weer te laat opvlam, het dr. J.J. van Tonder[146] van Krugersdorp, namens die Historiese Stigting van Suid-Afrika gepoog, om fondse in te samel vir 'n

144 Die oorspronklike perdekraal van M.W.P. Pretorius op die plaas Paardekraal.

145 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/173, korrespondensieleêr J15, Korrespondensie insake herhaling van 1938 Ossewatrek.

146 Dr. J.J. van Tonder was 'n onderwyser, skoolhoof en later inspekteur van onderwys in Krugersdorp. Hy het die Afrikanersaak op die hart gedra en 'n leidende rol gespeel in die totstandkoming van die Paul Kruger-standbeeld en die J.G. Strydommonument langs die dam teenoor die Paardekraalmonument.

Ossewa monument. Hierdie monument sou in die vorm van 'n watent bo-oor die waspore by die Paardekraalmonument opgerig word. Briewe waarin donasies vir die monument gevra word, is landwyd uitgestuur na munisipaliteite, kultuurorganisasies en nasionale besighede. Die fondsinsamelingspoging was nie suksesvol nie. Die gelde wat wel ingesamel is, is in trust deur die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging belê tot in 1988, toe 'n 150-jarige herdenkingstrek gereël is.[147]

Die tweede trek in 1988 was minder aangrypend. Dit het weens politieke verdeeldheid onder die Afrikaners nie soveel steun op nasionale vlak geniet as wat die geval was met die 1938-Ossewatrek nie. 'n Klein granietmonumentjie is in Voortrekkerweg tydens die feesgeleentheid in Krugersdorp onthul.[148]

Die Ossewakomitee het in 1939 besluit om een van die waens wat aan die simboliese trek deelgeneem het, vir Krugersdorp aan te koop. Die Paardekraalkomitee was gewillig om die £200 (tweehonderd pond) aankoopprys te betaal. Die Stadsraad sou verantwoordelik wees om jaarliks £200 (tweehonderd pond) by te dra tot die ATKV se studieleningsfonds. Omdat daar geen waarborg was dat die Stadsraad se bydrae vir die jeug van Krugersdorp aangewend sou word nie, was hulle huiwerig om deel te neem. Die Finansiekomitee het die besluit uitgestel totdat die 1940/41 begroting opgestel is. Die wa is nie vir Krugersdorp aangekoop nie.[149]

As alternatief het die Stadsraad die Krugerbeursfonds ondersteun. Die beursfonds is gesamentlik deur die Stadsraad en die Krugeraand-komitee bestuur. Die doel van die fonds was om finansiële steun aan jongmense van Krugersdorp te verleen vir verdere studie aan die Universiteit van die Witwatersrand en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.[150] Die beursfonds het £30 (dertig pond) per jaar per student in 1954 uitbetaal. Die bedrag is in 1959 verhoog na £50 (vyftig pond) per jaar

147 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr O2, *Ossewatrek 1938.*

148 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Krugersdorp Nuus*, 25 Febr. 1988, p.23.

149 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/1/173, korrespondensieleêr J15, Briefwisseling insake aankoop van ossewa, 1940.

150 Verwys ook na bespreking oor Onderwys in hoofstuk tien vir besonderhede oor hulp wat aan studente verleen is.

per student. 'n Uitsondering is in hierdie jaar gemaak in die geval van twee ingenieurstudente, aan wie elk £100 (eenhonderd pond) betaal is.[151]

7.3.3 'N FEESTRADISIE RONDOM KRUGERDAG

Die verjaarsdae van die ou Republikeinse presidente was as 'n feesdag deur die Republiek gevier. Die gebruik is voortgesit na Uniewording deur 10 Oktober, die verjaarsdag van Paul Kruger, as 'n openbare vakansiedag te vier. In later jare het die dag bekend gestaan as Heldedag, ter ere van die helde van die verlede. Krugersdorp was die eerste dorp aan die Witwatersrand wat 'n feestradisie rondom Krugerdag opgebou het. Vanaf 1921 was daar gereelde Krugeraande waartydens sprekers hoofsaaklik oor Paul Kruger gepraat het. Om op een aand na drie toesprake oor die dieselfde persoon te luister, het niemand verveel nie[152] (foto no.68). Die toekoms van die jeug het as inspirasie vir die Krugeraande gedien. Die Kruger Beursfonds is aan die Krugeraande gekoppel. Die Kruger-figuur en -heldedade is gedeel deur pres. M.T. Steyn en genl. C.R. de Wet, wat albei ook in Oktober verjaar het. Die drie saam het geleidelik die ander heldefigure verdring. Die Afrikanerhelde is as sluitstene in die opbou van Afrikanereenheid gesien. Die program is doelbewus gewy aan Afrikaanse musiek en voordrag.[153]

Die Krugeraande het met verloop van jare in formaat gegroei tot volwaardige Krugerfeeste, waarby veral die jeug betrokke was. Die Krugerfees van 1949 het saamgeval met die vyftigjarige herdenking van die uitbreek van die Suid-Afrikaanse Oorlog. Die ATKV het 'n landwye "Ruiterfees" georganiseer waartydens perdekommando 'n prominente rol gespeel het. In Krugersdorp is die feesgeleentheid in die Marksaal aangebied met voorstellings van boeregeneraals, slagspreuke en optrede deur oudstryders. Musiek en

---

151 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/137, korrespondensieleêr K13, *Opgawes van beursuitbetalings*, 1940.

152 Tydens die Krugeraand van 10 Oktober 1921 het oud OVS president en ZAR-staatsekretaris, F.W. Reitz, die hoofrede gelewer met vertellinge uit die lewe van Paul Kruger. Hy is gevolg deur senator Barry Munnik wat Paul Kruger as leier geskilder het en Henning Klopper wat 'n historiese oorsig oor die lewe van Paul Kruger gegee het. Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr P1, *Program, Krugeraand*, 10 Okt. 1921.

153 H.B. Senekal, *Die feesgebruik van die Afrikaanssprekendes...*, pp.174,175.

koorsang het vir verdere afwisseling op die program gesorg. Die gasspreker by die geleentheid was prof. C.H. Rautenbach van die Universiteit Pretoria.[154]

Die hooftema van die Krugerfees in 1951 was koorsang en volkspele. In 1952 het die fees gepaard gegaan met 'n optog deur die strate van die sentrale dorp. Die feesrede is by Pretorius Park gelewer deur adv. F.C. Erasmus, die Minister van Verdediging en afgesluit met piekniek en boeresport. Die aandprogram op die Wanderers Sportgronde was gerig op die jeug. Die gasspreker vir die aand was prof. L.J. du Plessis.

Die fees in 1954 is weer in die Marksaal aangebied. Die program het bestaan uit toesprake, skoolkore, voordragte en 'n historiese voorstelling. Leerlinge het vooraf aan 'n opstelwedstryd deelgeneem en die pryse is by die feesgeleentheid aan die wenners oorhandig.

Die Krugeraande se doelstelling was om 'n eg nasionale gees onder Krugersdorpers en landgenote te bevorder in 'n tyd toe die herinnering aan die volksheld Paul Kruger gevaar gestaan het om te vervaag as gevolg van ekonomiese agteruitgang en politieke omwentelinge. By die Afrikaner was daar kulturele stagnasie en die Krugeraande was, wat die Wesrand aanbetref, die middel om nasietrots by die Afrikaner aan te wakker en 'n gevoel van samehorigheid te ontwikkel.

Die Stadsraad het die Krugeraande finansieel ondersteun, maar ook by geleentheid tydens besoeke van hoë profiel gassprekers, byvoorbeeld 'n minister, burgerlike onthale ter ere van die besoeker aangebied.[155]

Die Krugeraand-komitee het vanaf die begin uit 'n Dameskomitee en 'n Manskomitee bestaan, wat gesamentlik 'n Breëkomitee gevorm het. Lede, verkieslik egpare wat bewys gelewer het van hulle diensvaardigheid en begeerte tot volkdiens, is by wyse van uitnodiging gewerf. Die Krugeraand-

---

154 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr F2, *Feesprogram*, 10 Okt. 1961.

155 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/137, korrespondensieleêr K13, Briefwisseling en Krugerfeesprogramme. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr F2, *Festivals*, sd.

komitee het as 'n outonome komitee voortbestaan tot in die dertigerjare toe dit saamgesmelt het met die Krugerfeeskomitee van Wes-Krugersdorp en die Skole-Krugerfeeskomitee. Die nuwe liggaam het bekend gestaan as die Krugerfeesbestuur. Die doelstellings van die Krugerfeesbestuur was:

- "Die jaarlikse viering van Krugerdag waarby ook spesiale aandag aan die jeug geskenk sal word veral ten opsigte van die bewuswording en navolging van die volkstradisies.
- Die jaarlikse insameling van fondse vir studielenings aan behoeftige leerlinge en studente binne die magistraatsdistrik van Krugersdorp."

Die grondslag van die Krugerfeesbestuur was "Christelik nasionaal." Die Stadsraad van Krugersdorp het die reg gehad om een raadslid op die Raad van Trustees te benoem.[156]

Die Krugerfeesbestuur het onder leiding van J.J. van Tonder oor 'n lang periode fondse vir die oprigting van 'n Krugerstandbeeld in Krugersdorp, ingesamel. Die Stadsraad het reeds in 1950 besluit om £4000 (vierduisend pond) oor 'n periode van vier jaar tot die fonds by te dra. Die Stadsraad het ook die grond geskenk, en dit vir die oprigting van die monument voorberei. Die Krugerstandbeeld is op 10 Oktober 1961 deur staatspresident C.R. Swart onthul. Die monument is geleë onderkant die dam in Pretorius Park, oorkant die Paardekraalmonument.[157]

Belangstelling in die Krugerfeeste het na republiekwording geleidelik afgeneem. Die Paardekraal Laerskool het nog in 1973 'n Krugerfees aangebied waarin die taalhelde vereer is vir hulle bydrae om Afrikaans tot 'n selfstandige taal op te hef.[158]

---

156 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/137, korrespondensieleêr K13, Afskrif van grondwet *Krugersdorp-Krugerfeesbestuur*. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr P1, *Paardekraal-monument*, sd.

157 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr F2, *feesprogram*, 10 Okt. 1961.

158 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr F2, *feesprogram*, 10 Okt. 1973.

Wanneer die Paardekraal- en die Krugerfeeste in perspektief gestel word, moet dit gesien word teen die historiese agtergrond waaruit die feeste ontstaan het. Hierdie feeste spruit voort uit die Afrikaner se bewondering en waardering vir en visie op sy verlede. Die waarde en betekenis van die volksfeeste is juis geleë in die kleur wat dit aan die volkslewe gegee het, maar as 'n middel om die verskillende bevolkingsgroepe bymekaar uit te bring, het dit weinig of geen sukses gehad. Die gedagte van nasionale eenheid is in 'n toenemende mate by die feeste ingedra, maar hierdie nasionale eenheid was slegs op die Blanke, en meer spesifiek, op die Afrikaner, van toepassing. Vir die Afrikaner was sy volksfeeste 'n ernstige gebeurtenis met 'n kultuur-politieke en godsdienstige aard. Daarom was daar geen ruimte vir sinlose, ligsinnige handelinge of uitbundige vreugde nie.[159]

7.3.4 DIE VAN RIEBEECKFEES, 1952

In 1952 het Suid-Afrika die aankoms van Jan van Riebeeck aan die Kaap, driehonderd jaar gelede, feestelik herdenk. Alhoewel die hooffees in Kaapstad was, het dorpe landwyd op plaaslike vlak aan die fees deelgeneem. Die aankoms van die poskoets "Johannesburg" in Krugersdorp was die hoogtepunt van die fees wat op die Wanderers Sportgronde gehou is. 'n Groot volkspele saamtrek met tablo's uit die geskiedenis en 'n opvoering van die toneelstuk "Die Dieper Reg" van N.P. van Wyk Louw deur die Krugersdorp Dramavereniging, het verder deel van die program uitgemaak. 'n Gesamentlike kerkdiens onder leiding van die drie Afrikaanse kerke is op 6 April 1952 by die Paardekraalmonument gehou.[160]

Die Stadsraad van Krugersdorp het nie net die "Van Riebeeck-fees" finansieel ondersteun nie, maar ook die "Van Riebeeck-Woonstelle" vir bejaarde weduwees as blywende aandenking in gebruik geneem. In dieselfde periode is die woongebied Quelleriepark, vernoem na Maria de Quellerie van Riebeeck,[161] ontwikkel.

---

159 Kyk ook P.H. Kapp, "Afrikaanse kultuurverenigings as kultuurverskynsel", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur- en Kunsgeskiedenis*, Vol.6, No.2, Apr. 1992, pp.65-75.

160 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr F2, *Festivals*, sd.

161 Raadpleeg hoofstuk drie vir besonderhede rakende die residensiële ontwikkeling.

Die Stadsraad het £200 (tweehonderd pond) goedgekeur vir die aankoop van 'n replika van die koets wat deur Pres. Paul Kruger gebruik is. Hierdie koets het in April 1952 in Kaapstad aan die Van Riebeeck-fees deelgeneem, waarna dit per trein na Johannesburg vervoer is, en per vragmotor tot in Vereeniging. Dit het vanaf Vereeniging oor Randfontein na Krugersdorp gery, vergesel van 'n perdekommando, vir die oorhandiging op 31 Mei 1952. 'n Gesamentlike kadetorkes van die Krugersdorp High School, die Sentrale Hoërskool en Monument Hoërskool, het die prosessie vanaf die ingang van Krugersdorp tot by die Wanderers Sportgronde gelei. Die burgemeester, Raadslid J.A. Jooste, het die koets namens Krugersdorp in ontvangs geneem, en dit daarna aan die Paardekraalfeeskomitee oorhandig vir bewaring. Die koets word vandag in die betaalsaal van die burgersentrum ten toon gestel.[162]

7.3.5 BESOEK VAN BRITSE KONINGSGESIN EN KRONING VAN ELIZABETH II

Die Engelssprekende gemeenskap het nie dieselfde waarde en betekenis aan feeste en feesgeleenthede gekoppel as die Afrikaner nie. In die Europese tradisie was 'n volksfees vir hulle meer 'n geleentheid wat deur 'n bepaalde ritueel gekenmerk word.[163] As 'n gemeenskap was hulle aandeel aan die sosiale en kulturele lewe in Krugersdorp, wat afsonderlik bespreek word, veel groter as hulle betrokkenheid by feesgeleenthede. Aan die anderkant het hulle nie hulle tradisies en bande met die Britse kroon vergeet nie. Reeds voor die Suid-Afrikaanse Oorlog het hulle die verjaarsdag van Koningin Victoria feestelik herdenk. Die kroning van koninklikes en koninklike besoeke aan Suid-Afrika was besondere geleenthede wat met 'n feesgeleentheid gepaard gegaan het. Die vernoeming van "Die Park" na Kroningspark ter herdenking aan die kroning van Edward VII in 1903 is 'n voorbeeld hiervan.[164]

Uniewording in 1910 is 'n besondere geleentheid wat tot feesvieringe gelei het. Die Stadsraad van Krugersdorp het by hierdie geleentheid 'n

---

162 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr F2, *Festivals*, sd.
163 H.B. Senekal, *Die feesgebruike van die Afrikaanssprekendes...*, p.150.
164 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr C13, *Coronation Park*, sd.

gedenkpenning laat slaan en aan al die Blanke skoliere in die Witwatersberg Skoolraadsdistrik as aandenking laat oorhandig.[165]

Die besoek van die koningsgesin aan Krugersdorp in 1947 (foto no.69), was 'n geleentheid wat nie ongesiens verbygegaan het nie, alhoewel slegs 'n klein uitgesoekte groepie mense die voorreg gehad het om aan die feestelikheid deel te neem. Die koninklike besoek het 'n lang aanloop gehad waarin die besoek tot in die fynste besonderhede volgens die protokolreëlings beplan is. Die protokolreëlings is vanuit Londen deur die Minister van Buitelandse Sake voorgeskryf. Die Stadsraad het 'n spesiale *porte-cochere* (inryportaal) voor die stadsaal vir die ontvangs van die koningsgesin aangebou. 'n Spesiale kleedrepetisie is op 8 Maart 1947 onder toesig van die amptenaar vir protokolreëlings gehou om te verseker dat die besoek sonder haakplekke verloop. Al die gaste wat aan die koning voorgestel is, en wat die teeparty bygewoon het, was verplig om die kleedrepetisie by te woon. Die gaste was beperk tot Raadslede en enkele ander vooraanstaande gemeenskapsleiers.

Die verskillende organisasies in Krugersdorp het langs die roete wat die motor na die stadsaal gevolg het, gestaan. Elke organisasie het homself aan die koning geïdentifiseer deur die vertoon van 'n banier. Duisende inwoners het reeds van ligdag af langs die roete "gekampeer" of op dakke en in bome geklim om die koningsgesin te sien. Geen spesiale reëlings is getref vir die kinders van die dorp, of vir die Swartmense nie. Die enigste kompensasie was dat 2 April 1947 tot 'n openbare vakansiedag vir Krugersdorpers verklaar is.

Die uitgesoekte gaste is in die burgemeester se ontvangslokaal aan die koning voorgestel, waarna die koning vir 'n kort wyle op die balkon verskyn het. Tee is in die stadsaal geniet. Geen toesprake is gehou nie. 'n Adres is namens Krugersdorp aan die koning oorhandig, wat in skrif daarop geantwoord het. Die volle tydsduur van die koninklike besoek aan Krugersdorp was slegs 45 minute.[166]

---

165 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr U1, *Afskrif van raadsbesluit, item 19,* 20 Jun. 1910.

166 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr R14, *Notules van Reëlingskomitee* en koerantknipsels, 1947.

Die kroning van koningin Elizabeth II in 1953 is feestelik in Krugersdorp gevier. Die strate was met liggies versier. Die winkelvensters was getooi in die koninklike kleure met foto's van die koningin. Die munisipale orkes het saam met die orkes van die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK) 'n simfonie konsert in die stadsaal aangebied en die Rooms-Katolieke vroueliga 'n "square-dance" vir die jongmense. Die welsynsbal wat die burgemeester ter ere van die kroning aangebied het, was 'n finansiële sukses en dit is as die sosiale funksie van die jaar uitgesonder (foto no.59).

Die hoogtepunt van die kroningsfees is op 2 Junie 1953 op die Wanderers Sportgronde aangebied. Die feestelikheid was veral op die skoliere gerig. Leerlinge van die Krugersdorp High School het in 'n simboliese kroningspel, die kroningsplegtigheid 'n werklikheid vir die toeskouers gemaak in 'n tyd toe televisie nog nie deel van die Suid-Afrikaanse samelewing was nie.

Die Stadsraad het op 27 April 1953 besluit om as deel van die feesvieringe, drie osse vir die inwoners van Munsieville, Luipaardsvleilokasie en die woongebied vir Bruinmense te slag. Plaaslike komitees moes egter sorg vir die organiseer van feesverrigtinge in die woongebiede. Min gegewens is beskikbaar van hierdie feesverrigtinge.[167]

7.3.6 ANDER FEESGELEENTHEDE

Republiekwording was vir die Afrikaner die bereiking van sy politieke ideale. Waar hy in die verlede weinig ruimte gelaat het vir deelname deur ander bevolkingsgroepe, was dit anders gesteld met die republiekfeeste wat sedert 1961 gevier is. Republiekfeeste is op 31 Mei gehou as 'n onafhanklikheidsfees, omdat die land vry was van die bande wat hom aan Brittanje gebind het. As sulks was dit 'n nasionale fees waaraan alle volke in

167 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr C11, korrespondensie en koerantknipsels, 1953.

die Republiek, kon deelneem. Die Republiekfees van 31 Mei 1966 het voorsiening gemaak dat Swartmense saam aan 'n feesgeleentheid in Krugersdorp kon deelneem, alhoewel nie in dieselfde geleentheid as Blanke skoolkinders nie.[168] Geleenthede waar Blankes en Swartmense saam feesgevier het, was beperk. Die Stadsraad het in 1959 toestemming verleen dat 200 Indiërs en Bruinmense saam met Blankes in die Yankeesaal in die woongebied vir Bruinmense aan die "Taalfees" deelneem. "Die wonder van Afrikaans" is by hierdie geleentheid feestelik herdenk.[169]

Feeste en feesgeleenthede in die verband waarin dit in die voorafgaande paragrawe bespreek is, het nie in die Swartmense se tradisionele kultuur voorgekom nie. Feesgeleenthede het vir hulle saamgehang met 'n bruilof of die besoek van 'n familielid, en dan was dit meer 'n gesinsfees wat met familie en vriende gedeel is. Geen feesgeleentheid na die aard van die Paardekraal- of Krugerdag-feeste, is deur die Swartmense in Krugersdorp gevier nie.

7.4. UITVOERENDE KUNSTE

Musiek en toneel het reeds voor die uitbreek van die Suid-Afrikaanse Oorlog 'n belangrike deel uitgemaak van Krugersdorp se kultuuraktiwiteite. Verskeie besoekende kunstenaars en beroemde musici het konserte in die Masonic Hall aangebied. Hierdie konserte was met wisselende belangstelling en entoesiasme ondersteun. Dit was eers met die stigting van die *Town Band* in 1909 dat die musiekgeskiedenis in Krugersdorp momentum gekry het. Hierdie momentum het in die vyftigerjare van hierdie eeu ten gunste van moderne musiek begin afneem.

Krugersdorp, veral *The Krugersdorp Municipal Dramatic and Operatic Society* (KMDOS), het 'n reuse aandeel gehad in die Suid-Afrikaanse toneelgeskiedenis. In 'n tydperk toe die beroepsteater die knie gebuig het voor die gewildheid van die rolprent, het amateurtoneel die toneelwêreld oorheers. Krugersdorp word in baie opsigte as die bakermat van die Suid-Afrikaanse beroepsteater gesien. Die rol wat P.P. Breytenbach as voorsitter

---

168 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingsleêr F2, *Festivals*, sd. Kyk ook H.B. Senekal, *Die feesgebruike van die Afrikaanssprekendes...*, p.163.

169 TAB, Pretoria, MKR, band 2/3/2/58, korrespondensieleêr C19, Afskrif *Raadsbesluit*, 27 Mei 1959.

van KMDOS in die *Federasie vir Amateurtoneelgeselskappe in Suid-Afrika* (FATSA) en die *Nasionale Toneelorganisasie* (NTO) gespeel het, is 'n onlosmaaklike deel van die invloed wat KMDOS op die Suid-Afrikaanse toneelgeskiedenis uitgeoefen het.

7.4.1 MUSIEK EN TONEEL IN KRUGERSDORP VOOR 1909

Die belangstelling van die publiek in die periode voor 1909 was baie wisselend. Tye van oplewing en entoesiasme is afgewissel met tye van ondersteuning en belangstelling. Die Afrikaner het geen noemenswaardige aandeel gehad in die kultuuraktiwiteite van die tyd nie, hoofsaaklik as gevolg van sy verarmde lewensomstandighede en stryd om ekonomiese oorlewing. Die inisiatief vir die organiseer en aanbied van musiek- en toneelkonserte het hoofsaaklik van die Engelsgeoriënteerde mynbestuurders en sakelui uitgegaan. Die Joodse gemeenskap het reeds van 'n vroeë stadium in die geskiedenis 'n leidende rol op kultuurgebied gespeel.

Die Krugersdorpse Vrywilligerkorps het 'n koperblaasorkes gehad wat gereeld openbare uitvoerings gegee het. Pogings om hierdie orkes met die Krugersdorp Police Brass Band te verenig, het as gevolg van die Oorlog doodgeloop, alhoewel *The Standard* van 21 Januarie 1899 melding maak van die stigting van die gesamentlike orkes onder die leiding van ene Harris. Die koperblaasinstrumente van die orkes is geskenk deur Lt. P. Van Zyl van die polisie.[170]

'n Groep sangers en dansers het in 1899 onder leiding van die mandolien en banjospelder Frank Piper in die Masonic Hall opgetree. Die konsert is goed bygewoon, maar *The Standard* berig dat "...the music was pretty, but not quite elaborate enough to satisfy a critical, up-to-date audience".[171]

Verskeie vooraanstaande persone in Krugersdorp het besoekende en buitelandse musici na Krugersdorp genooi. Reeds in 1902 het Bertha Foresta en Kate Hyde saam met die Johannesburgse pianiste Esther Barnett op

---

170 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer B30, *The Standard,* 21 Jan. 1899, en P.R. Block, *We are the music makers*, p.7; asook J. Smit, *Die musiekgeskiedenis van Krugersdorp*, p.2.

171 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *The Standard*, 16 Jun. 1899. Kyk ook J. Smit, *Die musiekgeskiedenis*... p.2.

uitnodiging van Abner Cohen 'n konsertuitvoering in die Masonic Hall gegee van werke van Mendelsohn. In 1903 was die Wesleyaanse Kerk gashere vir Nell Spur en die *London Society Entertainers*. Later in dieselfde jaar het die *French Rand Quartet* ten bate van die kerkboufonds opgetree.[172]

Die ingebruikneming van die Krugersdorp Stadsaal op 8 Februarie 1908 is gekenmerk deur musiekuitvoerings deur *The Operatic Class of the South African College of Music* onder leiding van Joseph Tressi. Die Operatic Class het die komedie *Bocaccio* en *The Mikado* vir die geleentheid opgevoer.[173] Die geselskap van Samuel Epstein het ook in 1908 *Faust* in Krugersdorp opgevoer. Die Johannesburg Stadsorkes onder leiding van Max Weinstein was verantwoordelik vir die musiekbegeleiding.[174]

7.4.2 MUSIEKGESKIEDENIS

Krugersdorp het 'n luisterryke musiekgeskiedenis. Dit is ingelui deur die stigting van die *Krugersdorp Town Band* in 1909 onder die beskerming van die Stadsraad. Raadslid E.J. Adcock het namens die Stadsraad op die bestuur van die orkes gedien. Die Stadsraad het reeds vroeër in die jaar besluit om die orkes met £500 (vyfhonderd pond) per jaar te subsidieer vir die aankoop van die instrumente en uniforms. Die Stadsraad het ook 'n aandeel gehad aan die aanstelling van W.J. Ward[175] as die dirigent. Ward sou 'n salaris van £20 (twintig pond) per jaar ontvang.[176] Die orkes het uit dertig lede bestaan. Baie min Afrikaanse vanne kom onder die dertigtal voor. Slegs F. Joubert en moontlik Metelerkamp kon dalk Afrikaanssprekend gewees het. Die moontlikheid dat heelwat van die orkeslede, soos Ward, oud-Britse soldate

---

172 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer B30, P.R. Block, *We are the music makers*, p.7.

173 Kyk hoofstuk drie, Bestuursontwikkeling, vir besonderhede insake die ingebruikneming van die stadsaal.

174 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer B30, P.R. Block, *We are the music makers*, p.8.

175 Walter John Ward het saam met die Britse troepe na Suid-Afrika gekom en hom na die Suid-Afrikaanse Oorlog in Krugersdorp gevestig. Hy was die koorleier en orrelis van die Presbiteriaanse Kerk in Krugersdorp. Hy was ook een van die eerste musiekonderwysers in Krugersdorp.

176 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 Oct. 1909*, p.11. Kyk ook J. Smit, *Die musiekgeskiedenis ...*, p.4.

was, kan nie buite rekening gelaat word nie. Block beskou die stigting van die Town Band as die begin van Krugersdorp se musiekgeskiedenis.[177]

Die Town Band het sy eerste uitvoering van militêre blaasmusiek in die Park gelewer binne vier maande na sy stigting (foto no.70). Die uitvoering het volgens *The Standard* groot byval by die publiek gevind, want die applous was telkens lank, aaneen en entoesiasties.[178] Die orkes moes volgens sy ooreenkoms met die Stadsraad gereeld openbare uitvoerings in die Park aanbied. Die stadsaal is ook een keer per maand gratis tot die beskikking van die orkes gestel.

Die Town Band het spoedig in finansiële probleme verval en in 1912 bedank Ward as dirigent en orkesleier omdat hy nie sy salaris ontvang het nie. Die koste om dertig orkeslede te onderhou was te hoog. Die Stadsraad het daarom besluit om die orkes te ontbind en die uniforms en instrumente, wat met raadsubsidie aangekoop is, terug te neem. Die ontbinding van die orkes was 'n groot terugslag vir die kultuurlewe van die tyd. Die Park was 'n gewilde besoekpunt en die publiek het die Sondagmiddag-uitvoerings van die orkes baie geniet.[179]

Die gewildheid van die orkes, en moontlik ook publieke aanvraag, het daartoe gelei dat 22 van die orkeslede in 1913 besluit het om met die Town Band voort te gaan. Die Stadsraad het weer sy steun belowe op voorwaarde dat die orkes minstens een gratis opvoering per maand in die Park moes aanbied. Die Stadsraad het ook die uniforms voorsien en £1 (een pond) per lid tot die salarisse van die orkeslede begedra. Daar is van die orkeslede verwag om 'n deposito van £25 (vyf-en-twintig pond) elk te betaal vir die gebruik van die musiekinstrumente.[180]

---

177 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer B30, P.R. Block, *We are the music makers*, p.8.

178 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *The Standard*, 11 Des. 1909. Kyk ook J. Smit, *Die musiekgeskiedenis ...*, p.5.

179 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1910*, pp.9,108.

180 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 31 October 1913*, p.11.

Die orkes het met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog 'n moeilike tydperk betree. In hierdie tyd het Stewart, Rowe, Allen en Nankovis as dirigent probeer om die orkes aan die gang te hou. Baie van die orkeslede het ook as soldate by die oorlogsmagte aangesluit, wat telkens gapings gelaat het wat deur nuwe, onervare spelers vervang moes word. Die gevolg was dat die orkes weereens by die Stadsraad aangeklop het vir finansiële steun, wat die Raad toegestaan het op voorwaarde dat die orkes nou twee gratis opvoerings per maand moes aanbied. Die een opvoering was in die Park en die tweede opvoering in Randfontein. Die opvoerings in Randfontein is swak bygewoon. Geen rede word vir die swak bywoning van die opvoerings gegee nie.[181]

Die Krugersdorp Town Band is in 1916 vir 'n tweede keer gereorganiseer. Hierdie keer is behoorlike huishoudelike reëls, wat orkeslede onder andere verplig om repetisies by te woon en vir die verpligte gratis opvoering aan te meld, opgestel. Pogings is ook aangewend om die orkes op 'n beter besigheidsgrondslag te bestuur. Hiervoor is administrateurs aangestel, sodat die orkeslede op die repeteer van musiek en die uitvoerings kon konsentreer. Die orkesleier en dirigent was E. McEnvoy, voorheen verbonde aan die Newcastle-on-Tyne Band. Die Stadsraad het weer £50 (vyftig pond) bygedra vir uniforms, asook £15 (vyftien pond) per maand vir lopende uitgawes. Die voorwaarde was weereens dat die orkes twee gratis uitvoerings per maand moes aanbied, een in Krugersdorp en een in Randfontein. Hierdie keer is die orkes beter deur die Randfontein-Randgate gemeenskappe ontvang.[182]

Die orkes het met 'n goeie 26 orkeslede begin, maar spoedig agt lede aan die oorlogsmagte afgestaan. Aan die einde van die jaar het die orkes uit 21 lede bestaan. Die Stadsraad het ook in 1916 besluit om 'n orkesverhoog in die Park op te rig. Die verhoog is tydens 'n konsert ten bate van die Goewerneur-Generaal se oorlogsfonds in gebruik geneem. Die orkes het ook

---

181 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer B30, P.R. Block, *We are the music makers*, p.8, J. Smit, *Die musiekgeskiedenis* ..., p.9.

182 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 25 October 1916*, p.12. Kyk ook inligtingslêer T6C, *Town Band afskrif van huishoudelike reëls.*

in hierdie tyd by die Floridameer, op uitnodiging van die Bantjes Consolidated Mines, opgetree.[183]

Die onafhanklike orkeskomitee het op uitnodiging as administrateurs van die orkes opgetree. James Munsie, die Hoofgesondheidsinspekteur van die munisipaliteit, was vir jare as ere-sekretaris die spil waarom die orkes gedraai het. Sir Abe Bailey, die parlementêre verteenwoordiger vir Krugersdorp, was die eerste president en J. Herbert van *The Johannesburg Star*, die voorsitter. Die orkesleier was die enigste orkeslid op die komitee. As professionele speler het die orkeskomitee die verantwoordelikheid gehad om vir hom 'n bykomende werk in Krugersdorp te bekom waarmee hy sy inkomste kon aanvul. Die res van die orkeslede was vrywilligers wat meestal op die omliggende myne werksaam was.[184]

Die bedanking en vertrek van McEnvoy het die Krugersdorp Town Band tydelik weer in 'n krisis gedompel. Die orkeskomitee het dadelik die vakature geadverteer teen 'n salaris van £10 (tien pond) per maand, plus 'n fooi per optrede. Daarby is dit van die orkesleier verwag om hom in Krugersdorp te vestig. Die orkeskomitee was weer verantwoordelik om vir hom 'n bykomende werk in Krugersdorp te bekom waarmee hy sy inkomste kon aanvul. Twaalf aansoeke is vir die pos ontvang. Die orkeskomitee het op 31 Augustus 1917 eenparig besluit om A. Harris aan te stel. Harris het die spesifieke opdrag ontvang om die bywoning van orkeslede vir repetisies en optredes te verbeter.[185]

Die orkes het onder Harris en met die hulp van Ward jong seuns as leerling-musici ingeneem vir afrigting op voorwaarde dat die jongelinge, lede van die orkes moes word. Die orkes het in 'n kamer onder die pawiljoen van die Wanderers Sportgronde geoefen. Hierdie lokaal was swak verlig en baie koud in die winter, sodat die orkes die Stadsraad versoek het om elektrisiteit daarin aan te lê. As werkende mense was die orkes verplig om in die aand te

---

183 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Mayor's Minute for the year ending 25 October 1916,* p.12. Kyk ook inligtingslêer T6B, *verslag van aktiwiteite aan Stadsraad*, 30 Jun. 1916.

184 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer T6B, *Town Band*, sd.

185 Biblioteek, Krugersdorp, Africana versameling, inligtingslêer T6C, *Notule van orkeskomitee*, 31 Aug. 1917.

oefen. Die Stadsraad het aan die versoek voldoen en ook besluit om die £25 (vyf-en-twintig pond) subsidie vir 'n verdere ses maande te hernu. Die Stadsraad het ook £5/10/- (vyf pond en tien sjiellings) bewillig vir die aankoop van 'n bykomende koronet.[186]

Die vergoedingspakket wat die orkesleier ontvang het, het in 1919 tot ontevredenheid onder die orkeslede gelei. Volgens hulle was die £28 (agt-en-twintig pond) wat as subsidie van die stadsraad ontvang is, onregverdig verdeel. Die orkesleier het 'n salaris van £10 (tien pond) hieruit ontvang en eers nadat die lopende uitgawes met betrekking tot die uitvoering, byvoorbeelde busgeld, van die balans afgetrek is, het die orkeslede elk 'n gelyke deel van die oorblywende bedrag ontvang. Dit het beteken dat orkeslede dikwels 'n skamele 7/6 (sewe sjiellings en ses pennies) per maand gekry het vir sy werk. Dit het volgens hulle nie die tyd en opoffering wat met die orkes verband hou, geregverdig nie. Hulle voorstel was dat die orkesleier nie die £10 (tien pond) moes ontvang het nie, maar dat die balans nadat die lopende uitgawes afgetrek is, eweredig tussen al die orkeslede verdeel moes word. In hierdie stadium het die orkes uit sewe professionele spelers en 15 plaaslike spelers bestaan. Die orkes het nie veel aan inkomste verdien nie. Daarom het die orkeskomitee besluit om as kompensasie 'n bonus van £3/10/- (drie pond en tien sjiellings) aan die professionele lede te betaal en tussen £1/7/6 (een pond, sewe sjiellings en ses pennies) en £2/10/- (twee pond en tien sjiellings) aan plaaslike lede, afhangende van die tydperk wat elkeen lid van die orkes was.[187]

Die onenigheid in die geledere van die orkes en die moontlikheid dat hy sy salaris sou moes inboet, het tot Harris se bedanking gelei en is W.J. Ward vir 'n tweede keer aangestel as die orkesleier. Dat die ontevredenheid van die orkeslede oor hulle vergoeding vir optrede nie bygelê is nie, kan afgelei word uit Ward se brief aan die voorsitter van die orkeskomitee in 1921. Hierin kla hy oor die swak bywoning van orkeslede tydens repetisies en optredes. Hy verklaar dan ook dat die orkes vir alle praktiese doeleindes nie meer bestaan

186 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer T6C, Briefwisseling met Stadsraad, 1919.

187 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer T6C, *Notules van orkeskomitee*, 1919.

nie. Hy het die orkeslede wat nie die oefeninge bywoon nie, versoek om hulle instrumente in te handig. Die Krugersdorp Town band is op 23 Februarie 1921 amptelik ontbind. In reaksie hierop het die stadsklerk op 9 Maart 1921 kennis gegee dat die Stadsraad nie verder die maandelikse subsidie sal uitbetaal nie, en dat die musiekinstrumente aan die stoorman terugbesorg moes word.[188]

Die publiek het in die twaalf jaar wat die Town Band bestaan het, die uitvoerings gereeld ondersteun en geniet, maar min belangstelling getoon in die feit dat die orkes finansiële probleme ondervind. Geen rekords kon gevind word dat die orkes fondse uit die gemeenskap ontvang het, anders dan toegangsgelde by sommige optredes nie. Trouens, die orkes het gereeld konserte vir liefdadigheid aangebied waarvoor hulle slegs vir die lopende uitgawes vergoed is. Desnieteenstaande kan die rol wat die Town Band in die musiekgeskiedenis van Krugersdorp gespeel het, nie gering geskat word nie. Die Town Band het die musiekliefhebbers van Krugersdorp voorberei op die kulturele oplewing wat op die Eerste Wêreldoorlog gevolg het.

Die stigting van 'n Distriksblaasorkes in 1919 het grootliks bygedra tot die ondergang van die Krugersdorp Town Band. Die Distriksblaasorkes het bestaan uit musici van Krugersdorp en Randfontein. Pogings om die Krugersdorp Town Band daarin op te neem het misluk. Die nuwe orkes het gereeld konserte vir liefdadigheid in die Park aangebied, asook Sondagaande in die stadsaal. Die orkes het populêre en klassieke musiek gespeel.[189]

Die kulturele oplewing na die Eerste Wêreldoorlog het gelei tot die stigting van die Wesrandse Operavereniging onder leiding van Kmdt. H. Richardson. Die doel van die nuwe vereniging was om 'n liefde vir goeie musiek by die publiek aan te wakker, en om fondse vir liefdadigheid in te samel. Die eerste opvoering wat die vereniging aangebied het, was Gilbert en Sullivan se *Country Girl*. Meer as 60 plaaslike persone het in die opvoering opgetree. Die volgende jaar was dit *The Orchid*, ook van Gilbert en Sullivan, wat in die

---

188 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer T6C, *Notule van orkeskomitee*, 23 Febr. 1921.

189 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, J. Smit, *Die musiekgeskiedenis...*, p.6. Kyk ook inligtingslêer T6A, *Town Band*, sd.

Vaudette bioskoopteater aangebied is, en die jaar daarna *The Quaker Girl* van Gilbert en Sullivan.[190]

Intussen is 'n orkesvereniging ook gestig om die Distriksblaasorkes te ondersteun. Die orkesvereniging het hulle daarvoor beywer om 'n volledige simfonieorkes op die been te bring met houtblaas-, koperblaas- en snaarinstrumente. Die blaasorkes het gereeld Maandagaande in die Presbiteriaanse Kerk onder leiding van Ward geoefen. In 'n poging om die belangstelling van die publiek aan te wakker, het Majoor A.H. Howgrave-Graham in 1924 die Kaapstadse Munisipale orkes na Krugersdorp genooi vir 'n reeks opvoerings. Spesiale konserte vir kinders is ook gereël.[191]

Min besonderhede is bekend oor die orkesvereniging en die blaasorkes. *The Standard* het sporadies berig oor optredes en die behoefte van die orkes na goeie orkes bladmusiek. Die *West Rand Symphonic Orchestra* (WSO) het eers in 1934 tot stand gekom onder die leiding van dr. P. Stewart en maj. A.H. Howgrave-Graham. Die dirigent van die simfonieorkes was Joseph Trauneck.[192] Plaaslike talent is deur professionele musici aangevul. Bekende musici soos die pianiste Anna Bender en Anton Hartman was gereelde gaskunstenaars.[193]

Die doel van die simfonieorkes was om die optredes van KMDOS, waarna later verwys word, aan te vul en nie om in kompetisie met laasgenoemde te staan nie. Die orkes het uit agttien lede bestaan. Plaaslike musici soos Dorothea Griffiths (viool), Peggy-Ann Haddon (klavier) en Phyllis Rae Block (nee Lonstein) (tjello) het hulle buiging in die musiekwêreld saam met die simfonieorkes gemaak. Die orkes het gereeld een keer per maand uitvoerings in Krugersdorp en die omliggende dorpe gegee. Die orkes is uit fondse wat

---

190 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, J. Smit, *Die musiekgeskiedenis...*, p.6.

191 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, J. Smit, *Die musiekgeskiedenis...*, p.10, inligtingslêer B30, P.R. Block, *We are the music makers*, p.13.

192 Trauneck was dirigent van die Johannesburg Colosseum orkes. Hy het onder Arnold Schoenberg in Wenen studeer en daarna in verskeie Europese lande soos Oostenryk, Duitsland en Tjeggoslowakye opgetree voordat hy in 1934 na Suid-Afrika gekom het. Hy was ook betrokke by die stigting van die Johannesburgse Simfonieorkes, die Pretoria Jeugorkes en die Germiston Munisipale orkes. Hy het ook dikwels as gasdirigent vir die SAUK Simfonieorkes opgetree. In 1954 het hy weer in die buiteland opgetree, naamlik in Frankryk, Duitsland en Israel.

193 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer B30, P.R. Block, *We are the music makers*, p.14, J. Smit, *Die musiekgeskiedenis ...*, p.14.

die publiek in die vorm van subskripsies bygedra het, onderhou, maar die Stadsraad het in 1935 en 1947 ook finansiële steun aan die orkes verleen.[194]

Sedert die stigting van die WSO het orkesuitvoerings groter musiekvariasies gehad. Verskeie buitelandse musici het saam met die orkes opgetree. Reeds in 1934 het KMDOS die wêreldberoemde sopraan Galli-Curci na Krugersdorp genooi vir 'n program van populêre en klassieke musiek. Die Galli-Curci konsert op 24 November 1934 het groot byval by die publiek gevind. Ander buitelandse kunstenaars wat saam met die orkes opgetree het, het Pnina Saltzman en Phillip Levey van Tel Aviv (1937) en die koloratuur sopraan Erna Zack (1952) ingesluit. Aurelia Hartman, suster van die dirigent Anton Hartman, het in 1947 twee van haar eie komposisies saam met die orkes uitgevoer. Anton Hartman het vir twee jaar (1948 en 1949) as dirigent van die orkes waargeneem.[195]

Die programme van 1938 en 1943 het sowel simfonie- as klassieke werke, afgewissel met koorsang en optredes van soliste, ingesluit. Volgens Smit is die feit dat simfonieë op die konsertprogramme voorkom, sowel as die feit dat daar op feitlik elke konsert ook ander werke uitgevoer word, 'n bewys van die entoesiasme en werkywer van die orkeslede. Teen 1944 het die orkes reeds 83 konserte in Krugersdorp en die omgewing aangebied.[196]

Onder die leiding van KMDOS het die opvoerings van musiekblyspele en operettes in die dertigerjare 'n hoogtepunt bereik. Oor 'n tydperk van bykans twintig jaar het die patroon ontwikkel om jaarliks 'n groot opvoering aan te bied, met gereelde Sondagaand-konserte. Een van die konserte is in 1949 deur die SAUK opgeneem en onder die titel *The microphone visits Krugersdorp* uitgesaai. Anton Hartman het by hierdie geleentheid as dirigent opgetree. Die program van die orkes en koormusiek het groot byval gevind.

---

194 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer B30, P.R. Block, *We are the music makers*, p.12, J. Smit, *Die musiekgeskiedenis ...*, p.15.

195 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer A1, *Aandeel van Krugersdorp in Tweede Vryheidsoorlog*, sd; inligtingslêer B30, P.R. Block, *We are the music makers*; en inligtingslêer K1, *KADS*, sd.

196 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, J. Smit, *Die musiekgeskiedenis ...*, pp.12-15. Kyk ook inligtingslêer B30, P.R. Block, *We are the music makers*.

'n Spesiale konsert wat hoofsaaklik uit werke van Russiese komponiste bestaan het, is in 1944 ten bate van noodleniging in Rusland, aangebied.[197]

As voorsitter van KMDOS was P.P. Breytenbach die groot dryfveer agter die musiek en toneelgeskiedenis van Krugersdorp. Sy rol word breedvoeriger in die afdeling oor toneelkuns bespreek. Sy vertrek in 1952 na Pretoria, het 'n groot leemte gelaat en gelei tot die beëindiging van die samewerking tussen die WSO en KMDOS. Breytenbach se vertrek het krisisse in beide organisasies veroorsaak wat tot die ontbinding van beide gelei het. Een van die redes wat Smit hiervoor aanvoer, is die afname in openbare ondersteuning. Toe Krugersdorp nog 'n klein gemeenskappie was, het almal na die konserte gegaan, maar later met die koms van bioskope, het die entoesiasme afgeneem. Met die verloop van jare is die uitvoerings al hoe swakker ondersteun.[198]

Die belangstelling onder orkeslede het ook afgeneem. Reeds in die laat veertigerjare moes lede van die SAUK-simfonieorkes van tyd tot tyd bygekry word om die West Rand Symphonic Orchestra te laat optree. Dit het finansiële implikasies gehad wat die WSO nie kon volhou nie. Die £250 (tweehonderd-en-vyftig pond) wat die Stadsraad tot die uitgawes bygedra het, was onontbeerlik, maar onvoldoende om die voortbestaan van die orkes te verseker. Die Stadsraad het daarby vereis dat die orkes 'n minimum van vier gratis konserte per jaar moes aanbied uit erkenning vir die finansiële steun. 'n Opvallende kenmerk van die programme van die tyd is dat feitlik elkeen werke van Mozart ingesluit het. Smit is van mening dat die betrokkenheid van die SAUK-orkeslede die WSO in staat gestel het om groter en moeiliker werke aan te pak en uit te voer. Die feit dat die optredes van die orkes afgeneem het, kan ook toegeskryf word aan die feit dat die orkes groter en moeiliker werke ingestudeer het.[199]

---

197 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, J. Smit, *Die musiekgeskiedenis* ..., p.18; inligtingslêer B30, P.R. Block, *We are the music makers*, p.13. Kyk ook inligtingslêer B30, *The Westrander*, 28 Jan. 1949. Die noodleniging hou verband met die nood en leiding wat in Rusland tydens en na die Tweede Wêreldoorlog geheers het.

198 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, J. Smit, *Die musiekgeskiedenis* ..., p.19. Kyk ook inligtingslêer B30, P.R. Block, *We are the music makers*.

199 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, J. Smit, *Die musiekgeskiedenis* ..., p.19 en 21.

Die beskikbaarheid van goeie musiek op fonoplate het ook daartoe bygedra dat die publiek se belangstelling in lewendige uitvoerings afgeneem het. Orkeslede self het hulle beskryf as "...the last dying remnants of those who prefer making their own music than having it canned."[200]

Die groot probleem was om die belangstelling van die jongmense in klassieke orkesmusiek te wek in 'n tydperk toe die "Rock and Roll" hoogty gevier het. Programme van hierdie tyd het daarom verskeie skoolkore ingesluit. Die skoolkore is uitgenooi in 'n poging om 'n liefde vir klassieke musiek by die kinders te kweek, maar ook om aan hulle die geleentheid te gee om hulle talent te ontwikkel. Die kore van die Hoërskool Monument, Noordskool, die Krugersdorp High School en die Hoërskool Riebeeck (Randfontein) het van die geleentheid gebruik gemaak om saam met die orkes op te tree.[201]

In 'n poging om die openbare belangstelling in orkesmusiek te stimuleer, is die Wesrandse Orkesvereniging in 1948 onder voorsitterskap van Eileen Manners (foto no. 60), 'n plaaslike musiekonderwyseres, gestig. Die orkesvereniging het in 1957 met die Suid-Afrikaanse Musiekvereniging geaffilieer. In hierdie stadium was S.B. Shaw die voorsitter van die vereniging. Hy het verskeie bekende musici en dirigente na Krugersdorp genooi om saam met die orkes op te tree. Derek Ochse[202] is in 1958 as die amptelike dirigent van die orkes aangestel. As gevolg van die toenemende finansiële nood om die WSO op 'n voltydse basis aan die gang te hou, het die Orkesvereniging in 1961 besluit om voortaan slegs "celebrity concerts" aan te bied. Hoogstaande uitvoerings is aangebied deur onder andere Pieter de Villiers (pianis), Vincent Fritelli (violis) en die Rhodes Kamerkoor, na 1962 is een verdere verwysing na die orkesvereniging gevind nie. Die belangstelling van die publiek in "goeie" musiek het volgens Bloch gekwyn.[203]

---

200 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer B30, *The Star*, 11 Mei 1956.

201 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, J. Smit, *Die musiekgeskiedenis* ... , p.20.

202 Derek Ochse was 'n musikant van Rustenburg wat reeds op vyfjarige ouderdom met musiekonderrig begin het. Hy het aan verskeie Johannesburgse kunswedstryde deelgegeeem en in 1951 'n beurs by die Universiteit van Suid-Afrika verwerf om in Londen onder Albert Sammons in viool te gaan studeer.

203 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer B30, P.R. Block, *We are the music makers*, p.28.

Die verkiesing van P.W. Marais tot burgemeester van Krugersdorp in 1958, het 'n groot hupstoot gegee aan die bevordering van musiek in Krugersdorp. Marais was bekend as Krugersdorp se "singende burgemeester". Hy was 'n groot liefhebber van koormusiek. Onder sy leiding is die Wesrand- en Krugersdorp-koorvereniging in 1958 gestig. Hy het ook op die Stadsraadsvergadering van 3 Maart 1958 'n ernstige pleidooi gelewer vir die bevordering van musiek in Krugersdorp. Hy het daarop aanspraak gemaak dat Krugersdorp die middelpunt van die Wesrand is en daarom leiding moes neem in die bevordering van musiek.[204]

Die stigting van 'n koorvereniging het 'n nuwe era in die musiekgeskiedenis van Krugersdorp ingelui. Die koorvereniging het uit 25 lede onder voorsitterskap van John McMahon bestaan. Lionel Proctor was die koormeester. Reeds in die eerste jaar van sy bestaan het die koorvereniging, begelei deur die WSO, 'n uitvoering van Händel se *Messias* gegee. Verskeie ander uitvoerings saam met die WSO het gevolg, onder andere Gilbert en Sullivan se *The Gondoliers* in 1959. Na 'n lang tyd van "droogte" is daar dus weer 'n vollengte musiekopvoering aangebied. Alhoewel 'n groot gehoor by die opvoering was, het die belangstelling van die publiek oor die algemeen gekwyn en slegs halfvol sale kon getrek word. Selfs nie die stigting van 'n Musiekliefhebbersvereniging onder leiding van Eileen Manners, kon 'n oplewing bewerkstellig nie.[205]

Verskeie ander verenigings het vir korter en langer periodes hulle verskyning gemaak. Hieronder val die *West Rand Festival of Arts* wat 'n konsertplatform aan talentvolle kunstenaars gegee het. Die West Rand Festival of Arts as 'n kunswedstryd word afsonderlik bespreek. Daar was ook die *West Rand Arts Group* (1961-1964) en die *Krugersdorp Musical Society* (1961-1963). Phyllis Block was verantwoordelik vir die stigting van 'n slagorkes in 1973 waaraan hoofsaaklik haar eie musiekleerlinge deelgegeeem het. Sy is ook verantwoordelik vir die stigting van die *Krugersdorp Jeugorkes* in 1983 met Jane Muïr as dirigent en die vyftienjarige Erika Bezuidenhout as orkesleier.

---

204 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, J. Smit, *Die musiekgeskiedenis* ..., p.23, inligtingslêer B30, P.R. Block, *We are the music makers*, p.28.

205 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, J. Smit, *Die musiekgeskiedenis* ..., p.25, inligtingslêer B30, P.R. Block, *We are the music makers*, p.26.

Die uitvoerings van hierdie orkes was baie gewild, maar dit kon as gevolg van heelwat eksterne probleme soos ongereelde bywoning van repetiesies en finansiële las, nie die mas opkom nie. Die jeugorkes het in die *Wesrandse Jeugorkes* van die Transvaalse Onderwysdepartement opgegaan. Die dirigent van die Wesrandse Jeugorkes was Pienaar Fourie. Die uitvoerings van die Wesrandse Jeugorkes het sedert die Krugersdorp eeufeesvieringe in 1987 toegeneem. 'n Groot deurbraak vir die orkes was toe die United Bank in 1991 'n borgskap van R53000 aan die orkes toegestaan het. Met hierdie borgskap is die voortbestaan van die jeugorkes vir ten minste 'n verdere vyf jaar verseker.[206]

Die eeufeesvieringe van Krugersdorp in 1987 het 'n oplewing in die kultuuraktiwiteite van die dorp meegebring. Met die oog op die eeufeesvieringe is die *Krugersdorp Stadskoor* gestig, wat vandag nog bestaan, terwyl 'n SAUK-televisiereeks oor Boeremusiek vanuit die Eeufeessaal gebeeldsend is. 'n Verdere uitvloeisel van die eeufeesvieringe is die stigting van die *Krugersdorp Kuns- en Musiekvereniging* onder leiding van Jackie Heyneke en Benoni van Graan. Die doelstellings van die vereniging was om op 'n nie-winsgewende basis musiek en ander kunsvorme te bevorder, morele ondersteuning aan bestaande verenigings te bied en geleenthede vir optredes deur plaaslike jong kunstenaars te skep en te ondersteun. Die Stadsraad het in opvolging van die eeufeesvieringe in 1988 'n simfoniekonsert in die Eeufeessaal aangebied.[207]

Die oprigting van die Eeufeessaal het nie daarin geslaag om 'n noemenswaardige verandering of oplewing in Krugersdorp se kwynende belangstelling in die uitvoerende kunste te bring nie. Musiekuitvoerings vandag (1993) spreek die behoefte van die tyd aan deur die aanbied van geleentheidskonserte deur populêre Suid-Afrikaanse kunstenaars. Die fokus val op ligte vermaak, met periodieke uitvoerings van die Stadskoor of besoekende kunstenaars om in die behoefte vir "ernstige" musiek te voldoen.

---

206 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer W21, *West Rand Festival of Arts*, sd; en J. Smit, *Die musiekgeskiedenis* ..., pp.34-36.

207 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer A10, verskeie koerantknipsels insake eeufeesvieringe, 1986.

Die meerderheid van hierdie konserte word onder beskerming van die Krugersdorp Publisiteitsvereniging aangebied.

Die musiekgeskiedenis van Krugersdorp sedert 1903 val in drie periodes uiteen. Tydens die eerste periode was die musiek in die Park wat deur die Krugersdorp Town Band aangebied is, baie gewild. In die tweede periode, wat rofweg die periode tussen die Eerste en Tweede Wêreldoorlog uitmaak, het Krugersdorp 'n bloeityd in sy musiekkultuur beleef. Die musiekprogramme van hierdie periode het aan die smaak van 'n wye verskeidenheid van die gemeenskap voldoen, maar dit was die ideale van P.P. Breytenbach om die Afrikaans- en Engelssprekendes op kultuurterrein te verenig, wat stukrag aan die optredes van sowel die WSO en die KMDOS verleen het. In die derde periode het modernisme die klassieke musiek op die agtergrond gedwing. Verskeie verenigings het gepoog om die kwynende belangstelling van die publiek in die algemeen, maar veral die van die jeug, in "goeie" klassieke musiek te wek. Die is egter duidelik dat hulle die stryd verloor het. Nie eens die oprigting van die Eeufeessaal in 1986 het 'n noemenswaardige oplewing meegebring nie.

Die musiekkultuur van die verlede het geen ruimte gelaat vir die bevordering van die musiek onder die Swart- en Indiërgemeenskappe van Krugersdorp nie. As gevolg van die algemene politieke segregrasie was hulle nie toegelaat om konserte in die Stadsaal by te woon nie. Alhoewel die huishoudelike reëls van die Town Band en die WSO nie lidmaatskap van Nie-Blanke persone uitgesluit het nie, was daar ook geen ruimte gelaat vir hulle om by die orkeste aan te sluit nie. Geen rekords kon gevind word van pogings van beide organisasies om doelbewus 'n belangstelling in musiek by hierdie gemeenskappe te bevorder nie.

Die natuurlike aanleg wat die Swartmense vir sang het, is waarskynlik slegs in die kerkkore benut. Die enigste verwysing na 'n geleentheid waar hierdie kore moontlik kon opgetree het, is Potgieter se verwysing na die *Transvaal African Eisteddfod* wat in 1931 in Johannesburg gestig is. Kore vanoor die hele Witwatersrand het aan die Eisteddfod deelgegeeem Die Eisteddfod is in die vorm van 'n kunswedstryd aangebied. Deelnemers kon om pryse

meeding. Werke van Swart-komponiste, wat feitlik almal in hierdie stadium in die Verenigde State van Amerika gestudeer het, is aangebied. 'n Verdere kenmerk was die kombinering van tradisionele elemente met Westerse elemente in die melodieë. Die sangtalent van die Swartmense het 'n groot indruk op die hoorders gemaak, maar nogtans het daar weinig inisiatief van Krugersdorp uitgegaan om dit verder te bevorder.[208] Koorsang is vandag nog gewild onder Swartmense in Krugersdorp. Die Pieman's Pantrykoor[209] en die skoolkoor van die Tuta Lefa Hoërskool in Munsieville geniet wye erkenning aan die Wesrand.

7.4.3. TONEELKUNS

Toneelkuns was een van die uitstaande kultuuraktiwiteite van Krugersdorp. Krugersdorp vorm saam met Pretoria en Johannesburg die bakermat van die Suid-Afrikaanse toneel. Waar die *Volksteater* in Pretoria hoofsaaklik Afrikaanse toneel opgevoer het, en die *Johannesburg Repertory Players* hoofsaaklik Engelse dramas, was die KMDOS uniek omdat dit opvoerings in beide taalmediums aangebied het. Bekende name in die Suid-Afrikaanse toneelwêreld kan na Krugersdorp as 'n eerste leerskool verwys. Dit sluit name in soos Lydia Lindeque, Hermien Dommisse, Anna Neethling-Pohl, Jan Cronje, Kristo Pienaar, Gert van den Bergh en Ben de Koker, asook Winnifred Dashwood, Buster Harrison, Doreen Hamshaw en Leontine Sagan.[210]

Krugersdorp het, soos reeds genoem, 'n kulturele oplewing na die Eerste Wêreldoorlog beleef. Die *Wesrandse Operavereniging* het 'n groot aandeel gehad aan hierdie oplewing. Teen 1927 was die rolprentwese so gewild dat die professionele teater geen noemenswaardige rol meer gespeel het in die vermaak van die breër gemeenskap nie. Gebore uit die gemis aan die professionele teater, het W.P. (Buster) Harrison op 1 November 1928 'n aantal vooraanstaande Krugersdorpers na sy huis uitgenooi om 'n

208 A.J. Potgieter, *Die Swartes aan die Witwatersrand, 1900-1933*, pp.348-350.

209 Pieman's Pantry is 'n fabriek in Boltonia wat vleispasteie maak.

210 Raadpleeg P.J. du Toit, *Die geskiedenis van die toonaangewende amateurtoneel-verenigings in Pretoria, Johannesburg en Krugersdorp, 1927-1947* vir meer besonderhede.

"playreading circle" te stig. Die gevolg hiervan was dat die groep die *Krugersdorp Dramatic Society* gestig het met E. Gitsham as voorsitter. Op 'n openbare vergadering van 22 November 1928 is drie belangstellingsrigtings geïdentifiseer, naamlik die lees en bestudering van dramas, die opvoer van dramas en derdens die opvoer van musiekblyspele. Die doel van die vereniging was om populêre komedie aan die publiek te bied.[211]

Sedert 1929 het die vereniging na homself as die *Krugersdorp Dramatic and Operatic Club* verwys. Klubaande is gereeld aangebied om die drie belangstellingsterreine te ontwikkel. Afwisselende programme is tydens die klubaande aangebied. Dit het individuele spel, die speel van fonoplate, dans en die voorlees van dramas ingesluit. Maar dit was van die begin af duidelik dat die lede slegs in die speel van toneel belanggestel het, sodat die voorlees van dramas geleidelik afgeneem het. Namate die vereniging gegroei het, het die klubaande al hoe minder geword, omdat die repeteer van dramas heelwat tyd in beslag geneem het. Teen 1937 het die hou van klubaande heeltemal verval.[212]

Die eerste optrede van die vereniging was op 30 September 1929. By hierdie geleentheid is twee eenbedrywe, naamlik *The Area Belle* en *The Monkey's Paw* voor die pouse opgevoer en 'n bedryf uit Gilbert en Sullivan se *Trial by Jury*, na die pouse. Die aand en opvoering was 'n groot sukses. Die vereniging het £25 (vyf-en-twintig pond) van die winste tot die hospitaalfonds bygedra. Hierna het die vereniging nog verskeie konserte ten bate van liefdadigheid aangebied. Die vereniging het ook konserte aangebied op die omliggende dorpe, waar die opvoerings met dieselfde entoesiasme waardeer is.[213]

Die bestuur van die Krugersdorp Dramatic and Operatic Club het P.P. (Breytie) Breytenbach op 12 Januarie 1930 op die bestuur gekoöpteer.

---

211 P.J. du Toit, *Die geskiedenis van die toonaangewende amateurtoneel-verenigings...*, pp.100-102.

212 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer A10, *Arts and Culture*, sd. en inligtingslêer K1, *KADS*, sd. Kyk ook P.J. du Toit, *Die geskiedenis van die toonaangewende amateurtoneel-verenigings..., pp.103-104, 118 en 122.*

213 P.J. du Toit, *Die geskiedenis van die toonaangewende amateurtoneel-verenigings...*, pp.104-107.

Breytie Breytenbach is in 1904 gebore. Hy het reeds as 'n jong onderwyser belangstelling in die toneelkuns getoon, maar dit was eers in Krugersdorp waar hy die geleentheid gekry het om sy liefde vir toneel uit te leef. In Krugersdorp was hy aanvanklik onderwyser en later hoof van die Krugersdorp Tegniese Kollege. Ten tye van sy bedanking in 1952 was hy gelyktydig hoof van drie tegniese kolleges aan die Wesrand, naamlik Krugersdorp, Roodepoort en Randfontein. Hy was baie gesteld op tweetaligheid en as enigste Afrikaanssprekende op die bestuur het hy hom ernstig beywer vir die erkenning van Afrikaans. Breytenbach was 'n entoesiastiese en hardwerkende man wat as aanhanger van die politieke ideale van genl. Hertzog, hom beywer het om die Engelssprekendes en die Afrikaanssprekendes in die gemeenskap saam te snoer. Geskoei op hierdie ideaal het hy die tweetalige karakter van die Krugersdorp Municipal Dramatic and Operatic Society gevorm. Sy tweede ideaal, wat in later jare meer prominent geword het, was die saambring van amateurtoneelorganisasies in 'n nasionale organisasie en die totstandkoming van 'n staatsondersteunde toneelorganisasie.[214] Die eerste toneelstuk in Afrikaans, *Koppigheid* van B. Viljoen, met Breytenbach in die hoofrol, is in 1930 opgevoer.[215]

Sedert 1930 het die Krugersdorp Dramatic and Operatic Club finansiële probleme ondervind. Baie van die lede het versuim om hulle ledegelde te betaal. Die algemene ekonomiese depressie van die tyd het waarskynlik 'n invloed hierop gehad. Daarby het die koms van die klankrolprent met buitelandse akteurs, groot aftrek begin kry. Die vereniging het hom daarom na die Stadsraad gewend vir finansiële steun. Die Stadsraad het op 27 Julie 1931 aangekondig dat hy munisipale status aan die vereniging verleen. Krugersdorp was die eerste plaaslike owerheid wat amptelik erkenning aan amateurtoneel verleen het. Die erkenning het gepaard gegaan met 'n naamsverandering. Die klub het voortaan bekend gestaan as *The Krugersdorp Municipal Dramatic and Operatic Society* (KMDOS). Die burgemeester was voortaan die president van die vereniging, terwyl raadslede en die stadsklerk

214 P.J. du Toit, *Die geskiedenis van die toonaangewende amateurtoneel-verenigings...*, pp.106, 130 en 155-157. Kyk ook T. Hauptfleisch, *Die Breytie-boek. 'n Versameling artikels oor die Suid-Afrikaanse teater op gedra aan P.P.B. Breytenbach*, vir biografiese besonderhede oor Breytie Breytenbach.

215 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer A10, *Arts and Culture*, sd.

ex officio lede van die bestuur was. Verder het die vereniging sy selfstandigheid behou. Die konstitusie van die nuwe vereniging was in Engels sowel as Afrikaans opgestel.

Die erkenning van die stadsraad het nie net 'n gereelde subsidie aan die vereniging verseker nie, maar ook die gratis gebruik van die stadsaal vir repetisies ingesluit. Die stadsaal was ook gratis beskikbaar vir vier opvoerings per jaar. Een van hierdie opvoerings moes die vereniging gratis as "burgerlike opvoering" aanbied. Daarbenewens het die stadsraad ook £350 (driehonderd-en-vyftig pond) spandeer om die dekor van die saal op te knap.[216]

Tydens die Diamant Jubileum van Krugersdorp, het Breytenbach hom soos volg uitgespreek oor die munisipale status van die KMDOS: "...Krugersdorp het ... op al die terreine van munisipale aangeleenthede presteer, maar dit is veral deur die aanmoeding en bevordering van die kultuurbesit van die inwoners dat hierdie munisipaliteit die toon aangee, nie alleen, in die Transvaal nie, maar selfs aan die ander provinsies."[217]

Alhoewel die konstitusie van KMDOS gelyke erkenning verleen het aan Afrikaans en Engels sou dit 'n rukkie duur voordat Afrikaans sy regmatige erkenning gekry het. Dit was eers nadat Breytenbach in 1934 voorsitter van KMDOS geword het, dat opvoerings in Afrikaans, meestal eenbedrywe, gereeld 'n deel van die konserte uitgemaak het.[218] Die notules is in Engels gehou. Die eerste vollengte Afrikaanse toneelstuk wat opgevoer is, Sannie Metelerkamp se *In die dae van Van Riebeeck* en P.W.S. Schumann se *Hantie kom huistoe,* is op 15 en 17 November 1932 opgevoer. Hierdie toneelstukke was gesamentlik as wenners aangewys in die Afrikaanse afdeling van KMDOS se eerste toneelskryfkompetisie. Die wenner in die Engelse afdeling was Stella Blakemore se *Blind Birds*, wat op 14, 16 en 18 November 1932 opgevoer is. Altesaam 33 inskrywings is vir die Afrikaanse afdeling ontvang, en 37 vir die Engelse afdeling.

---

216 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer A10, *Arts and Culture*, sd. en inligtingslêer K1, *KADS*, sd. Kyk ook P.J. du Toit, *Die geskiedenis van die toonaangewende amateurtoneel-verenigings...*, pp.109-110.

217 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer A1, Voorwoord in program *Ek onthou vir mamma*, 1 Sept. 1947.

218 T. Hauptfleisch, *Die Breytie-boek...*, p.59.

Die toekenning van die gesamentlike eersteprys aan Schumann en Metelerkamp het nie die goedkeuring van die skrywer D.F. Malherbe, een van die beoordelaars, weggedra nie. Dit het veral gegaan om Schumann se *Hantie kom huistoe*. Malherbe het die toneelstuk *Wie wen?*, wat ook deur Stella Blakemore geskryf is, saam met *In die dae van Van Riebeeck* eerste geplaas. Schumann was 'n lid van KMDOS. Toe die uitslae van die kompetisie bekend gemaak word, was Metelerkamp ontevrede met die feit dat sy die eerste prys moes deel. In die hele polemiek wat op die uitslae gevolg het, blyk dit toe dat *In die dae van Van Riebeeck* 'n vertaling was van 'n bestaande stuk wat Metelerkamp oorspronklik in Engels geskryf het.[219]

Die tweede nasionale toneelskryfkompetisie wat deur KMDOS aangebied is, is met die oog op die 1938-Simboliese Ossewatrek georganiseer. 'n Prysgeld van £50 (vyftig pond) is aangebied. Die toneelstuk moes 'n tema van die Groot Trek uitbeeld. Die *Voortrekkereeufees Toneelskryfwedstryd* is in veertig koerante landwyd bekend gestel. Die Stadsraad het 'n verdere £100 (eenhonderd pond) as prysgeld aan KMDOS geskenk en £250 (tweehonderd-en-vyftig pond) spandeer aan 'n geskikte dekor en kostuums om reg aan die opvoering van die wenstukke te laat geskied. Die wenners in die Engelse afdeling was Winnifred Dashwood met *Sword of the wilderness*, wat £25 (vyf-en-twintig pond) as prysgeld ontvang het, gevolg deur *Red Lilies* van Johanna Smith £15 (vyftien pond) en *The unfinished work* van Colin Chandler £10 (tien pond). *Sword of the wilderness* het oor die lewe van die Trekleier Louis Trichardt gehandel. In die Afrikaanse afdeling is Uys Krige se eerstelingdrama, *Magdalena Retief,* as enigste wenner aangewys. *Magdalena Retief* is met Lydia Lindeque in die titelrol op 14 en 17 Desember 1938 opgevoer. Lydia Lindeque het ook die regie van die opvoering behartig. *Sword of the wilderness* is op 12 en 15 Desember 1938 opgevoer.[220]

Sedert 1933 het KMDOS skooltoneelkompetisies (foto no.71) gesteun. Die kompetisies is in twee kategorieë aangebied, naamlik vir laerskole en vir

---

219 P.J. du Toit, *Die geskiedenis van die toonaangewende amateurtoneel-verenigings...*, pp.112-115. Kyk ook T. Hauptfleisch, *Die Breytie-boek...*, p.56.

220 P.J. du Toit, *Die geskiedenis van die toonaangewende amateurtoneel-verenigings...*, p.124. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer K1, *KADS*, sd. inligtingslêer D4, *Dashwood Winifred*, sd; en inligtingslêer O2, *Ossewatrek*, 1938.

hoërskole. Opvoerings kon in Afrikaans of Engels wees. Die eerste kompetisie is gewen deur die Noordskool, wat die Afrikaanse laerskoolafdeling ingepalm het. Laerskool Robinson (Randfontein) was die wenner in die Engelse laerskoolafdeling. Die Afrikaanse- en Engelse-afdelings vir hoërskole is deur die Hoërskool Monument gewen.

In die kompetisie vir skole wat in 1944 aangebied is, het Anna Neethling-Pohl die leiding geneem. Sy het vir die eerste keer van kinders as beoordelaars gebruik gemaak. Skoletoneel het na 1947 deel gevorm van die jaarlikse kunswedstryd vir skole.[221]

Breytie Breytenbach het hom nie net daarvoor beywer om aan Afrikaans 'n meer prominente plek in die opvoerings te gee nie, maar ook om die organisasie van die vereniging op 'n gesonder grondslag te plaas. Hy het 'n register van spelers geopen en in 'n groter mate gebruik gemaak van bekende en professionele akteurs om met die afrigting van plaaslike spelers behulpsaam te wees. Die betrokkenheid van Leontine Sagan, Siegfried Mynhardt, Anna Neethling-Pohl en Hermien Dommisse het 'n merkbare verskil aan die gehalte van opvoerings gemaak. Die verskil is veral opmerklik as in aanmerking gegeeem word dat KMDOS gereeld die Afrikaanse afdeling op die Johannesburgse Kunswedstryd gewen het. Hulle het so gereeld gewen dat KMDOS later versoek is om nie meer deel te neem nie. KMDOS het ook op die latere Federasie van Amateurtoneelverenigings in Suid-Afrika (FATSA) toneelfeeste gewen. In 1945 het hulle die tweede prys met *Die Ring* onder die spelleiding van Anna Neethling-Pohl en in 1946 die eerste prys met *Kremetart* onder spelleiding van Jan Cronje gewen.[222] Hieroor het die onderburgemeester, F.W. Reitz Burger, hom soos volg uitgespreek: "Een van die aktiwiteite van Krugersdorp wat noemenswaardig is, is die

---

221 SAB, Pretoria, OKW, band UOD, verw. X8/9/128 en X8/9/134, Briefwisseling insake skole toneelfees, 1944-1947. Kyk ook P.J. du Toit, *Die geskiedenis van die toonaangewende amateurtoneel-verenigings...*, p.117. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer K1, *KADS*, sd.

222 P.J. du Toit, *Die geskiedenis van die toonaangewende amateurtoneel-verenigings...*, pp.120, 136 en 140. Kyk ook T. Hauptfleisch, *Die Breytie-boek...*, pp.55-69.

toneelkuns. Hier staan Krugersdorp onder die eerstes in die land ... 'n reputasie waarop die inwoners van Krugersdorp met reg trots kan wees".[223]

As voorsitter van KMDOS het Breytenbach hom beywer vir die vereniging van amateurtoneel in 'n nasionale organisasie. Aangespoor deur die entoesiasme wat die 1938-eeufeesvierings gekenmerk het, het hy 'n konferensie van amateurtoneel-organisasies vir 12 tot 14 Desember 1938 gereël om saam te val met die Krugersdorp-feesvierings. Slegs een Afrikaanse vereniging, naamlik Roodepoort, het die openingsbyeenkoms bygewoon, maar nie weer opgedaag nie, waarskynlik omdat die kongresgangers oorwegend Engelssprekend was. Die hoogtepunt van die konferensie was die stigting van FATSA, met Breytenbach as voorsitter. Alhoewel FATSA 'n selfstandige organisasie was, kan dit volgens Du Toit as 'n uitvloeisel van KMDOS gesien word. Met Breytenbach as voorsitter van beide organisasies was die werk van KMDOS en FATSA dikwels so ineenvervleg dat dit moeilik onderskeibaar is: "Die rol wat Krugersdorp in die Suid-Afrikaanse toneelgeskiedenis gespeel het, word bepaal deur die rol wat P.P. Breytenbach daarin gespeel het. Krugersdorp amateurtoneel was die prototipe waarop die latere Nasionale Toneelorganisasie (NTO) en die Uitvoerende Kunsterade geskoei is," aldus Du Toit.[224]

Die KMDOS het by verskeie geleenthede konserte te bate van liefdadigheid of vir spesiale geleenthde aangebied. Slegs enkele van hierdie konserte word uitgesonder. Die verskeidenheidskonsert wat in 1934 ten bate van die munisipaliteit se nuwe elektrisiteitskema aangebied is, het die vereniging se verbintenis met die munisipaliteit bevestig. Die konsert was 'n groot sukses. Die opvoering van J.A. Vogel se *Paardekraal-Krugersdorp* in 1937 het deel gevorm van Krugersdorp se halfeeufeesvieringe. Die toneelstuk het uit sewe tafarele met voorstellings uit die geskiedenis van Krugersdorp, bestaan. In 1939 het KMDOS deelgeneem aan die Afrikaner-kultuurfees met die

---

223 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer A1, *Voorwoord* in program *Ek onthou vir mamma,* 1 Sept. 1947.

224 P.J. du Toit, *Die geskiedenis van die toonaangewende amateurtoneel-verenigings...*, pp.120, 127 en 147. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer A1, *Aandeel van Krugersdorp in Tweede Vryheidsoorlog*, sd.; inligtingslêer A10, *Arts and Culture*, sd. & inligtingslêer K1, *KADS*, sd.

opvoering van H.A. Fagan se *Lenie*. Tydens die Tweede Wêreldoorlog is verskeie opvoerings ten bate van die "oorlogsfonds" aangebied.[225]

Die vereniging het nie veel aandag aan opera gegee nie as gevolg van 'n gebrek aan 'n geskikte teater vir opera-aanbiedings. KMDOS het daarom in 1939 sy huishoudelike reëls verander om ook vir die ontwikkeling van 'n kleinteater voorsiening te maak.[226] Hierdie ideaal is in 1987 bereik met die ingebruikneming van die Eeufeessaal, maar teen hierdie tyd het die belangstelling in die toneelkuns drasties afgeneem.[227]

Die Tweede Wêreldoorlog het in meer as een opsig 'n invloed op KMDOS uitgeoefen. Aanvanklik het die vereniging onder ernstige kritiek deurgeloop omdat sy lede nie by die oorlogsmagte aangesluit het nie. Later moes die uitvoerings drasties afgeskaal word as gevolg van die exodus van lede na die oorlog. Die vereniging was ook verplig om sy bestuur te verklein, sodat slegs drie persone 'n kworum vir vergaderings gevorm het. Maar die grootste invloed van die oorlog op KMDOS was die veranderde lewensbeskouing en afname in belangstelling van die publiek. Mense het nie meer in amateurtoneel belanggestel nie, maar in die klankrolprente waarin internasionale sterre opgetree het. Alhoewel KMDOS op die FATSA-toneelfeeste gepresteer het met spel van hoogstaande gehalte, was plaaslike optredes beperk tot die aanbieding van 'n toneelfees in 1945 en die Krugersdorp Diamant Jubileumkonsert in 1947. Middagvertonings is tydens beide hierdie geleenthede aan skoliere aangebied. Drie gaskunstenaars is betrek in die opvoering van *Ek onthou vir mamma*, naamlik Aletta Gericke en Suzanne van Wyk as regiseuse en Anna Neethling-Pohl as hoofspeelster.[228]

---

225 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer K1, Programme van opvoerings, 1927-1947.

226 SAB, Pretoria, OKW, band UOD, verw. X8/43/17/8, Briefwisseling insake subsidie vir kleinteater, Krugersdorp, 1945-1951.

227 P.J. du Toit, *Die geskiedenis van die toonaangewende amateurtoneel-verenigings...*, pp.131 en 142.

228 P.J. du Toit, *Die geskiedenis van die toonaangewende amateurtoneel-verenigings...*, pp.133-134, 138-142. Kyk ook Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer K1, Program *Ek onthou vir mamma*, 1. Sept. 1947.

Met KMDOS se mondigwording in 1949, kon die vereniging terugkyk op 21 jaar se toneelkuns waarin verskeie hoogtepunte en "eerstes" in die Suid-Afrikaanse toneelgeskiedenis, bereik is.

- KMDOS is die eerste amateurtoneelvereniging in Suid-Afrika wat munisipale status verkry het.
- Die toneelskryfwedstryde is deurbrake in die belang van drama, wat veral die Afrikaanse drama bevorder het.
- KMDOS het die voortou in die reël van skole toneelfeeste geneem en jongmense van die toneelkuns bewus gemaak.
- KMDOS het al die fasette van die uitvoerende kunste by sy programme ingesluit en het hiermee die grondslag gelê vir die Nasionale Toneelorganisasie (NTO) en latere Uitvoerende Kunsterade.
- KMDOS het nie sy tweetalige karakter prysgegee nie, alhoewel Afrikaans nie altyd sy regmatige deel gekry het nie.
- KMDOS het die leiding geneem om amateurtoneelverenigings in FATSA saam te snoer.

Aan die negatiewe kant is dit ook waar dat nie al KMDOS se opvoerings van hoogstaande gehalte was nie. Kritiek teen optredes is wel aangeteken. Daarby was die bestuur nie altyd kieskeurig genoeg in die keuse van toneelstukke nie, sodat die literêre waarde van party stukke soms baie laag was.[229]

Amateurtoneel het die toneelbedryf in Suid-Afrika lewendig gehou in 'n tydperk toe die beroepsteater as gevolg van ekonomiese druk, op die agtergrond gedwing is. P.P. Breytenbach het reeds sedert die stigting van FATSA die ideaal om Suid-Afrikaanse toneel in een staatserkende organisasie saam te snoer, op die jaarlikse kongresse van FATSA gepropageer. Hy het ook met die Reddingsdaadbond onder leiding van W.E.G. Louw, onderhandel met die oog op die verkryging van staatserkenning. Die Reddingsdaadbond, 'n uitvloeisel van die 1938-Simboliese Ossewatrek, het tot stand gekom om die Afrikaner op ekonomiese en maatskaplike gebied by

229 P.J. du Toit, *Die geskiedenis van die toonaangewende amateurtoneel-verenigings...*, pp.144-147.

te staan. Die Reddingsdaadbond het die Afrikaanse toneel gesien as die middel waardeur die Afrikaner weer eie waardes kon aanleer.[230] Volgens O'Meara[231] het die Reddingsdaadbond op drie terreine gepoog om die Afrikaner op te hef, naamlik die transformasie van nasionale ekonomiese aangeleenthede; die mobilisering van Afrikaner-kapitaal en -koopkrag en die bewusmaking van Afrikaner-nasionalisme. Die Reddingsdaadbond het veral ten opsigte van laasgenoemde terrein sukses behaal, wat Breytenbach se toenadering tot die Reddeingsdaadbond in die verkryging van staatserkenning verklaar.

Die NTO is op 21 Junie 1947 op 'n FATSA konferensie gestig, met P.P. Breytenbach as die eerste president. Die eerste NTO-kantoor was aan huis van Breytenbach totdat dit na Carey se gebou in Monumentstraat verskuif is. Met die hulp van staatsubsidies[232] het Breytenbach die NTO op nasionale vlak gevestig. Die totstandkoming van die NTO het 'n einde gebring aan die era van amateurtoneel en die beroepsteater weer op die voorgrond geplaas. Breytenbach is in 1952 as eerste voltydse direkteur van die NTO aangestel, wat beteken het dat hy na Pretoria verhuis het.[233]

Die vertrek van Breytenbach het 'n groot leemte in KMDOS gelaat en die gevoel van samehorigheid tussen die Afrikaans- en Engelssprekende lede verbreek. Dit het tot 'n breuk in 1954 gelei. Die Afrikaanssprekende groep het weggebreek en die *Krugersdorp Amateur Toneelorganisasie* (KATO) gestig onder die voorsitterskap van Jan Cronje. Die ander bestuurslede was Kristo Pienaar (sekretaris), Ben van Rensburg, N.W.A. Loubser en Enone van Niekerk. Die Engelssprekende groep het in 1956 besluit om hulle naam te verander na *Krugersdorp Amateur Dramatic Society* (KADS). Nie een van die twee verenigings het besondere hoogtes bereik nie. Sonder die inspirasie van Breytie Breytenbach het die bloeitydperk van amateurtoneel in

230 P.J. du Toit, *Die geskiedenis van die toonaangewende amateurtoneel-verenigings...*, pp.146-150. Kyk ook T. Hauptfleisch, *Die Breytie-boek...*, pp.61-64.

231 D. O'Meara, *Volkskapitalisme: Class, capital and ideology in the development of Afrikaner nationalism, 1934-1948*, pp.137,142.

232 SAB, Pretoria, OKW, band UOD, verw. X8/7/77 en X8/6/71/2, Briefwisseling insake subsidies, 1946-1955.

233 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer K1, *Verslag oor NTO*. Kyk ook P.J. du Toit, *Die geskiedenis van die toonaangewende amateurtoneel-verenigings...*, pp.148-157 en T. Hauptfleisch, *Die Breytie-boek...*, pp.65-69.

Krugersdorp ten einde geloop. Daarby het dieselfde faktore wat tot die wegkwyn van die West Rand Symphonic Orchestra gelei het, ook vir die toneelkuns gegeld.[234]

'n Geringe oplewing in die toneelkuns is in die sestigerjare ondervind met die totstandkoming van 'n Joodse toneelgroep, *The Kadimah Players*, onder leiding van Winsome Danker. Die optredes van hierdie groep was sporadies. Die programme het van sy eerste konsert onder die titel *The happiest days of your life* in 1960, gekonsentreer op verskeidenheid eerder as om vollengte dramas op te voer.[235] Dat die toneelkuns in die sestigerjare swaar geleef het, word afgelei uit 'n berig in *Krugersdorp Nuus* waarin KADS 'n beroep doen op spelers om by die vereniging aan te sluit, sodat KADS aan die Roodepoort Toneelfees kon deelneem.[236] Geen melding word in verdere berigte gemaak of KADS toe wel aan die Toneelfees deelgeneem het nie.

In 1985 het Shirley Holmes leiding geneem in 'n poging om KADS te reorganiseer. Die oplewing was van korte duur. Na die optrede in 1987 vir die eeufeesviering, het die belangstelling in die toneelkuns weer afgeneem.[237]

Soos wat die geval is met die West Rand Symphonic Orchestra, het KMDOS weinig of geen aandag gegee aan die Indiër- en Swartgemeenskappe van Krugersdorp. Daar was geen ruimte vir Nie-Blankes om by die opvoerings betrek te word nie. Blankes het die rolle van Nie-Blankes in die toneelstukke vertolk. Alhoewel 'n *Bantu Dramatic Society* in Johannesburg bestaan het, kon geen rekords opgespoor word van plaaslike groepe wat daaraan behoort het, of deelgeneem het nie.[238]

7.4.4 KUNSWEDSTRYDE

Kunswedstryde het aan plaaslike kunstenaars met talent die geleentheid gegee om op 'n openbare verhoog op te tree waar hulle andersins nie die geleentheid daartoe sou gehad het nie. Die *Wesrandse Afrikaanse*

---

234 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer K1, *KADS*, sd.
235 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer D1, *Winsome Danker*, sd.
236 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Krugersdorp Nuus*, 5 Febr. 1965, p.4.
237 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer B30, P.R. Block, *We are the music makers*.
238 A.J. Potgieter, *Die Swartes aan die Witwatersrand...*, pp.350-351.

Kunsvereniging (WAKV) is in 1941 gestig. Die stigting van die WAKV moet gesien word in die lig van die gevoel van algemene Afrikaner-nasionalisme wat op die 1938 Simboliese Ossewatrek gevolg het. Die stigters van die vereniging was almal onderwysers wat in die kunsvereniging die geleentheid gesien het om die Afrikaanse taal en kultuur onder die jeug te bevorder. Dat die optrede van die onderwysers die steun van die Transvaalse Onderwysersvereniging (TO) geniet het, kan afgelei word uit die pryswoorde van die TO-voorsitter in die feesprogram van die Wesrandse Afrikaanse Kunsvereniging in 1966.[239] Die kunsvereniging het ook die steun van die Departement van Onderwys geniet. Subsidies is aan die kunsvereniging oorbetaal vir die aanbied van kunswedstryde.[240] Kapp beklemtoon die oorheersende rol van die kerk en onderwys in die vorming en opvoedingstaak in die Afrikaner-kultuurstrewe: "Waar 'n Afrikaanse gemeente of skool gestig is, het 'n kultuursentrum tot stand gekom." Leierskap in die Afrikaner se kultuur- en volkslewe was hoofsaaklik afkomstig uit die geledere van predikante, onderwysers en boere wat op 'n sterk beginselbenadering die behoudende Christelike norme en waardes in die kultuurlewe ingedra het en daaraan 'n verhewe idealistiese karakter gegee het.[241] Volgens O'Meara het die Afrikaanse Broederbond (AB) uit 'n klein groepie "geheime" Afrikaners bestaan wat aktief tot alle sfere van die samelewing toegetree het en 'n nuwe definisie aan Afrikaner-nasionalisme verleen het. Ondersteuners van die Nasionale Party, predikante van veral die Nederduitsch of Gereformeerde Kerk (NG Kerk), onderwysers, prokureurs en staatsamptenare het dominant gefigureer in Afrikaner-kultuuraktiwiteite.[242]

Die WAKV het op 12 November 1941 beslag gekry op 'n vergadering van die plaaslike tak van die Transvaalse Onderwysersvereniging. Die eerste bestuur van die verening het bestaan uit G.P. Pretorius (voorsitter), D.S. Lessing, S.C. Hattingh, M.J. Gregory en mej. E.M. Hattingh. Vanaf sy stigting het die vereniging ook die dorpe Randfontein en Roodepoort by die

---

239 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer W21, Feesprogram Kunswedstryd 1966, *Voorwoord, K. Schieke*, p.4, *Voorwoord, G.J. Potgieter*, p.3.

240 SAB, Pretoria, OKW, band UOD, verw. X8/8/227, Briefwisseling WRKV-NAROB, 1947-1955.

241 P.H. Kapp, "Afrikaanse kultuurverenigings as kultuurverskynsel", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuur en Kunsgeskiedenis*, Vol.6, No.2,Apr. 1992, pp.69,71.

242 D. O'Meara, *Volkskapitalisme*..., pp.40,51.

kunswedstryde betrek. Deelname aan die kunswedstryde was in die eerste 25 jaar beperk tot skoliere. Slegs items in Afrikaans is op die programme voorsien. Afrigting van deelnemers was die verantwoordelikheid van onderwysers.[243]

In die beginjare het die WAKV se kunswedstryde oor veertien dae gestrek. Die kunskonserte was van 'n hoë gehalte. Leerlinge kon in die volgende afdelings volgens ouderdomsgroepe meeding: Voordrag, Drama, Musiek (instrumentaal en vokaal), Kunsnaaldwerk, "Voortrekkerwerk", Hout- en Metaalwerk, Kunsvlyt, Volkspele, Huisvlyt en Liggaamlike oefeninge. Die wye verskeidenheid afdelings is in 1945 deur die voorsitter van die Wesrandse Skoolraad aangeprys vir die waardevolle bydrae wat dit gemaak het om kultuurwerk in skole aan te vul. Die Stadsraad het die kunswedstryd in 1945, waarvoor 2550 inskrywings ontvang is, finansieel gesteun. Die leerlinge het veral in die drama-afdeling puik spel gelewer. Dit verwys na die sukses wat KMDOS gehad het met hulle skoletoneelfeeste en die bewusmaking van die toneelkuns onder die jeug.[244]

Die WAKV het 'n besondere standaard gehandhaaf. Sedert die stigting het die vereniging jaarliks gebruik gemaak van beoordelaars wat reeds erkenning verkry het vir die werk waarin hulle 'n oordeel moes uitspreek. Die pryswennerskonserte aan die einde van elke kunswedstryd het ook wye belangstelling en waardering geniet. In 1945 is die pryswennerskonsert ook deur die SAUK uitgesaai.[245]

Kunswedstryde is sedert die stigting van die vereniging jaarliks aangebied, maar sedert 1969 het die aantal inskrywings skerp gedaal. In die jaarverslag van 1971, het die voorsitter sy kommer uitgespreek hieroor uit en versoek dat die vereniging oorweging daaraan moes skenk om die kunswedstryde elke tweede jaar aan te bied. Die volgende statistiek toon die afname in inskrywings:

---

243 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer W21, *West Rand Festival of Art*, sd.

244 Gauteng Provinsiale Museumdiens, Pretoria, TOD versameling, Plakboek *Morester Juniorskool*, 1934-1947.

245 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer W21, *Feesprogram Kunswedstryd 1966*, pp.5,6.

WESRANDSE AFRIKAANSE KUNSVERENIGING		
Afdeling	**1969**	**1971**
Voordrag	715	684
Musiek: Vokaal	345	357
Musiek: Instrumentaal	226	76
Totale inskrywings	**1286**	**1117**

Figuur 47

Dit is duidelik dat die afdelings vir drama, kunsnaaldwerk, kunsvlyt, huisvlyt, liggaamlike oefeninge, hout- en metaalwerk en volkspele teen hierdie tyd nie meer deel van die program uitgemaak het nie. Dit kan toegeskryf word aan 'n klemverskuiwing ten gunste van die skoner kunste binne die WAKV.[246]

Die afname aan deelnemers kan waarskynlik toegeskryf word aan die stigting van die *West Rand Festival of Arts* (WRFA) in die vroeë sestigerjare. Die WRFA het ontstaan in kompetisie met die WAKV, wat optredes slegs in Afrikaans voorsien het. Engelssprekende kinders wat aan die kunswedstryde wou deelneem, moes dit in Afrikaans doen. Die WRFA het nou aan hulle die geleentheid gegee om ook in Engels op te tree. Die WRFA het egter van die WAKV verskil in die sin dat dit ook vir optredes deur volwassenes voorsiening gemaak het. Dit het ook voorsiening gemaak vir 'n dansafdeling. Dansers kon meeding in ballet, tradisionele Skotse danse, Spaanse danse en moderne ballet. 'n Verdere verskil tussen die twee verenigings is dat die WRFA bestuur is deur vrywillige kultuur- en gemeenskapsleiers. 'n Plaaslike sakeman, Sol Davids, was byvoorbeeld vir 25 jaar die voorsitter.[247]

Die WRFA het ook deelname van Nie-Blankes aan die kunswedstryde toegelaat. Die Konserwatiewe Party-beheerde Stadsraad het byvoorbeeld in 1989 die gebruik van die Eeufees- en Stadsaal aan die WRFA geweier op grond daarvan dat Nie-Blankes aan die kompetisies in die sale sou deelneem.

---

246 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer W21, *Voorsittersverslag*, 1971.

247 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer W21, *West Rand Festival of Arts*, sd.

Die Stadsraad was as gevolg van druk uit die gemeenskap verplig om sy besluit aan die einde van die jaar te hersien: "...omdat die fees 'n groot kulturele geleentheid vir Krugersdorp is". In effek het die besluit van die Stadsraad beteken dat 10% Nie-Blankes by funksies in sale van die Raad toegelaat sou word op voorwaarde dat die goedkeuring van die Raad vooraf verkry word.[248]

Die besluit van die Stadsraad het 'n ernstige invloed gehad op die 1989 kunswedstryd. Die West Rand Festival of Arts was vir baie jare 'n prestige byeenkoms vir Krugersdorp. Die optrede van deelnemers en beoordelaars het die handhawing van hoë standaarde sedert die ontstaan van die vereniging verseker. Reeds in 1988 het die Stadsraad se besluit om nie die Eeufeessaal vir die drie dae van die kunswedstryd beskikbaar te stel nie, die vereniging negatief teenoor die Stadsraad beïnvloed. Ernstige oorweging is in hierdie stadium daaraan gegee om die kunswedstryd na Roodepoort te verskuif. Die besluit van die Stadsraad in 1989 was daarom 'n retrogressiewe stap wat daartoe gelei het dat die dans- en musiekgroepe hulle van die kunswedstryd onttrek het. Die spraak- en drama-afdelings is gevolglik verplig om ook hulle deelname te kanselleer, want "die prys was te duur".[249]

Alhoewel die WRFA deelname van Nie-Blankes aan die kunswedstryde toegelaat het, was hulle deelname beperk. Die rede hiervoor kan wees dat hulle nie doelbewus aangemoedig is om deel te neem nie. Daarby is die periode sedert die stigting van die WRFA gekenmerk deur die voorkoms van skoolboikotte en studente-onluste, wat veral die Swartskole ontwrig het. Dit is onwaarskynlik dat daar groot ondersteuning in hierdie tyd uit die geledere van die Swartgemeenskap sou wees. Die polemiek van 1989 het veral betrekking gehad op Swart-deelname aan die dansafdeling. Dans as kultuurvorm is besonder gewild by die Swartmense en dit is bekend dat verskeie skole in Kagiso *Ballroom dancing* as buitemuurse aktiwiteit aangebied het.

---

248 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, *Die Vaderland-Wesrander,* 23 Nov. 1989, *Krugersdorp News*, 3 Nov. 1989.

249 Biblioteek, Krugersdorp, Africanaversameling, inligtingslêer W21, *West Rand Festival of Arts*, sd.

Die West Rand Festival of Arts is vandag die leidende kunswedstryd in Krugersdorp en die Wesrand. Dit bied kompetisies in sowel Afrikaans as in Engels.

7.5. SLOTOPMERKING

Krugersdorp het 'n kleurvolle geskiedenis waarin die uitvoerende kunste 'n belangrike rol gespeel het. Lewendige uitvoerings is sedert die tweede helfte van die veertiger jare toenemend deur die rolprent verdring. Hierdie rol is vandag grotendeels deur die televisie oorgeneem. Dit raak die amateur sowel as die professionele kunstenaar. Die uitvoerende kunste word vandag in sommige kringe as "hoogkultuur" geetiketteer omdat dit deur 'n klein groepie van die samelewing ondersteun word vanweë die koste verbonde aan uitvoerings. In die gees van die heropbou- en ontwikkelingsplan van die nasionale regering is dit nodig dat Krugersdorp kyk na maniere waarop hy amateuroptredes kan stimuleer en bevorder.

Die stigting van die NTO het die einde van amateurtoneel in Suid-Afrika beteken en die toneelkuns teruggeplaas in die hande van die beroepsakteur. Alhoewel dit as 'n groot oorwinning vir die teater beskou kan word, was amateurtoneel vir meer as 25 jaar die fokuspunt van Krugersdorp se kultuuraktiwiteite. Die toneelkuns het die gemeenskap saamgebind, ongeag taal en politieke verskille. Die stigting van die NTO kan as 'n bydraende oorsaak gesien word vir die breuk wat tussen die Afrikaans- en Engelssprekende toneelgroepe gekom het. Waar 'n verenigde amateurtoneel in Krugersdorp nog 'n kans gestaan het om te oorleef na die vertrek van P.P. Breytenbach, het die breuk eerder bygedra tot die wegkwyning van beide groepe.

Die latere stigting van die Streekrade vir Uitvoerende Kunste, byvoorbeeld Transvaalse Raad vir Uitvoerende Kunste (TRUK), het die uitvoerende kunste verdeel in professionele kunstenaars en toeskouers. Laasgenoemde is as gevolg van die kostes verbonde aan die bywoning van opvoerings geetiketteer as "Blanke elite". Die enigste wyse waarop die breër publiek aan die uitvoerende kunste kan deelneem, is as toeskouer. Die sentralisering van die Streekrade in die groot sentra van die land, het die uitvoerende kunste vir

'n groot deel van die bevolking ontoeganklik gemaak, ten spyte daarvan dat die Streekrade met sommige opvoerings "op toer" na die platteland gegaan het. Laasgenoemde het as gevolg van die kostes aan so 'n toer, drasties in die negentigerjare begin opdroog.

Krugersdorp is direk as Wesrandse kultuursentrum geraak deur die sentralisering van die uitvoerende kunste. Die gereelde uitvoerings van die KMDOS die WSO het Krugersdorp as 'n kultuursentrum aan die Wesrand gevestig. Die verlies aan hierdie status het die dorp kultuurarm gelaat. Krugersdorp het as gevolg van verdeeldheid in eie geledere en 'n gebrek aan belangstelling en ondersteuning aan die kant van die publiek, sy status as kultuursentrum afgestaan aan Pretoria en Johannesburg en in 'n mindere mate, aan Roodepoort. Die Eeufeessaal in Krugersdorp voldoen aan die behoefte om as 'n veeldoelige sentrum vir die kunste aan die Wesrand gebruik te word. Krugersdorp kan weer as sentrum vir die uitvoerende kunste aan die Wesrand herlewe as die Eeufeessaal ten volle benut word. In hierdie opsig dra die Stadsraad van Krugersdorp en die gemeenskap gesamentlik die verantwoordelikheid om die uitvoerende kunste weer na Krugersdorp terug te bring.

Die sosiale en kulturele lewe van Krugersdorp het teen 1993 die kosmopolitiese karakter van sy bevolkingsamestelling gedra Die Britse oorheersing het die Engelse taal, kultuur en lewensbeskouïng in Krugersdorp neerslag laat vind. Die proses van verstedeliking het noodwendig 'n andersoortige ontwikkeling en maatskaplike ordening onder sowel Blankes as Nie-Blanke inwoners tot gevolg gehad. Blanke gemeenskappe het meer geleenthede gehad om op 'n georganiseerde wyse uiting te gee aan hulle sosio-kulturele lewe. Die reg tot vrye assosiasie en kultuurbeoefening van Nie-Blanke inwoners is deur die politiek van die dag getemper. In 'n sekere mate, byvoorbeeld die myndanskompetisies, het die Blanke die kultuur van die Nie-Blanke gemeenskappe beheer. Die gebrek aan behoorlike infrastrukture en fasiliteite vir kultuurbeoefening in die Swartwoongebiede

skep leemtes in die bevordering van kultuurontwikkeling wat in hierdie gemeenskappe deur die Krugersdorp Stadsraad aangespreek moes word.[250]

Die Afrikaner se kultuurbewustheid is lewendig gehou deur middel van volksfeeste en tradisies. Die meerderheid Afrikaners het hulle histories, en as gevolg van ekonomiese redes in Burgershoop en Wes-Krugersdorp gevestig. Die bydrae wat volksfeeste gemaak het tot die behoudende konserwatiewe karakter van hierdie gemeenskappe kan teruggevoer word na hulle groter kultuurbetrokkenheid in die verlede, ook op die gebied van kulturele verenigingslewe.

Die Krugersdorp Stadsraad het oor 'n wye terrein 'n finansiële bydrae tot die sosiaal-kulturele ontwikkeling van Krugersdorp gemaak, as die subsidiëring van die Town Band as voorbeeld geneem word. Die Krugersdorp Munisipaliteit was ook betrokke by die skepping van infrastruktuur en dienslewering by die Paardekraal-volksfeeste en ander kultuurbyeenkomste. Die grootste betrokkenheid van die Stadsraad by die sosiaal-kulturele ontwikkeling van Krugersdorp was die koppeling van munisipale status aan die KMDOS. As bestuurslede het raadslede 'n direkte invloed namens die Stadsraad uitgeoefen op die programme en aktiwiteite van KMDOS. Hierdie betrokkenheid was nie standhoudend nie. Daar kan net bespiegel word oor watter invloed die afwesigheid van die munisipale ondersteuning op die aktiwiteite en voortbestaan van KMDOS en latere kultuurorganisasie gehad het. Volgens Meiring[251] het Plaaslike Owerhede die verantwoordelikheid om kultuurdienste aan inwoners van die munisipale gebied te lewer. Hierdie dienste moet gerig wees op die geestelike welsyn en verryking van die inwoners. Met kultuurdienste word bedoel die oprigting en instandhouding van fasiliteite soos kultuursentrums, museums, kunsgalerye, teaters, gemeenskapsale en die bewaring van ou geboue. Gemeet aan Meiring se definiëring van kultuurdienste is dit duidelik dat die betrokkenheid en bydrae van die Krugersdorp Munisipaliteit en Stadsraad in die sosiaal-kulturele ontwikkeling van Krugersdorp in sekere opsigte tekort geskiet het. Dit het

250 Kyk Stadsraad, Krugersdorp, *Urban structure plan for the Greater Krugersdorp*, Vol.1, Jul. 1996, p.118.

251 M.H. Meiring, Persepsies oor munisipale dienslewering (Geleentheidspublikasie no.11, Instituut vir Beplanningsnavorsing, UPE, Sept 1988), p.29.

groter betrekking op die sosiaal-kulturele ontwikkeling van die Swart-, Indiër- en Bruingemeenskappe, wat byna nie gefigureer het in die bespreking van die sosiaal-kulturele ontwikkeling van Krugersdorp nie as gevolg van 'n gebrek aan geleenthede, ondersteuning en fasiliteite. Dit het ook aan inisiatiewe aan die kant van die Nie-Blanke gemeenskappe ontbreek omdat die meerderheid van hulle in 'n ekonomiese oorlewingstryd in die stad gewikkel was.

Die nuwe politieke bedeling het in 1993 die speelveld gelyk gemaak vir alle kultuurgemeenskappe en bevolkingsgroepe in Suid-Afrika. Die reg van vrye assosiasie en kultuurbeoefening van eie keuse word aan die individu gewaarborg in die Grondwet van Suid-Afrika, Wet 108 van 1996. Die kulturele erfenis van 'n land bepaal die identiteit en geestelike welstand van 'n volk. Die rol wat kuns en kultuur in die heropbou en ontwikkeling van 'n nasionale bewussyn en kultuuridentiteit kan speel, word deur die Regering erken. Nuwe wetgewing waarin Plaaslike Owerhede 'n groter behoudende rol in die bewaring van sy kulturele erfenis sal speel, is onder bespreking. Promulgering van hierdie wetgewing sal kultuurbewaring en kultuurbeoefening meer toeganklik maak vir alle individue.[252]

252 Verwys na die *Draft National Hertige Bill*, 3 Mrt. 1997.